HA 10
KOTZ

# DIE RUNDERPES IN DIE TRANSVAAL EN DIE ONMIDDELLIKE GEVOLGE DAARVAN, 1896 - 1899

deur

JOACHIM PAULUS KOTZé

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER IN DIE LETTERE EN WYSBEGEERTE

in

GESKIEDENIS

in die

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

aan die

RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

DIENS DEUR KENNIS
145399/4/1/
BIBLIOTEEK
rau

Studieleier: Prof. E.L.P. Stals

Oktober 1974.

# I N H O U D S O P G A W E

## DIE RUNDERPES IN DIE TRANSVAAL EN DIE ONMIDDELLIKE GEVOLGE DAARVAN, 1896 - 1899


Bls.

VOORWOORD.................................. i

INLEIDING.................................. 1

I. DIE AARD EN HERKOMS VAN RUNDERPES ......... 3

1. Die Aard van Runderpes ................. 3

a. Die Naam "Runderpes" ................. 3

b. Algemene kenmerke van die siekte .... 4

(i) Besmetlikheid van die siekte..... 5
(ii) Uitwendige simptome ............. 10
(iii) Inwendige verskynsels ........... 13
(iv) Fataliteit van die siekte ....... 15

2. Herkoms van die siekte ................. 16

a. Runderpes in Europa en Asië ......... 16

b. Binnekoms in Afrika ................. 20

c. Runderpes in Rhodesië en Betsjoeanaland 22

II. VERSPREIDING IN TRANSVAAL................. 28

1. Binnekoms .............................. 28

2. Verspreiding deur die verskillende dis= trikte ....... 37

a. Die Verspreiding deur die distrikte Marico, Rustenburg, Waterberg en Jo= hannesburg tot die einde van Junie 1896 37

b. Die Verspreiding van Runderpes tot die einde van Julie 1896 .......... 48

c. Besmetting van die distrikte Potchef= stroom, Soutpansberg, Wolmaransstad en Christiana en verdere verspreiding in die distrik Rustenburg. Sukses in die distrikte Lydenburg en Middelburg 50

Bls.


d. Besmetting van die distrikte Pretoria, Klerksdorp, Standerton en Krugersdorp - die toestand teen die einde van 1896 .. 57

e. Verspreiding tot Augustus 1897 ........ 63

3. Faktore wat die verspreiding van runder=pes aangehelp het ........................ 69

III. DIE BESTRYDING VAN DIE SIEKTE .............. 79

1. Runderpeskommissies ...................... 81

2. Afmaak van vee ........................... 85

3. Die Afkamping van Runderpes ............. 89

4. Die aanwending van medisyne ............. 95

5. Verskillende metodes van inenting ....... 98

a. Die Oosthuizenmetode.................. 98

b. Die Waterbergmetode ................... 102

c. Die Kochmetode ........................ 105

d. Inenting met bloed volgens die metode deur A. Theiler, J. Danysz en T. Bordet ontwikkel ........................... 117

IV. HULP DEUR DIE REGERING EN ANDER INSTANSIES 139

1. Voedsel ............................... 139

2. Trekdiere ............................. 143

3. Armburgerfonds ........................ 154

4. Werkverskaffing ....................... 158

5. Spoorwegontwikkeling .................. 168

6. Ander hulp deur die regering .......... 175

7. Hulp deur ander instansies ............ 178


UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Bls.


V. DIE INVLOED VAN RUNDERPES OP DIE BANTOE=BEVOLKING VAN TRANSVAAL .................... 182

VI. EKONOMIESE GEVOLGE VAN DIE RUNDERPES ....... 190

1. Ekonomiese posisie van die Afrikaner in Transvaal ......................... 190

2. Ekonomiese toestande in Transvaal ....... 194

3. Hoe die Transvaalse boer deur runderpes getref is ............................ 203

4. Die invloed van runderpes op die tran=sportryers ............................ 209

5. Omvang van die verliese gely ............ 213

6. Uitvoer en invoer ....................... 215

VII. MAATSKAPLIKE GEVOLGE ...................... 220

1. Verarming ............................... 221

2. Verstedeliking .......................... 238

BRONNELYS ...................................... 247

KAARTE

1. Die Verspreiding van Runderpes langs die suidwestelike, westelike en noordelike grense van Transvaal, April 1896 ........ 25

2. Verspreiding van Runderpes deur Transvaal, 1896 - 1897 ............................ 38

FOTO

Dr. A. Theiler (1867 - 1936), wat 'n belangrike rol in die bestryding van runderpes gespeel het ........................................ iv


UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

## VOORWOORD

Die doel van hierdie studie was om die omvang van die runderpesepidemie wat die Transvaal gedurende 1896 getref het, te bepaal. Verder is daar ingegaan op die bekamping van die siekte en die hulp wat deur die rege= ring aan die boere verleen is. Daar is ook gepoog om die belangrike ekonomiese en maatskaplike gevolge daar= van te bepaal.

In vorige werke is daar weinig aandag aan hierdie on= derwerp gegee, alhoewel baie outeurs rakelings na die runderpes as veral verarmende faktor ten opsigte van die Transvaalse boere verwys. Tog het skrywers soos A.N. Pelzer in sy "Die Armblanke in die Suid-Afrikaanse Republiek. tussen die jare 1882 - 1899" (Historiese Studies, Jg.2, 1941) en P. Naudé in sy ongepubliseerde D. Litt. proefskrif "Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858 - 1899" waardevolle inligting in hier= die verband gegee.

Die feit dat die Transvaalse owerhede feitlik alle dokumente in verband met die runderpes saam gegroepeer het, het my studie baie vergemaklik. Hierdie dokumente is vandag in die Argief van die Staatsekretaris van die Suid-Afrikaanse Republiek in die Transvaalse Argief= bewaarplek, Pretoria, bymekaar ingebind. Wat die aard van die siekte self betref, is daar baie stof in destydse landboutydskrifte soos die Kaapse "Agricultural

Journal" en die Switserse "Schweizer-Archiv für Tier=heilkunde" te vinde. M.W. Henning in sy "Animal Diseases in South Africa, II," gee ook 'n noukeurige bespreking van die aard van die siekte.

In kontemporêre bronne word daar slegs terloopse ver=wysings na die verwoestingswerk van die runderpes gemaak, moontlik omdat die skrywers nie self intens by die boerdery belang gehad het nie. Ook in die argiewe van die verskillende landdroste is daar weinig oor runder=pes en sy gevolge te vinde, omdat alle dokumente wat met die siekte verband hou, na die Argief van die Staatsekretaris, oorgeplaas is. In die argiewe van die drie Afrikaanse Kerke is daar eweneens geen verwy=sing na die omvang van die verarming wat die runderpes tot gevolg gehad het nie en ook nie 'n aanduiding van hulp wat in hierdie verband deur die Kerke verleen is nie.

Ten slotte 'n woord van bedanking aan prof. dr. E.L.P. Stals vir sy leiding met my navorsing en die skryf van hierdie verhandeling.

Ook wil ek die personeel van die Transvaalse Staats=argiefbewaarplek, Pretoria, bedank vir hulle hulp en vriendelikheid gedurende die maande van navorsing. Ook 'n bedankingswoord aan die personele van die volgende biblioteke en argiewe: Transvaalse Onderwysbiblioteek=diens, Pretoria Staatsbiblioteek, Pretoria, Merensky-biblioteek, Universiteit van Pretoria. Argief van die

Ned. Geref. Kerk, Pretoria. Argief van die Gereformeerde Kerk, Potchefstroom. Argiefbewaarplek en S.P. Engel= brecht-museum van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria. Nasionale Instituut vir Veeartseny= kunde, Onderstepoort. Aan laasgenoemde 'n woord van dank vir die vergunning om die foto van dr. A. Theiler te mag reproduseer.

Hiermee wil ek ook my waardering uitspreek teenoor my vrou vir haar opofferinge wat my studie moontlik gemaak het.

Aan mnr. A.P. van Schalkwyk van die Hoërskool Vereeniging 'n woord van dank vir die taalkundige versorging.

J.P. Kotzé.

Vereeniging.

12 Oktober 1974.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG



DR. A. THEILER (1867-1936), WAT 'N BELANGRIKE ROL IN DIE BESTRYDING VAN RUNDERPES GESPEEL HET.

# INLEIDING

Die jaar 1896 het in vele opsigte baie teenslae vir die Afrikaners van Transvaal ingehou.

Hierdie jaar het begin met die Jamesoninval wat, hoewel dit suksesvol deur die Boere die hoof gebied is, die begin was van verhewigde Britse inmenging, wat uiteindelik die verlies van onafhanklikheid sou beteken. Dit het saamgeval met die Uitlanderbetoog vir groter regte wat gedurende 1896 groot momentum sou verkry.

Op ekonomiese gebied sou die goudmyne weliswaar voortgaan om die skatkis van die regering te vul, maar die boere wat, hoewel geensins ekonomies sterk nie, so pas begin het om die Johannesburgse mark te ontgin, sou teenslae ondervind wat moeilik die hoof gebied sou kon word. Plae soos droogtes, sprinkane en malaria was teen die einde van 1895 en die begin van 1896 besonder straf. Tog sou die runderpes, wat gedurende Maart 1896 sy verskyning in Transvaal gemaak het, 'n veel groter invloed uitoefen.

Vir die boerende deel van die bevolking het dit beteken dat die kern van hulle bestaan, nl. hul beeskuddes, geweldig uitgedun is. Veral in die noordelike en westelike distrikte van die Republiek, het feitlik alle beeste gevrek. Die runderpes, wat so 'n ingrypende invloed gehad het dat daar selfs uitdrukkings in die volksmond in verband daarmee ontstaan het, het menige boer op sy knieë gedwing.

Dit is bereken dat in Suid-Afrika, soos dit vandag bestaan, 2 500 000 beeste aan runderpes gevrek het.[1] In Transvaal self is 1 002 297 of 66,5 persent van die beeskudde uitgewis. In Natal het 46 persent van die beesstapel uitgevrek.[2] Ongelukkig is daar nie syfers vir die Oranje-Vrystaat en Kaapland beskikbaar nie. In Ovambo=land is 50 persent van die kudde gespaar terwyl die persentasie beeste van blankes en basters wat in Suidwes-Afrika gered is, nog hoër was.[3] In Basoetoland is 50% van die beesstapel uitgewis.[4] Matebeland was egter die gebied wat die swaarste getref is - volgens F.C. Selous was die persentasie vrekte daar diep in die 90 persent.[5]

Van staatsweë is daar baie gedoen om die lot van die Transvaalse bevolking te verbeter. 'n Hele volk kon wel

1. M.W. Henning: Animal Diseases in South Africa (Being an Account of the Infectious Diseases of Domestic Animals), p.831.

2. The Effect of Rinderpest (The Agricultural Journal and Mining Record, 1898, p.593).

3. E.L.P. Stals: Die Geskiedenis van die Beesteelt in Suidwes-Afrika tydens die Duitse tydperk, 1884 - 1915 (Argiefjaarboek, 1963, p.149).

4. Agricultural Journal, 1897, p.635.

5. F.C. Selous: Sunshine and Storm in Rhodesia (being a narrative of events in Matabeleland), p.255.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

aan die lewe gehou word maar hul kon nie op 'n ekonomies gesonde voet geplaas word nadat die hele basis van hul bestaan van hulle weggeneem is nie.
Die gevolg was noodwendig 'n verarming van 'n groot deel van die bevolking.
Pas was die pes teen die einde van 1897 onder beheer gebring of die Tweede Vryheidsoorlog breek in 1899 uit. Die feit dat hierdie oorlog so vinnig op die hakke van die pes gevolg het, maak dit moeilik om vas te stel in hoeverre die verarming en die daarmee gepaardgaande verstedeliking juis deur die runderpes veroorsaak is. Dat dit egter wel 'n groot invloed gehad het, kan nie betwyfel word nie.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

# HOOFSTUK I

## DIE AARD EN HERKOMS VAN RUNDERPES.

1. Die aard van runderpes.

   a. Die naam "Runderpes".

   Die naam "runderpes" is van Duitse oorsprong, nl. van die woord "Rinderpest". Voor 1896 het die siekte onder verskeie name bekend gestaan waarvan "cattle plague", "contagious typhus" en "steppe murrain" die bekendste was.[1] In

1. J.F. Soga: Rinderpest (Agricultural Journal, 1892, p.287).

suidelike Afrika is die naam "swart pes" aanvanklik gebruik,[2] terwyl die term 'Sambezikoors" ook in die vroeë dae inslag gevind het.[3] Die naam "runderpes" het egter algaande meer in gebruik geraak, veral nadat die siekte as sodanig deur A. Theiler gesertifiseer is.[4]

b. Algemene kenmerke van die siekte.

Deur die eeue is vergesogte en teësprekende teorieë betreffende runderpes geformuleer. Dit is dikwels verwar met sulke siektes soos cholera, tifus, disenterie en pokke. Alhoewel dit reeds voor 1744 algemeen erken is as 'n aansteeklike siekte is die aansteeklikheid daarvan eers in daardie jaar deur Dobson bewys.[5] Aanvanklike proefnemings tot immunisering het almal op mislukkings uitgeloop, sodat die uitroei van besmette beeste en kwarantyn mettertyd as die enigste

2. De Volkstem, 9 Maart 1896: De zwarte pest (hoofartikel).

3. Ibid., 10 Maart 1896: Uit Rhodesia.

4. SS. 6099/96 Inkomende stukke: R 3782/96 Verslag Theiler - Staatsekretaris, 10 April 1896, p.153.

5. M.W. Henning: Animal Diseases in South Africa, II, p.409.

doeltreffende middels beskou is. So merk D. Hutcheon, F.B. van der Plank en A. Theiler op 20 April 1896 in 'n telegram aan die Departement van Landbou in Kaapstad op: ".... it is the experience of all countries which have to cope with it, that the most expedient, economical and ultimately successful method is by stamping out",[6) ] M.W. Henning definieer die siekte soos volg: "Rinderpest is an acute, sometimes subacute, febrile, contagious, infectious disease in cattle, characterised by severe haemorrhagic catarrh of all mucous membranes of the body. It is associated with the formation of croupous, diphtheretic false-membranes and erosions, and it is caused by an ultra-visible micro-organism".[7)] Hieruit blyk dat die siekte die volgende algemene kenmerke vertoon:

(i) Besmetlikheid van die siekte.

Runderpes word algemeen erken as die aansteeklikste veesiekte van alle tye. Runderpes-

---

6. Agricultural Journal, 1896, Telegram, p.221.

7. M.W. Henning: Animal Diseases in South Africa, II, p.409.

organismes is hoogsgekonsentreerd aanwesig in die bloed, liggaamsvloeistowwe, weefsels, uit=skeidings en afskeidings van die besmette dier. Die neusuitskeiding is so vroeg as 24 uur na besmetting reeds aansteeklik.[8)]

J.F. Soga beskryf runderpes in hierdie verband soos volg: "an eruptive fever of a most destructive type, the lessions or manifestations of the disease being localised in the skin and mucous membranes."[9)] Hierdie hoë koors word veroorsaak deur 'n spesifieke organisme.[10)] Laasgenoemde is bolvormig en verleng geleidelik totdat 'n stafie of bacillus gevorm word wat groot lewenskragtigheid besit.[11)] Simpson, 'n veearts van Kalkutta, is na bewe=ring die eerste wetenskaplike wat hierdie bacillus kon lokaliseer, terwyl dr. Alexander Edington, 'n Kaapse veearts, kort op sy hakke gevolg het.[12)]

---

8. Ibid., p.414.

9. J.F. Soga: Rinderpest (Agricultural Journal, 1892, p.287).

10. G. Turner: Rinderpest: Its Pathology and the means used to combat its invasion of South Africa (The Veterinary Journal and Annals of Comparative Pathology, 1898, p.220).

11. J.F. Soga: Rinderpest (Agricultural Journal, 1892, p.287).

12. G. Turner: Rinderpest: Its Pathology and the means used to combat its invasion of South Africa (The Veterinary Journal and Annals of Comparative Pathology, 1898, p.221).

Hierdie smetstof is in alle uit- en afskeidings van die besmette diere aanwesig, soos in die trane, neus- en mondslym, speeksel en mis. Selfs die asem van so 'n dier kan die kiem tot op 20 tot 25 treë oordra. Ook die vleis, vel en bloed van 'n besmette dier bevat baie van hierdie smetstof wat vir 'n geruime tyd nadat die dier dood is aktief bly voortbestaan.[13)] Eksperimente wat uitgevoer is, het getoon dat ontbinde oorblyfsels van 'n slagoffer wat baie maande begrawe was, nog steeds besmetting kon oordra. Ook in die uit- en afskeidings kan die kiem so lank as drie maande bly voortbe= staan.[14)]

Hierdie lewenskragtigheid lei daartoe dat be= smetting direk deur siek diere of indirek deur uitwerpsels, slaapstrooi, hooi, grond, velle, vleis, waens, vaatwerk en deur mense, honde, skape, hoenders, ens. oorgedra kan word.[15)]

---

13. A. Theiler: De Runderpest, hare Geschiedenis, Verschijnselen, enz., p.5.

14. J.F. Soga: Rinderpest (Agricultural Journal, 1892, p.287).

15. D. Hutcheon: De Runderpest (Landbouw Journaal, 1896, p.160).

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Die kieme kan egter ook betreklik gou gedood word, veral deur droë lug. Die bacillus in die uitskeiding van diere aanwesig word dus betreklik gou vernietig: "Het blijkt evenwel steeds, dat de smetstof buiten het liggaam van een ziek dier geraakt, en niet meer in samenhang daarmee zijnde, geen bijzondere taaiheid van voortbestaan bezit."[16)]
Dit bly egter geruime tyd voortbestaan as dit in vloeistowwe of vaste materiale voorkom. In die slym van die neus en beskerm teen lug, behou dit besmetlikheid van ses weke tot nege maande. In stalle behou dit lewensvatbaarheid vir vier maande en in hooi vir vyf maande.[17)]
Besmetting word vernietig op temperature bo 60°C en onder 15°C, deur verrotting, deur uitdroging en deur verskillende chemiese middels soos swaelsuur en chloor.[18)]
Volgens Hutcheon,[19)] veearts in die Kaapkolonie

16. A. Theiler: De Runderpest, hare Geschiedenis, Verschijnselen, enz., p.5.

17. D. Hutcheon: De Runderpest (Landbouw Journaal, 1896, p.160).

18. Ibid.

19. D. Hutcheon: Antwoord op brief van M.J. Monckton (Agricultural Journal, 1896, p.552).

gedurende die negentigerjare, is, naas beeste, ook skape, bokke en varke in 'n baie klein mate vatbaar vir runderpes, maar slegs as die siekte ongehinderd toegelaat word om sy gang te gaan en beeste nie uitgeroei word nie. Theiler sê egter dat dit nooit in Suid-Afrika gebeur het dat kleinvee besmet geraak het nie. Verskil= lende soorte wildsbokke het die siekte wel ten prooi geval, onder andere bontebokke, riet= bokke, springbokke, gemsbokke, bosbokke en koedoes. Rooibokke, blouwildebeeste en hart= beeste het nie die siekte opgedoen nie.[20)]
Blykbaar het voëls die siekte glad nie opgedoen nie,[21)] terwyl aasvoëls en ander aasdiere nie van die vleis geëet het nie en padgegee het nadat die siekte uitgebreek het.[22)]
Dit is nie duidelik of die siekte enige uit= werking op die mens het nie. Die Transvaalse regering het egter wel 'n waarskuwing aan

20. A. Theiler: Rinderpest in Süd-Afrika (Schweizer Archiv für Tierheilkunde, 1897, p.61).

21. G.82 - '96 Rinderpest Conference held at Vryburg, August 1896, p.184.

22. SS.6027/96 Inkomende stukke: R 6178/96 J.W. Taylor - Kommissaris van Polisie, 12 Mei 1896, p.132.

landdroste en lede van runderpeskommissies gerig na aanleiding van 'n berig uit Mafeking dat Bantoes wat van die gedroogde vleis van diere wat aan runderpes gevrek het, geëet het, ook 'n siekte opgedoen het wat volgens dokters deur hierdie vleis veroorsaak is.[23)] Daar is egter geen verdere aanduidings dat die siekte wel 'n fisieke uitwerking op mense gehad het nie.

Met die uitbreek van die siekte in Transvaal was daar nog geen middel bekend waarmee die siekte beveg kon word nie. Die uitroei en afkamping van besmette vee is as enigste doel=treffende metode beskou.[24)]

(ii) Uitwendige simptome.

Nadat 'n dier in kontak met die smetstof was, duur dit normaalweg van ses tot sewe dae voor=dat die siekte merkbaar word, alhoewel hierdie

23. SS. 6003/96 Inkomende stukke: BB 1096/96 Circulaire Staatsekretaris - landdroste, 1 Oktober 1896, p.120.

24. SS.6027/96 Inkomende stukke: R 4212/96 Vertaalde telegram Theiler - Staatsekretaris, 20 April 1896, p. 24.

tydperk mag verleng tot soveel as agtien dae.[25] Die belangrikste simptoom van die siekte is 'n hoë aanhoudende koors.[26] Die koors van 'n besmette dier styg skielik van die normale 100 - 102°F (37,8 - 38,9°C) tot 105°F (40,6°C) of selfs 107°F (41,7°C).[27] Afgesien van hierdie koorsstyging mag dit wees dat die dier vir 'n paar dae geen verdere simptome openbaar nie; dit vreet en herkou normaal. Die eerste sigbare tekens van siekte is as die dier ophou om te vreet en herkou en neig om te gaan lê. Die hare word kroeserig, die neus word droog en die bees neig om op sy tande te kners.[28] Hierna begin die spiere agter die blaaie bewe en 'n uitskeiding uit die neus en oë begin, aanvanklik waterig, maar algaande slymeriger.[29]

Vervolgens word 'n slymerige afskeiding uit die bek merkbaar, terwyl die oppervlakte van

25. A. Theiler: De Runderpest, hare Geschiedenis, Verschijnselen, enz., p.6.

26. Ibid.: p.7.

27. G. Turner: Rinderpest: Its Pathology and the means used to combat its invasion of South Africa (The Veterinary Journal and Annals of Comparative Pathology, 1898, p.219).

28. Ibid.

29. Rinderpest and its Treatment (Agricultural Journal, 1897, p.277).

die liggaam koud is. Asemhaling word baie moeilik en dit gaan dikwels gepaard met kreune.[30)]

Aanvanklik is die siekte dikwels met longsiekte of rooiwater verwar.[31)] Dit is toe te skryf aan die droë hoesies wat 'n besmette dier gee of die kenmerkende rooibruin kleur van die urine.[32)]

Die mis van die dier is aanvanklik droog, donkerkleurig en soms met bloed of slym vermeng. Teen die derde dag egter begin die dier lakseer, die mis word dun, waterig en groen van kleur. Dit word al erger teen die vyfde en sesde dag, sodat dit later net bloed is.[33)]

Die beweging van die dier word baie moeilik en dit skyn asof dit groot pyn ondervind. Die dier is ook baie dorstig, met die gevolg dat baie van hulle in die water vrek.[34)]

30. D. Hutcheon: De Runderpest (Landbouw Journaal, 1896, p.160).

31. SS.6025/96 Inkomende stukke: R 7436/96 Verslag gesa= mentlike runderpeskommissies Heidelberg - Staatsekretaris, 6 Junie 1896, pp.74 - 75.

32. A. Theiler: De Runderpest, hare Geschiedenis, Verschijn- selen, enz., p.7.

33. Ibid.: pp. 7 - 8.

34. Rinderpest and its Treatment (Agricultural Journal, 1897, p.278).

Die binneste deel van die bolip en verhemelte asook alle sigbare slymvliese is baie rooi ontsteek en dikwels met sere bedek.[35] Die dood tree in vanaf die tweede, maar gewoonlik teen die sesde of sewende dag. Dit gaan gepaard met 'n daling in temperatuur en 'n skynbare verbetering in die gesondheidstoestand.[36]

(iii) <u>Inwendige verskynsels</u>

Die inwendige verskynsels met 'n nadoodse ondersoek is nog baie meer kenmerkend as die uitwendige kentekens. Theiler sê dat runderpes in hoofsaak 'n ontsteking van alle slymvliese is.[37] Uit 'n inwendige ondersoek blyk dit dan ook duidelik. Die aanduidings van die siekte wissel nogtans baie, afhangende in watter stadium van die siekte die slagoffer was toe dit gevrek het of afgemaak is.[38]

---

35. D. Hutcheon: De Runderpest (Landbouw Journaal, 1896, p.160).

36. Rinderpest and its Treatment (Agricultural Journal, 1897, p.278).

37. A. Theiler: De Runderpest, hare Geschiedenis, Verschijnselen, enz., p.10.

38. G. Turner: Rinderpest: Its Pathology and the means used to combat its invasion of South Africa (The Veterinary Journal and Annals of Comparative Pathology, 1898, p.220).

Die slymvlies in die mond-, neus- en keelholtes is vol inflammasie en ontsteking. Dit mag selfs bedek wees met talle klein seertjies. Die lugpyp en slukderm is egter selde aangetas.[39] Die longe is gewoonlik gesond, maar as die dier baie erg aangetas is, mag daar tekens van ontsteking wees.[40] Die lewer, milt en niere is selde aangetas en, indien wel, in 'n baie ligte graad. Ook die spierweefsels is selde aangetas.[41]

Dit is in die dermkanaal wat die duidelikste tekens van die siekte aangetref word. Die eerste twee mae is gewoonlik gesond. Die derde maag of blaarpens is hard en droog, net soos by 'n dier wat aan galsiekte of rooiwater ly.[42] Hierdie feit sou in die Transvaal tot baie mistastings aanleiding gee. Dit is egter in die vierde maag of melkpens waar die meeste ontsteking voorkom. Veral die slymvlies is

39. Rinderpest and its Treatment (Agricultural Journal, 1897, p.279).

40. G. Turner: Rinderpest: Its Pathology and the means used to combat its invasion of South Africa (The Veterinary Journal and Annals of Comparative Pathology, 1898, p.220).

41. Ibid.

42. A. Theiler: De Runderpest, hare Geschiedenis, Verschijnselen, enz., p.9.

erg ontsteek en die hele binnekant van die maag het 'n pruimagtige kleur en dit is met seertjies bedek. Die hele spysverteringskanaal vanaf die duodenum tot by die rectum is ontsteek en vol inflammasie.[43)]

Die galblaas is meestal groot geswel. Die gal self is groen of geelagtig van kleur en baie dun. Die hele binnekant van die galblaas is rooi gekleur.[44)] Die epicardium en endocardium van die hart is met rooi vlekke bedek,[45)] terwyl daar gewoonlik min bloed in die hart is.[46)]

(iv) <u>Fataliteit van die siekte</u>

Gewoonlik sterf van 90 tot 95 persent van die aangetaste diere. Die orige vyf tot tien per= sent kan volgens Theiler as gesout beskou word en hulle kan die siekte nie weer opdoen nie, alhoewel hulle geruime tyd draers van die siekte bly.[47)]

---

43. G. Turner: Rinderpest, Its Pathology and the means used to combat its invasion of South Africa (The Veterinary Journal and Annals of Comparative Pathology, 1898, p.220).

44. A. Theiler: De Runderpest, hare Geschiedenis, Verschijnselen, enz., p.9.

45. Rinderpest and its Treatment (Agricultural Journal, 1897, p.279).

46. A. Theiler: De Runderpest, hare Geschiedenis, Verschijnselen, enz., p.10.

47. Ibid.: p.6.

2. Herkoms van die siekte.

a. Runderpes in Europa en Asië.

Die bekendheid van runderpes as veesiekte gaan byna sover terug as wat die geskiedenis van beskaafde Europa bekend is.

In 'n brosjure wat in 1896 deur Arnold Theiler, regeringsveearts van die Zuid-Afrikaansche Republiek, opgestel is vir verspreiding onder die bevolking, sê hy dat daar reeds in die vierde eeu na Christus melding van sodanige siekte gemaak word.[48)]

Die oorsprong van die siekte kan teruggevoer word na Asië,[49)] die Russiese steppe en die Kherson-distrik van Rusland.[50)] Hiervandaan is die siekte telkens deur invallende leërs versprei sodat dit mettertyd die hele Europa geteister het. So het runderpes groot verwoesting gesaai gedurende die jare wat op die oorloë van Karal die Grote in die

48. Ibid.: p.1.

49. M.W. Henning: Animal Diseases in South Africa, II, p.409.

50. J.F. Soga: Rinderpest (Agricultural Journal, 1892, p.287).

negende eeu na Christus gevolg het, asook geduren=de die dertiende eeu met die Mongoolse invalle en gedurende die negentiende eeu na die Napoleontiese oorloë.[51] Volgens Elexander Edington, 'n Kaapse veearts, het die siekte permanent in die groot kom van die Kaspiese see in Oos-Europa voorgekom, vanwaar dit dan telkens oor Europa versprei het. Die siekte het veral met die Donourivier langs versprei en vandaar verder na Duitsland, Frankryk en Italië. Gedurende die tydperk 1709 tot 1711 is in Silisië 100 000 beeste dood, in die Lae Lande 300 000 en in Italië 70 000.[52]
Vanaf die middel van die agtiende eeu tot die be=gin van die negentiende eeu het die siekte byna die hele Europa geteister en daar is ongeveer 200 miljoen beeste aan die siekte dood.[53] In 1794 het daar, volgens Buniva, net in Italië drie- tot viermiljoen beeste gevrek.[54]

Hierna was daar 'n tydperk van kalmte, gevolg deur

51. M.W. Henning: Animal Diseases in South Africa, II, p.409.

52. A. Edington: Rinderpest (Agricultural Journal, 1896, p.253).

53. A. Theiler: De Runderpest, hare Geschiedenis, Verschijn-selen, enz., p.1.

54. A. Edington: Rinderpest (Agricultural Journal, 1896, p. 254).

wydverspreide uitbrekings na die Napoleontiese oorloë.[55] Die eerste veeartsenykundige skole in Frankryk is juis as gevolg van hierdie uitbrekings opgerig.[56] Alhoewel die siekte hierna in Wes-Europa uitgeroei is, het dit in Oos-Europa bly voortbestaan.

Vanaf Oos-Europa is dit in 1865 na Engeland oorge=dra deur 'n beeskarkas wat in 'n Belgiese hawe inge=skeep en in Hull ontskeep is. Hierdie epidemie sou Brittanje 'n halfmiljoen beeste en £ 4 000 000 kos.[57] Hierna was Wes-Europa vry van die siekte, hoewel die Balkanstate ná die Balkanoorlog van 1913 en Rusland gedurende die Eerste Wêreldoorlog vanuit Asië besmet is. Vanuit Rusland het dit weer na Pole versprei waar dit 'n hele paar jaar gewoed het. Die mees resente uitbraak was in België gedurende 1920 toe 'n aantal Zebu-beeste uit Duits=land, wat as oorlogsvergoeding aan België betaal is, die siekte na België oorgedra het. Laasgenoem=

55. A. Theiler: De Runderpest, hare Geschiedenis, Ver-schijnselen, enz., p.l.

56. M.W. Henning: Animal Diseases in South Africa, II, p.409.

57. Uitroeien van Runderpest (Landbouw Journaal, 1896, p.550).

de beeste is oor die hele België versprei, maar die siekte is maklik die hoof gebied.[58)]
Teen die einde van die negentiende eeu het die siekte steeds in Asië, Siberië, Persië en Indië voorgekom. Dit het ook na Sjina versprei en vandaar in 1892 na Japan. Hollands-Oos-Indië was ook feitlik altyd besmet. Gedurende die tydperk 1879 tot 1883, byvoorbeeld is 223 434 beeste in die gebied daaraan dood.[59)]
Hierdie lande het egter die voordeel gehad dat beeste wat opgroei in 'n omgewing waar runderpes heersend is, 'n natuurlike weerstand teen die siekte opbou, alhoewel sulke beeste die siekte onmiddellik aan beeste oordra wat nie so 'n natuur=like weerstand het nie.[60)] Dit is dus begryplik dat die siekte in suidelike Afrika, waar dit glad nie bekend was nie, groot verwoesting sou saai.

58. M.W. Henning: Animal Diseases in South Africa, II, p.409.

59. A. Edington: Rinderpest (Agricultural Journal, 1896, p.254).

6C, J.F. Soga: Rinderpest (Agricultural Journal, 1892, p.287).

b. Binnekoms in Afrika.

Die epidemie wat Transvaal gedurende 1896 getref het, was nie die eerste in Afrika nie. In vroeër jare het die siekte by verskeie geleenthede uit Asië na Egipte en Noord-Afrika versprei, maar nooit daarin geslaag om sy verwoestingswerk suid van die Sahara voort te sit nie.[61] So het run=derpes Egipte in 1841 vanuit Rusland en Turkye binnegekom, as gevolg waarvan 'n halfmiljoen beeste dood is.[62]

Volgens Lugard het die siekte teen die einde van 1889 aan die ooskus, van Afrika teenoor Aden voor=gekom.[63] Henning beweer dat die siekte moontlik vanuit Arabië of Indië afkomstig was,[64] terwyl Theiler sê dat die siekte na Noord-Afrika gebring is deur beeste wat vir die Italiaanse soldate te Mussawa (vandag deel van Eritrea) bestem was en vanaf Rumelië ingevoer is.[65]

Hiervandaan is dit deur Arabiese karavane suid=

---

61. ZAR.168 Korrespondensie, ens. i.v.m. runderpes: Report on the International Rinderpest Congress held at Pretoria from the 2nd to the 13th August 1897, p.16.

62. A. Theiler: De Runderpest, hare Geschiedenis, Verschijn-selen, enz., p.l.

63. F.D. Lugard: The Rise of Our East African Empire, I, p.526.

64. M.W. Henning: Animal Diseases in South Africa, II, p.411.

65. ZAR.168 Korrespondensie ens.ivm. runderpes: Report on the International Rinderpest Congress Held at Pretoria from the 2nd tot the 13th August 1897, p.16.

waarts langs die Nyl op versprei. Reeds in 1892 is informasie in die Kaapkolonie ontvang betref=fende 'n siekte wat by Kilimandjaro in Oos-Afrika heers.[66)]

Die beestroppe van Masailand en Uganda is reeds gedurende 1890 deur die siekte verwoes, terwyl dit Njassaland teen Julie 1892 bereik het.[67)] Lugard sê dat so 'n verwoesting nog nooit voorheen in menseheugenis deur 'n veesiekte aangerig is nie. Vir die Bantoes wat ook landbouers was, was die verlies van hulle vee nie so lewensgevaarlik nie, maar vir sommige pastorale stamme, soos die Wahuma en Masai, was hongersnood en uiteindelike dood onvermydelik. Lugard maak daarvan melding dat terwyl hy besig was om sy boek te skryf (1893) die siekte reeds suid van Njassaland was.[68)] Terselfdertyd het die siekte ook in Wes-Afrika verwoesting gesaai.[69)]

66. A. Edington: Rinderpest (Agricultural Journal, 1896, p.254).

67. M.W. Henning: Animal Diseases in South Afrika, II, p.411.

68. F.D. Lugard: The Rise of Our East African Empire, I, p.514.

69. ZAR.168 Korrespondensie, ens. ivm. runderpes: Report on the International Rinderpest Congress Held at Pretoria from the 2nd to the 13th August 1897, p.16.

c. Die runderpes in Suid-Rhodesië en Betsjoeanaland.

Skynbaar het die Sambezirivier die siekte 'n tyd lank teruggehou, maar teen die einde van Februarie 1896 was die siekte by Bulawayo.[70] Dit is deur 'n sekere Tyler, wat van die samevloeiing van die Umnyati- en Sebakweriviere gekom het, na Rhodesië gebring. Hy het naamlik besmette beeste op 'n vendusie te Bulawayo verkoop en sodoende is die siekte oor die hele land versprei.[71]

Theiler het tydens 'n besoek aan Rhodesië verder vasgestel dat transportryers ook van hierdie besmette osse opgekoop en sodoende die siekte suidwaarts na die Betsjoeanaland-Protektoraat versprei het.[72] Die Chartered Company het alles in sy vermoë gedoen om die siekte te keer, maar as gevolg van die Matebele-opstand van 1896 kon die maatreëls nie streng toegepas word nie.[73]

Die pes het, nadat dit op 5 Maart 1896 in Bulawayo

---

70. Ibid.

71. SS. 6098/96 Inkomende stukke: R 3350/96 Verslag Theiler - Staatsekretaris, 30 Maart 1896, pp. 206 - 207.

72. Ibid.

73. ZAR.168 Korrespondensie, ens. ivm. runderpes: Report on the International Rinderpest Congress Held at Pretoria from the 2nd to the 13th August 1897, p.16.

uitgebreek het, so vinnig suid-waarts versprei dat dit op 9 Maart 1896 by Palapye in Betsjoeana=land was.[74] Eers op 11 Maart 1896 is proklama=sies uitgevaardig in 'n poging om die pes te keer,[75] maar toe was die siekte reeds byna langs die hele transportroete van Mafeking af tot in Bula=wayo deur die transportryers versprei. Die siekte het Gaberones in die suide van Betsjoeana=land reeds op 26 Maart 1896 bereik.[76]
Op 18 Maart 1896 het die siekte Saas Post, net 'n paar kilometer van Palla Road bereik en die mening is reeds uitgespreek dat die verdere suid=waartse verspreiding nie gestuit sou kon word nie.[77] 'n Kwarantynkamp is by Palla Road opgerig, maar hierdie kwarantyn is omseil en siek beeste is oor die hele streek versprei. 'n Sendeling van Palapye het die siekte verder tot by Kanye versprei deur met 'n besmette span osse daarheen te trek.
Alle trekosse tussen Gaberones en Ramathlabama

---

74. C.8141 - '96 Correspondence Relating tot the Outbreak of Rinderpest in South Africa in March 1896: Telegram Newton - Hoë Kommissaris, 11 Maart 1896, pp. 7 - 8.

75. Ibid.: H. Robinson - Chamberlain, 11 Maart 1896, pp.1-2.

76. Ibid.: 26 Maart 1896, p.l.

77. Ibid. : Telegram Newton - Hoë Kommissaris, 18 Maart 1896, p.7.

is doodgeskiet in 'n poging om die pes te keer.[78]
Intussen het trekosse van transportryers wat ver=bied is om die Kaapkolonie binne te gaan, by Ramathlabama opgehoop, wat 'n groot bedreiging vir die Kaapkolonie ingehou het.[79]
Dit was op hierdie stadium menslik onmoontlik om te verhoed dat die siekte ook Transvaal sou bereik. Die hele transportpad vanaf Mafeking tot in Bula=wayo, al met die Limpoporivier langs, het oortrek gelê van karkasse, soveel dat die Bantoes nie eens meer die dooie diere afgeslag het nie. Die karkas=se is nie meer begrawe nie, sodat elke vlei en waterloop deur die verrotting daarvan besmet is.[80]
Dieselfde toestand het op die walle van die Limpopo=rivier geheers. Eers op 11 April 1896 het J. Newton, Britse resident-kommissaris in Betsjoea=naland, maatreëls getref om hierdie karkasse te vernietig.[81] Teen hierdie tyd het daar egter al


78. De Volkstem, 4 April 1896.

79. C.8141 - 96 Correspondence Relating to the Outbreak of Rinderpest in South Africa in March 1896: Telegram Sivie=le Kommissaris - Departement van Landbou, 18 Maart 1896, p.14.

80. SS.6027/96 Inkomende stukke: R6178/96 Verslag J.W. Taylor - Kommissaris van Polisie, 12 Mei 1896, pp.129 - 130.

81. C.8141 - 96 Correspondence Relating to the Outbreak of Rinderpest in South Africa in March 1896: Telegram Newton. - Hoë Kommissaris, 11 April 1896, p.37.

DIE VERSPREIDING VAN RUNDERPES LANGS DIE SUID-WESTELIKE, WESTELIKE EN NOORDELIKE GRENSE VAN TRANSVAAL, APRIL 1896.



talle diere wat aan runderpes dood is in die Limpoporivier beland. Selfs die visse het gevrek van die verrotting in die water. As gevolg van die droogte was daar baie veekrale langs die Marico- en Krokodilriviere wat geheel en al van die water in die riviere afhanklik was.[82)] Kaptein Lugard, wat die siekte in Oos-Afrika goed leer ken het en op hierdie stadium in diens van die British West Charterland Company in Betsjoeanaland was, sê dat die toestand verskrik= lik was. Duisende karkasse het rondgestrooi gelê; die stank was ontsettend. Volgens hom het daar net tussen Gaberones en Bulawayo 4 000 waens gestaan, die meeste nog met swaar vragte daarop.[83)] Die meeste van hierdie waens het aan Afrikaans= sprekendes behoort en die toestand van hierdie mense was haglik.[84)]

Die optrede van die Britse regering in die Protek=

82. SS. 6020/96 Inkomende stukke: R4827/96 Kmdt. Malan - Staatsekretaris, 27 April 1896, pp. 137 - 138.

83. Agricultural Journal, 1896, p.17.

84. SS. 6020/96 Inkomende stukke: R. 6178/96 Verslag Taylor - Kommissaris van Polisie, 12 Mei 1896, pp. 131 - 132.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

toraat pas nadat die siekte uitgebreek het, was baie traag. Die siekte het versprei sonder enige noemenswaardige poging om dit te verhoed.[85]
Khama, opperhoof van die Bamangwato, alleen het tot op 18 Mei 1896 reeds 90 000 stuks vee verloor.[86]
Altesaam 1 250 000 beeste het tot in 1897, toe die siekte in hewigheid begin afneem het, in Betsjoeanaland aan die siekte beswyk.[87]
Op 15 April 1896 het die pes te Sunnyside, ses kilometer van Mafeking af en dus binne die Kaap=kolonie, uitgebreek. Hiervandaan het die pes vinnig suidwaarts in die Kaapkolonie versprei.
In Mei 1896 was die siekte reeds te Vryburg.
Hier is dit 'n tydlank gestuit, maar op 7 Oktober 1896 is die eerste uitbreking suid van die Vaal=rivier in die Kimberley-distrik gerapporteer.[88]
Die runderpes was dus langs die hele suidwestelike, westelike en noordelike grens van die Transvaal aanwesig, om vandaar die land binne te dring.

85. ZAR.168 Korrespondensie ens. ivm. runderpes: Report on the International Rinderpest Congress Held at Pretoria from the 2nd to the 13th August 1897, p.16.

86. A. Theiler: De Runderpest, hare Geschiedenis, Verschijn-selen, enz., p.4.

87. A. Theiler: Rinderpest in Süd-Afrika (Schweizer-Archiv für Tierheilkunde, 1897, p.61.

88. Rinderpest: Advance of the Disease (Agricultural Journal, 1897, p.222).

# HOOFSTUK II

## VERSPREIDING IN TRANSVAAL

1. Binnekoms.

Met die runderpes al langs die noordelike, noordwes= telike en westelike grense versprei, was dit net 'n kwessie van tyd voordat die Transvaal ook besmet sou wees.

Die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek het op 6 Maart 1896 van die Britse Hoë Kommissaris in Kaapstad kennis gekry van die dodelike veesiekte in Matebeleland.[1] Die regering het die erns van die saak besef en deur proklamasie het president Kruger alle verkeer met Matebele-, Masjona- en Betsjoeanaland verbied.[2]

Voorts het ook die Uitvoerende Raad op 11 Maart 1896 aan die Kommissaris van Polisie opdrag gegee om dadelik 'n grenswag op die been te bring. Hierdie amptenaar het gevoel dat 'n mag van minstens 75 man maar nie meer as 100 manne, met die hulp van nie-

1. Buitengewone Staatscourant, 11 Maart 1896: Telegram Britse Hoë Kommissaris - Britse agent, 6 Maart 1896.

2. Ibid.: Proklamasie Staatspresident, 11 Maart 1896.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

blankes, genoeg sou wees om die grense van die distrikte Groot Marico, Rustenburg, Waterberg en Soutpansberg te bewaak.[3] Dit het egter spoedig geblyk dat hierdie mag heeltemal onvoldoende was om 'n algehele skeiding te bewerkstellig en dit moes versterk word.[4] Die doeltreffendheid van die grens=wag het noodsaakliker geword weens die pogings van swart en wit transportryers om hulle vee van onge=kompenseerde afmaking in Brits-Betsjoeanaland te red deur die Transvaalse grens oor te steek.[5] So telegrafeer die veearts Arnold Theiler op 4 April 1896 vanaf Palla in Betsjoeanaland dat, na berig word, 'n transportryer met die naam van Flannigan die grens oorgesteek het terwyl daar honderde siek beeste langs die grens was.[6] Arnold Theiler was 'n veearts wat reeds bekendheid verwerf het met sy suksesvolle stryd teen pokke in Johannesburg tussen 1893 en 1895.[7] Die Transvaalse regering het op 12 Maart 1896 besluit om Theiler na Bulawayo te

3. SS. 6098/96 Inkomende stukke: R2601/96 Kommissaris van Polisie - Staatsekretaris, 11 Maart 1896, pp. 108 - 109.

4. UR.13 Besluite 30 Mei 1895 - 4 September 1896: Arti=kel 291, 15 April 1896, p.321; Artikel 293, 15 April 1896, p.322; Artikel 323, 27 April 1896, p.341.

5. SS.6099/96 Inkomende stukke: R3467/96 Telegram Komdt. Groot Marico - Komdt.-Genl., 1 April 1896, p.3.

6. SS.6099/96 Inkomende stukke: R 3616/96 Telegram Theiler - Staatsekretaris, 4 April 1896, p.22.

7. G. Theiler: Arnold Theiler, 1867 - 1936: His Life and Times, p.3.

stuur om ondersoek na die aard van die dodelike vee=siekte aldaar in te stel.[8]

Aangesien daar 'n lewendige transporthandel tussen die Transvaal en Rhodesië was, het die handelaars die Limpoporivier op verskeie plekke oorgesteek. Theiler het besef dat dit vir die Transvaal 'n groot bedreiging ingehou het, veral omdat vee in die Britse gebiede afgemaak is sonder dat vergoeding aan die eienaars betaal is. Die vee-eienaars wou dus so spoedig moontlik met hulle vee in Transvaal kom.[9] Ook het die beweging van wild 'n bedreiging ingehou. Theiler het dus voorgestel dat 'n neutrale strook langs die grens geskep en alle vee daaruit onttrek moes word.[10] Dit is egter nooit gedoen nie, waarskynlik omdat die rivier se water vir die vee nodig was.

Die Betsjoeanalandse Bantoebevolking van die besmette gebied langs die Limpoporivier was nie in staat om die karkasse uit die rivier te verwyder en te begrawe, of om hulle vee van die water weg te hou nie.[11]

8. UR. 13 Besluite 30 Mei 1895 - 4 September 1896: Artikel 206, 12 Maart 1896, p.277.

9. SS.6099/96 Inkomende stukke: R 3782/96 Theiler - Staat=sekretaris, 10 April 1896, p.154.

10. SS.6098/96 Inkomende stukke: R 3350/96 Theiler - Staat=sekretaris, ontvang 30 Maart 1896, p.210.

11. SS.6099/96 Inkomende stukke: RA 1635/96 Telegram vkt. Grobler - Staatsekretaris, 7 April 1896, p.49.

Op 'n versoek van die Transvaalse regering dat soda= nige karkasse verwyder word en dat Khama, opperhoof van die Bamangwatostam, sy vee van die rivier wegneem, het die Britse Hoë Kommissaris verklaar dat dit 'n saak van onmoontlikheid is.[12] Daar was wel 'n grens= wag vanaf Ramathlabama noordwaarts aan die Britse kant van die rivier aanwesig, maar die groot afstande het dit moeilik gemaak om die pes effektief te beveg.[13] Onder hierdie omstandighede was dit dan ook nie lank voordat die pes sy verskyning in die Transvaal gemaak het nie. Op 1 April 1896 het die landdros van Zeerust aan die staatsekretaris getelegrafeer dat runderpes sy verskyning op Sondag 29 Maart 1896 by Kalifynstat in die distrik Marico gemaak het. Dit is veroorsaak deurdat 'n paar Bantoes net vóór die verskyning van die proklamasie van 11 Maart 1896 met ossewaens van Masjonaland af daar aangekom het.[14]

Theiler het op pad terug van Matebeleland af van hierdie uitbraak verneem. Hy telegrafeer dan ook

12. SS.6099/96 Inkomende stukke: RA 1770/96 Telegram Britse Hoë Kommissaris - Britse agent, 10 April 1896, p.81.

13. SS.6099/96 Inkomende stukke: RA 1547/96 Telegram Kaapse Eerste Minister - Staatsekretaris, 31 Maart 1896, p.12.

14. SS.6098/96 Inkomende stukke: R 3464/96 Telegram land= dros Zeerust - Staatsekretaris, 1 April 1896, pp.214-215.

van Palapye af dat alle beeste in die besmette gebied, siek en gesond, doodgeskiet moes word om sodoende die pes te probeer lokaliseer. Kompensasie moes betaal word om te verhoed dat die betrokkenes vlug en sodoende die pes nog verder versprei.[15)]

Die probleem was dat hierdie uitbraak binne 'n digbe= woonde Bantoegebied plaasgevind het. Hierdie be= woonde gebied het al langs die grens met Betsjoeana= land tot aan die distrik Lichtenburg gestrek.[16)]

Nogtans het die regering probeer om te verhoed dat die pes verder versprei. Die Uitvoerende Raad het op 1 April 1896 besluit dat, benewens die reeds be= staande verbod op alle verkeer oor die Transvaalse grens, die distrikte Lichtenburg en Zeerust ook afge= sonder moes word.[17)] 'n Proklamasie is ook nog die= selfde dag deur president Kruger uitgevaardig wat sodanige verkeer belet het.[18)]

Dit was egter nie moontlik om die pes tot die Bantoe= gebiede te beperk nie, want op 23 April 1896 het die

15. SS.6099/96 Inkomende stukke: R 3557/96 Telegram Theiler-Staatsekretaris, 4 April 1896, p.218.

16. Buitengewone Staatscourant, 1 April 1896: Proklamasie Staatspresident, 1 April 1896.

17. UR. 13 Besluite 30 Mei 1895 - 4 September 1896: Artikel 248, 1 April 1896, p.297.

18. Buitengewone Staatscourant, 1 April 1896: Proklamasie Staatspresident, 1 April 1896.

van Palapye af dat alle beeste in die besmette gebied, siek en gesond, doodgeskiet moes word om sodoende die pes te probeer lokaliseer. Kompensasie moes betaal word om te verhoed dat die betrokkenes vlug en sodoende die pes nog verder versprei.[15)]

Die probleem was dat hierdie uitbraak binne 'n digbe= woonde Bantoegebied plaasgevind het. Hierdie be= woonde gebied het al langs die grens met Betsjoeana= land tot aan die distrik Lichtenburg gestrek.[16)]

Nogtans het die regering probeer om te verhoed dat die pes verder versprei. Die Uitvoerende Raad het op 1 April 1896 besluit dat, benewens die reeds be= staande verbod op alle verkeer oor die Transvaalse grens, die distrikte Lichtenburg en Zeerust ook afge= sonder moes word.[17)] 'n Proklamasie is ook nog die= selfde dag deur president Kruger uitgevaardig wat sodanige verkeer belet het.[18)]

Dit was egter nie moontlik om die pes tot die Bantoe= gebiede te beperk nie, want op 23 April 1896 het die

---

15. SS.6099/96 Inkomende stukke: R 3557/96 Telegram Theiler-Staatsekretaris, 4 April 1896, p.218.

16. Buitengewone Staatscourant, 1 April 1896: Proklamasie Staatspresident, 1 April 1896.

17. UR. 13 Besluite 30 Mei 1895 - 4 September 1896: Artikel 248, 1 April 1896, p.297.

18. Buitengewone Staatscourant, 1 April 1896: Proklamasie Staatspresident, 1 April 1896.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

pes ook buite hierdie gebied in die distrik Marico uitgebreek.[19]

Wat die res van die grens betref, was die toestand net so erg. So byvoorbeeld het die belastinggaarder van Hendriksdal in die distrik Pietersburg op 15 April 1896 berig van Bantoes wat gepoog het om besmette vleis die land binne te bring.[20] 'n Prokla=masie, aanvullend by die van 11 Maart 1896 en 1 April 1896, is dus uitgevaardig om die invoer van alle vleis, velle, wol, mis of afval na Transvaal oor hierdie spesifieke grens te verbied.[21]

Alhoewel die Britse regering onderneem het om sorg te dra dat die toestand aan hulle kant van die grens nie handuit ruk nie,[22] het hulle skynbaar nie uit=voering daaraan gegee nie. Orals langs die Krokodil=rivier het honderde verrottende karkasse gelê wat die eienaars nie wou of kon begrawe nie.[23] Soveel beeste is in die Betsjoeanaland - protektoraat dood dat die Bantoes nie eens meer die moeite gedoen het

19. SS 6000/96 Inkomende Stukke: R 5010/96 Landdros Zeerust - Staatsekretaris, 4 Mei 1896, p.50.

20. UR.13 Besluite 30 Mei 1895 - 4 September 1896: Artikel 289, 15 April 1896, pp. 319 - 320.

21. Buitengewone Staatscourant, 16 April 1896: Proklamasie Staatspresident, 15 April 1896.

22. SS.6099/96 Inkomende stukke: RA 1770/96 Telegram Hoë Kommissaris - Britse agent, 10 April 1896, p.81.

23. C.8141-96 Correspondence Relating to the Outbreak of Rinderpest in South Africa in March 1896: Telegram Re-sident-Kommissaris - Hoë Kommissaris, 11 April 1896,p.37.

om die diere af te slag nie. Letterlik duisende karkasse het orals rondgelê.[24] Ook Theiler was ooggetuie van die verwoesting.[25]

Die hele Limpoporivier was besmet met dooie diere wat aan die pes gevrek het. J. Newton, resident-kommissaris van Betsjoeanaland, het self op die runderpeskonferensie wat op 31 Augustus tot 1 Sep= tember 1896 in Vryburg gehou is en deur afgevaardig= des van al die state in Suid-Afrika bygewoon is, erken dat die Bantoes dooie beeste in die rivier gegooi het om daarvan ontslae te raak.[26]

Duisende beeste was afhanklik van die water van die Limpoporivier. Dit sou rampspoedige gevolge vir die Transvaal inhou.[27] Ook die onwettige verkoop van velle en rieme deur die Bantoes van Betsjoeanaland, wat nou geen lewensmiddele gehad het nie, aan winke= liers in die Transvaal, kon die pes die land inbring.[28]

Nieteenstaande die feit dat die grens gesluit en 'n grenswag ingestel is om die Transvaal te beskerm,

24. SS.6027/96 Inkomende stukke: R6178/96 J.W. Taylor - Kommissaris van Polisie, 12 Mei 1896, pp.130 - 131.

25. A. Theiler - Rinderpest in Süd-Afrika (Schweizer-Archiv für Tierheilkunde, 1897, pp. 53 - 54).

26. G.82 - '96 Rinderpest Conference held at Vryburg, August 1896, p.189.

27. SS.6020/96 Inkomende stukke: R 4827/96 Komdt. Malan - Staatsekretaris, 27 April 1896, pp. 137 - 138.

28. SS. 6020/96 Inkomende stukke: R. 5231/96 Komdt. Malan - Staatsekretaris, 26 Mei 1896, p. 158.

het dit tog gebeur dat beeste die grens oorgesteek het. Die oorlog tussen die British South African Company en die Matebeles, wat op hierdie stadium in volle gang was, het blykbaar aan nie-blankes sowel as blankes die geleentheid gebied om vee te steel en die Transvaal binne te bring.[29)]

Blykbaar het die boere hulle ook nie veel aan die runderpesproklamasies gesteur nie en na willekeur van die grensgebied af na ander dele van die land getrek. Dit was moeilik om die proklamasies af te dwing om hierdie praktyk die hoof te bied. So het 'n weduwee Rossouw, nadat haar beeste aan die Limpopo=rivier in kontak met die pes was, na haar plaas die=per in die distrik Waterberg teruggetrek.[30)]

'n Faktor wat die sluiting van die grens baie bemoei=lik het, was die feit dat die Tswanavolk aan beide kante van die grens gewoon het. Daar het dus voort=durende kontak oor die grens heen plaasgevind wat beslis daartoe gelei het dat die pes in die Transvaal

29. SS.6027/96 Inkomende stukke: R 4012/96 Inspekteur - generaal van Invoerregte - Staatsekretaris, 15 April 1896, p.4.

30. SS.6044/96 Inkomende stukke: R 4693/96 Sersant de Vos - Komdt. Potgieter, 13 April 1896, p.96.

ingebring is.[31)]

'n Verdere faktor was dat toe die grens afgespan is as gevolg van die uitbreking van runderpes, baie boere wie se grond weerskante van die grens tussen Betsjoeanaland en die Transvaal gelê het, se plase in twee verdeel is. Dit is dus denkbaar dat vee in sulke gevalle nog steeds heen en weer kon beweeg het.[32)] Dit was veral in die Marico- en Rustenburg=distrikte die geval, waar die grens nie deur 'n rivier gevorm is nie.

Dit was dan ook beslis hierdie feit wat vir die uitbreking van pes in die distrik Rustenburg verant=woordelik was. Bantoes het naamlik vanaf Gaberones in Betsjoeanaland met besmette osse na die plaas Dwarsberg naby Derdepoort getrek en op 21 April 1896 was die pes alreeds op hierdie plaas in die Rusten=burgdistrik aanwesig.[33)]

Die toestande was op hierdie stadium sodanig dat die Transvaalse regering, met die redelik beperkte middele

31. G.82 - '96 Rinderpest Conference held at Vryburg, August 1896, p. 192.

32. Ibid., p.211

33. SS.6020/96 Inkomende stukke: R 4827/96 Komdt. Malan - Staatsekretaris, 27 April 1896, pp. 38 - 39.

tot sy beskikking, onmoontlik die pes kon terughou. Die uitgestrektheid van die grensdistrikte Marico, Rustenburg en Waterberg, het dit 'n saak van onmoont=likheid gemaak om die proklamasies doeltreffend toe te pas.

2. Verspreiding deur die verskillende distrikte.


Dit was dan ook die drie grensdistrikte Groot Marico, Rustenburg en Waterberg wat eerste en ook die swaarste deur runderpes getref is. As gevolg van die toevoer van vee na die Witwatersrandse mark, was dáár ook 'n vroeë uitbraak wat egter spoedig suksesvol die hoof gebied is.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

a. Die verspreiding deur die distrikte Marico, Rus=tenburg, Waterberg en Johannesburg tot die einde van Junie 1896.

Die poging om te voorkom dat die runderpes verder versprei nadat dit op 29 Maart 1896 in die Bantoe=lokasie Kalifynstat in die distrik Marico sy verskyning gemaak het, was sonder sukses.[34)]

34. SS. 6098/96 Inkomende stukke: R 3464/96 Telegram land=dros Zeerust - Staatsekretaris, 1 April 1896, pp. 214 - 215.


VERSPREIDING VAN RUNDERPES DEUR TRANSVAAL
1896 - 1897
Einde Junie 1896
Einde Julie 1896
Einde Augustus 1896
Einde Desember 1896
Gedurende Januarie tot Augustus 1897
Spoorlyn
Soutpansberg
Waterberg
Lydenburg
Marico
Rustenburg
Pretoria
Middelburg
Carolina
Krugersdorp
Lichtenburg
Potchefstroom
Ermelo
SWAZILAND
Standerton
Heidelberg
Wolmaransstad
Piet Retief
Wakkerstroom
Bloemhof
Utrecht
Vryheid

Die bestaande grenswag wat ingestel is om die Bantoegebied van die res van die distrik te isoleer, is versterk.[35] Nogtans het die siekte alreeds op 14 April 1896 buite die afgebakende gebied en wel by die krale van die Bantoekaptein Gopani voorgekom.[36]

Die inwoners van die distrik Marico het alles in die stryd gewerp om hulle enigste rykdom, naamlik hulle beeste, te red. Op 'n openbare vergadering gehou op 18 April 1896 het hulle alle lokasies as afgesonderde gebiede verklaar, nog 100 burgers op vrywillige grondslag as wagte benoem en alle beweging deur Bantoes deur die instelling van 'n nuwe, spesiale passtelsel probeer beheer. Op hierdie stadium het dit geskyn asof "de geheele Kafferdoms Vee" reeds besmet was.[37] Hierdie maatreëls was tevergeefs, want binne die volgende paar dae was die runderpes buite hierdie afgeba=kende gebiede.[38]

---

35. UR. 13 Besluite 30 Mei 1895 - 4 September 1896: Artikel 249, 1 April 1896, p. 297.

36. Ibid.: Artikel 284, 14 April 1896, p.317.

37. SS. 6000/96 Inkomende stukke: R 4551/96 Telegram land=dros Zeerust - Staatsekretaris, 21 April 1896, pp. 38 - 40.

38. SS. 6000/96 Inkomende stukke: R 5010/96 Landdros Zeerust - Kommissaris van Polisie, 4 Mei 1896, p.120.

Die runderpes het nou 'n onverwagte sprong gemaak deurdat 'n **uitbraak** op 19 April 1896 op die plaas Vlakfontein, wat aan Benoni gegrens het en in die distrik Pretoria geleë was, plaasgevind het. Hierdie **uitbraak** was onder 60 osse van 'n sekere Poultney.[39] Hierdie osse is op 29 Maart 1896 (die dag van die eerste **uitbraak** in die Transvaal) van die stat van Linocani, distrik Zeerust, na Vlakfontein gebring,[40] nadat die landdros van Zeerust 'n sertifikaat vir die vervoer daarvan uitgereik het. Die pes is hiervandaan verder versprei deurdat van die Bantoes wat op die Boksburg- en Benonimyne werksaam was van die vleis van die gevrekte beeste weggedra het.[41] Op 25 April 1896 het die pes ook op Boksburg uitgebreek.[42]

Op hierdie stadium was daar reeds in alle wyke in Transvaal runderpeskommissies deur die regering ingestel om die siekte te probeer bekamp. Die

39. SS.6071/96 Inkomende stukke: R 4222/96 Vkt. Opperman - Landdros Pretoria, 19 April 1896, pp. 104 - 105.

40. SS.6071/96 Inkomende stukke: R 4258/96 Telegram vkt. Opperman - pres. Kruger, 19 April 1896, pp.100 - 101.

41. SS. 6071/96 Inkomende stukke: R 4222/96 Vkt. Opperman - landdros Pretoria, 19 April 1896, p.105.

42. SS. 6069/96 Inkomende stukke: R 4614/96 Telegram spesiale landdros Boksburg - Staatsekretaris, 25 April 1896, p.23.

runderpeskommissie van die wyk Witwatersrand, distrik Pretoria, het vinnig opgetree deur die hele betrokke gebied met 'n kwarantynlyn af te baken.[43] Alle besmette diere is ook dadelik afgemaak.[44] Hierdie maatreëls het vrug afgewerp, want op 22 Mei 1896 met die eerste runderpesverslag, kon gemeld word dat, alhoewel die pes nog op die betrokke plase onder kwarantyn geheers het, daar nie 'n uitbreiding was nie.[45] Op 8 Julie 1896 kon in die tweede runderpesverslag gemeld word dat die siekte aan die Rand glad nie verder uit=gebrei het nie.[46]

Netsoos in die geval van die distrik Zeerust, is ook die distrik Waterberg spoedig vanuit Betsjoe=analand besmet. Op 21 April 1896 skryf kommandant J. Potgieter van Waterberg aan die landdros van Waterberg dat die pes reeds op drie plekke aan die grens binne die Transvaal heers. Aangesien die grens van Waterberg met Betsjoeanaland 48

43. SS.6031/96 Inkomende stukke: R 5588/96 M.C. Erasmus Staatsekretaris, 12 Mei 1896, p.145.

44. SS.6032/96 Inkomende stukke: R 8077/96 Vkt. Opperman landdros Pretoria, 17 Junie 1896, p.34.

45. SS.6080/96 Inkomende stukke: RA2459/96 Runderpesverslag opgestel deur Onder-staatsekretaris, 22 Mei 1896, p.130.

46. Staatscourant, 8 Julie 1896: Goewermentskennisgewing no. 210, 1 Julie 1896, p.832.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

uur te perd lank was, het hy baie meer wagte nodig gehad. Sommige wagte was vier tot vyf uur te perd van mekaar verwyder. Verder het hy aanbeveel dat 'n dubbele ry wagte opgestel word, anders sou Transvaal gedoem wees.[47] Aan hierdie aanbeveling is egter nooit uitvoering gegee nie. Aangesien wild ook vatbaar vir die siekte was, was dit byna 'n saak van onmoontlikheid om die verspreiding daarvan teen te gaan sonder die verdubbeling van die bestaande wag.[48] Aan hierdie versoek van komdt. Potgieter om die wag te verdubbel is ook nie gehoor gegee nie, inteendeel, die bestaande wag is met die helfte verminder.[49]
Ook die grensdistrik Rustenburg was van die begin af deur die runderpes geteister. Op 27 April 1896 doen komdt. A.P. Malan van Rustenburg verslag aan die staatsekretaris oor 'n besoek wat hy aan die grens tussen Transvaal en Betsjoeanaland

---

47. SS.6044/96 Inkomende stukke: R 4693/96 Komdt. J. Potgieter - landdros Waterberg, 21 April 1896, pp.88 - 91.

48. SS. 6044/96 Inkomende stukke: R 4419/96 Telegram landdros Waterberg - Staatsekretaris, 22 April 1896, p.58.

49. SS. 6044/96 Inkomende stukke: R 5626/96 Telegram wnde. landdros Waterberg - Staatsekretaris, 13 Mei 1896, p.145.

gebring het, van Derdepoort langs die Maricorivier af tot waar dit die Limpoporivier word en dan met die Limpopo langs tot waar die Matlabasrivier (grens tussen Waterberg en Rustenburg) in die Limpopo uitmond. Op hierdie stadium het die pes reeds fel in Betsjoeanaland gewoed en was die osse van die grenswag en die beeste van ene Franois by die mond van die Matlabasrivier, reeds besmet.[50] Op 17 Junie 1896 is berig dat 2 600 beeste in hierdie omgewing dood rondgelê het.[51] Vanweë die uitgestrektheid van die distrik was die bestryding van die siekte 'n moeilike saak — die groot afstande het vereis dat spesiale polisie aangestel word in 'n poging om die pes terug te hou.[52] Die groot getalle beeste wat vanweë die heersende droogte langs die riviere saamgetrek was, het die probleem laat ontstaan dat al die besmette diere nie doodgeskiet en begrawe of verbrand kon word nie.[53]

50. SS.6020/96 Inkomende stukke: R 4827/96 komdt. Malan - Staatsekretaris, 27 April 1896, pp. 135 - 136.

51. De Pers, 17 Junie 1896.

52. SS.6021/96 Inkomende stukke: R 5918/96 Landdros Rustenburg - Staatsekretaris, 15 Mei 1896, p.11.

53. SS.6020/96 Inkomende stukke: R6656/96 S.F. Fouché - Komdt. Malan, 22 Mei 1896, p.162.

Vanuit die grensgedeeltes van die drie distrikte sou die pes stadig maar seker sy verwoestingswerk voortsit. Reeds op 6 Mei 1896 het die pes op die dorp Zeerust uitgebreek.[54)] Ook die hele wyk Bosveld was toe reeds besmet.[55)] Die probleem het ook daar ontstaan dat die beeste in sulke groot getalle gevrek het, dat die Bantoes hulself nie meer die moeite getroos het om die karkasse te verbrand of te begrawe nie.[56)] Dit het tot 'n verdere uitbreiding van runderpes gelei. Teen 26 Mei 1896 het die siekte byna die hele Zeerust-distrik geteister.[57)]

Ook in die distrik Waterberg was dit onmoontlik om die runderpes tot die grense te beperk. Op 11 Mei 1896 het die siekte dan ook van die Limpoporivier af tot diep binne die distrik versprei deurdat 'n sekere Swanepoel, hoewel sy beeste onder kwarantyn geplaas was, na die plaas Sondagsriviers=poort aan die Matlabasrivier getrek het.[58)] Op

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

---

54. SS.6000/96 Inkomende stukke: R 5721/96 Voors. runderpes=kommissie Marico - Staatsekretaris, 11 Mei 1896, p.63.

55. SS. 6000/96 Inkomende stukke: R 5751/96 Telegram Vkt. P.D. Swart - Staatsekretaris, 8 Mei 1896, p.66.

56. SS.6000/96 Inkomende stukke: R 5671/96 Telegram landdros Zeerust - Staatsekretaris, 9 Mei 1896, p.70.

57. SS.6000/96 Inkomende stukke: R 6792/96 Telegram Komdt. J.D.L. Botha - Kommissaris van Polisie, 26 Mei 1896, pp. 117 - 119.

58. SS. 6044/96 Inkomende stukke: R 5449/96 Telegram wnde. landdros Waterberg - Staatsekretaris, 11 Mei 1896, pp. 128 - 131.

13 Mei 1896 breek runderpes op die plaas Grootfontein in daardie omgewing uit.[59] Dit het al moeiliker geraak om die pes te stuit en toe dit op 20 Mei 1896 in die lokasies van Vaaltyn Makapaan en Masibie uitbreek, was dit 'n onbegonne taak, veral omdat die Bantoes voortdurend van die besmette vleis rondgedra het.[60] Nogtans is 'n wag bestaande uit blankes en nie-blankes ingestel om die lokasies onder kwarantyn te plaas.[61] Daar is ook 'n begin gemaak met die slaan van 'n takheining tussen die besmette en onbesmette dele van die distrik.[62] In hierdie lokasies was daar ongeveer 2 000 beeste en die landdros van Nylstroom het 'n opstand gevrees indien beeste vankant gemaak sou word.[63] Verder was die grond te hard om die karkasse te begrawe en dit was moeilik om dit effektief te verbrand.[64] Ook die wild het steeds meegehelp om die siekte te

59. SS. 6044/96 Inkomende stukke: R5626/96 Telegram wnde. landdros Waterberg - Staatsekretaris, 20 Mei 1896, p.142.

60. SS.6044/96 Inkomende stukke: R6037/96 Telegram landdros Waterberg - Staatsekretaris, 20 Mei 1896, p.170.

61. SS. 6080/96 Inkomende stukke: RA2459/96 Runderpesverslag opgestel deur Onder-staatsekretaris, 22 Mei 1896, p.129.

62. SS.6046/96 Inkomende stukke: R 12427/96 Telegram land= dros Waterberg - Staatsekretaris, 9 September 1896, p.190.

63. SS. 6044/96 Inkomende stukke: R 6118/96 Telegram land= dros Waterberg - Staatsekretaris, 21 Mei 1896, p.175.

64. SS.6044/96 Inkomende stukke: R 6176/96 Telegram land= dros Waterberg - Staatsekretaris, 22 Mei 1896, pp. 182 - 186.

versprei.[65]

Die verwoestingswerk van die runderpes het groot ellende onder die nie-blanke bevolking veroorsaak, veral onder die onderdane van Zebedela, Jan Makapaan, Vaaltyn Makapaan, Hendrik Bakenberg, Mapela en Malaboch. Die vrees het ontstaan dat indien die regering nie betyds hulp sou verleen nie, dit tot 'n groot opstand sou lei.[66] Die regering het dan ook opdrag gegee dat kos aan die Bantoes gestuur moes word.[67]

In die distrik Rustenburg het die pes aanvanklik stadig versprei vanaf die grens in die rigting van die dorp self. Op 15 Mei 1896 was die pes nog beperk tot die wyke Hexrivier en Elandsrivier, 200 km. van Rustenburg af.[68] Dit het geskyn asof die siekte op die grens gestuit kon word.[69] 'n Ekstra 300 burgers is deur die regering as runderpeswagte aangestel teen 'n betaling van 10/-

---

65. SS.6044/96 Inkomende stukke: R 6779/96 Telegram landdros Waterberg - Staatsekretaris, 1 Junie 1896, pp. 227 - 228.

66. SS.6046/96 Inkomende stukke: R 10566/96 Memorie D.P. van Rooyen en 42 ander - Staatspresident en UR., 26 Junie 1896, pp. 106 - 109.

67. SS.6046/96 Inkomende stukke: BB.1585/96 Staatsekretaris - Regeringsagent, 1 Julie 1896, p.25.

68. SS.6021/96 Inkomende stukke: R5918/96 Landdros Rustenburg - Staatsekretaris, 15 Mei 1896, p.13.

69. SS.6080/96 Inkomende stukke: RA 2459/96 Runderpesverslag opgestel deur Onder-staatsekretaris, 22 Mei 1896, pp.131 - 132.

per dag met die doel om 'n beskermingslyn dwarsoor die distrik te vorm in 'n poging om die pes te lokaliseer.[70)]

Op 8 Julie 1896 berig die runderpeskommissie van wyk Hexrivier aan die landdros van Rustenburg dat van Buffelsdrif aan die Limpoporivier tot by die plaas Gruisdrif alle beeste deur die pes afgemaai is. Daar was dus nie veel kans dat beeste die pes verder sou kon versprei nie. Wild het egter 'n dreigende gevaar ingehou aangesien daar ongeveer 2 000 dooie beeste onbegrawe rondgelê het. Hierdie beeste kon weens 'n tekort aan arbeid nie begrawe word nie.[71)] Tot op 8 Julie 1896 is 5 500 beeste dood of afgemaak in die grensgedeeltes van die wyke Hexrivier en Elandsrivier.[72)] Die beskermingsheining van takke is intussen goed bewaak.[73)]

Teen Junie 1896 was slegs gedeeltes van die distrikte Groot Marico, Rustenburg en Waterberg

70. SS.6020/96 Inkomende stukke: R8332/96 Gesamentlike runderpeskommissie Rustenburg - Staatsekretaris, 23 Junie 1896, pp. 189 - 190.

71. SS. 6020/96 Inkomende stukke: R 14569/96 Runderpeskommissie wyk Hexrivier - landdros Rustenburg, 8 Julie 1896, pp. 177 - 178.

72. Staatscourant, 8 Julie 1896: Goewermentskennisgewing no. 210, 1 Julie 1896, p. 831.

73. De Volkstem, 17 Augustus 1896.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

besmet. Skynbaar was die pogings om die pes te stuit, redelik suksesvol. As gevolg van die feit dat die Transvaalse boere egter van transportry en die verkoop van hulle landbouprodukte afhank= lik was, was die aandrang op die verslapping van die proklamasie van 9 Mei 1896, wat die aanvank= like sukses tot gevolg gehad het, baie sterk.[74] Die gevolglike verslapping van die maatreëls deur die proklamasie van 8 Junie 1896 het egter noodwendig tot 'n verdere uitbreiding van die pes aanleiding gegee.[75] Die runderpes het nou met rasseskrede vooruitgegaan en teen die einde van Julie 1896 was die distrikte van Lichtenburg, Lydenburg en Middelburg ook besmet.

b. <u>Die verspreiding van runderpes tot die einde van Julie 1896</u>.

Op 24 Junie 1896 het die landdros van Lichtenburg berig dat die distrik Lichtenburg nog skoon was,

74. The Press, 20 Mei 1896 (Hoofartikel).

75. De Pers, 28 Julie 1896 (Hoofartikel).

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

alhoewel die pes agt kilometer vanaf Mafeking naby die Lichtenburgse grens geheers het.[76] Op 29 Junie 1896 breek die siekte egter op die plaas De Hoop van ene Groenewald, een en 'n halfuur te perd binne die grens uit.[77] Al die betrokke beeste is onmiddellik afgemaak.[78] Op 23 Julie 1896 volg 'n volgende **uitbraak** by die Kunana= lokasie van die opperhoof Moshette, waar die betrokke beeste ook afgemaak is.[79]

Die distrikte Lydenburg en Middelburg, en wel die dele van die distrikte wat in Sekoekoenieland geleë was, is vervolgens deur die runderpes getref. Op 10 Julie 1896 skryf veldkornet D.J. Schoeman, voorsitter van die runderpeskommissie van Lyden= burg, aan die landdros van Lydenburg dat hy gehoor het van 'n vreemde siekte by Magneetshoogte in Sekoekoenieland. By nadere ondersoek het geblyk dat dit runderpes is. Die siekte is daarheen gebring deur 'n Bantoe wat op 24 April

76. SS.6064/96 Inkomende stukke: R 8246/96 Telegram land= dros Lichtenburg - Staatsekretaris, 24 Junie 1896, p.185.

77. SS. 6064/96 Inkomende stukke: R 8344/96 Telegram land= dros Lichtenburg - Staatsekretaris, 29 Junie 1896, p.190; R 8410/96, p.192.

78. SS.6065/96 Inkomende stukke: R 9151/96 Wnde. Komdt. van Polisie suidwestelike grens - Kommissaris van Polisie, 14 Julie 1896, p.3.

79. SS.6065/96 Inkomende stukke: R 9151/96 Telegram wnde. landdros Lichtenburg - Staatsekretaris, 23 Julie 1896, p.16.

1896 met 'n span osse van Johannesburg af na Sekoekoenieland vertrek het.[80] Die siekte het geruime tyd by Magneetshoogte bestaan voordat die owerhede daarvan te wete gekom het.[81]

Die landdroste en runderpeskommissies van beide distrikte het nou alles in die stryd gewerp om die siekte tot Sekoekoenieland te beperk. Hierin is groot sukses behaal. Wagte is onmiddellik aangestel en alle besmette vee is afgemaak.[82]

Selfs dr. A. Theiler se hulp is ingeroep om raad te gee betreffende die doeltreffendste bekamping van die siekte. Hy het ook 'n besoek aan Sekoekoenieland gebring.[83]

Met die koms van die warmer weer gedurende Augustus 1896 het die runderpes die toneel van verwoesting verder uitgebrei om ook die distrikte Potchefstroom, Soutpansberg, Wolmaransstad en Christiana in te sluit.

c. Besmetting van die distrikte Potchefstroom.

80. SS.6007/96 Inkomende stukke: R9185/96 Telegram landdros Lydenburg - Staatsekretaris, 14 Julie 1896, pp.152 - 160.

81. SS.6088/96 Inkomende stukke: R.1137/96 Telegram landdros Lydenburg - Staatsekretaris, 23 Januarie 1897, p.42.

82. SS.6008/96 Inkomende stukke: R10288/96 Telegram landdros Lydenburg - Staatsekretaris, 31 Julie 1896, p.2.

83. SS.6053/96 Inkomende stukke: R 10782/96 Telegram Theiler - Staatsekretaris, 11 Augustus 1896, p.201.

Soutpansberg, Wolmaransstad en Christiana en verdere verspreiding in die distrik Rustenburg. Sukses in die distrikte Lydenburg en Middelburg.

Op 11 Augustus 1896 het runderpes op die plaas Ratsegaaiskraal van Abraham Kotzé in die distrik Potchefstroom uitgebreek.[84] Blykbaar is hier= die uitbreking toe te skryf aan besmette vleis wat deur 'n toordokter daarheen gebring is.[85]
Op 12 Augustus 1896 het die pes ook op die aangrensende plaas Makokskraal van T. Scholtz uitgebreek.[86]
Ook die distrik Soutpansberg sou swaar onder runderpes ly, veral aangesien daar onder blank en nie-blank in die distrik reeds vóór die pes hon= gersnood geheers het.[87] Hierdie noodtoestand was die gevolg van droogte en sprinkane.[88]
In die eerste runderpesverslag van 22 Mei 1896 is daar gemeld dat daar 'n paar gevalle van runder=

84. SS.6070/96 Inkomende stukke: R 10724/96 Telegram land= dros Potchefstroom - Staatsekretaris, 11 Augustus 1896, p.154.

85. Staatscourant, 23 September 1896: Goewermentskennisge= wing no. 377, 21 September 1896, p.1255.

86. SS. 6070/96 Inkomende stukke: R10789/96 Telegram landdros Potchefstroom - Staatsekretaris, 12 Augustus 1896, p.159.

87. SS.6074/96 Inkomende stukke: R 3037/96 Telegram land= dros Pietersburg - Vorster, L.T.V., 19 Maart 1896, p.52.

88. SS. 6074/96 Inkomende stukke: R 3037/96 Vorster, L.T.V. - Staatspresident en UR., 21 Maart 1896, p.51.

pes gedurende die maand April 1896 in die distrik Soutpansberg was, maar daarna nie weer nie.[89] As die dodelike aard en vinnige verspreiding van die siekte in ander distrikte in aanmerking geneem word, is dit egter te betwyfel of dit wel runderpes was. Ook in die tweede runderpesverslag van 8 Julie 1896 word melding gemaak van onbevestigde uitbrake van runderpes in die distrik.[90] Die eerste bevestigde uitbraak van pes het op 20 Augustus 1896 by die lokasie van Mabitsie, vier en 'n halfuur te perd van Pietersburg af, plaasgevind.[91] Die feit dat runderpes tot op hierdie stadium nie 'n ernstige verarmingsfaktor in die distrik was nie, blyk uit 'n artikel in die Pietersburgse Wachter wat deur De Pers van Pretoria oorgeneem is. Die berig meld dat die noodtoestand nie soseer aan die runderpes toegeskryf kan word nie, as aan die feit dat die oes vir twee agtereenvolgende jare deur sprinkane en die lang=

89. SS.6080/96 Inkomende stukke: RA 2459/96 Runderpesverslag opgestel deur Onder-staatsekretaris, 22 Mei 1896, p.131.

90. Staatscourant, 8 Julie 1896: Goewermentskennisgewing no. 210, 1 Julie 1896, p.831.

91. SS.6074/96 Inkomende stukke: R11181/96 Telegram wnde. landdros Pietersburg - Staatsekretaris, 20 Augustus 1896, p.65.

durige droogte verwoes is.[92] Op 23 September 1896 was daar reeds sterfgevalle weens honger onder die Bantoes.[93]

Waar die inwoners van die distrik Rustenburg aan=vanklik daarin geslaag het om die runderpes uit die digbevolkte dele van die distrik te hou deur middel van beskermingslyne, was hulle egter nie op die lange duur in staat om die pes in sy ver=woestingswerk te stuit nie. Op 21 Augustus 1896 breek die pes op Mabieskraal en Holfontein, twee uur te perd binne die beskermingslyn, uit.[94] Daarna sou die pes vinnig versprei om die distrik in die uiterste ellende te dompel.[95]

As gevolg van hierdie hernieude felheid van die runderpes het die runderpeskommissaris D.G. du Ples=sis, wat deur die regering aangestel is om aan die hoof van die veldtog teen die pes te staan, besluit om van die besmette plase in die distrik Rustenburg tot "hospitale" te verander waarheen

---

92. De Pers, 23 September 1896.

93. SS.6074/96 Inkomende stukke: R13306/96 Telegram landdros Pietersburg - Staatsekretaris, 23 September 1896, pp. 127 - 129.

94. De Volkstem, 17 Augustus 1896.

95. Standard and Digger's News, 2 Junie 1897: The Reign of Death (Hoofartikel).

alle siek beeste geneem kon word en waar dooies begrawe kon word. Dit was 'n poging om die ander plase skoon te hou.[96]

Op 24 Augustus 1896 breek die pes ook in die distrik Wolmaransstad uit en wel gelyktydig op twee plekke, naamlik op die plase Bezuidenhoutskraal en Doornfontein.[97] Volgens die landdros van Wolmaransstad moes die pes moedswillig daarheen gebring gewees het, aangesien twee stukke vleis gevind is wat op verskillende plekke op Bezuidenhoutskraal begrawe was.[98] Die betrokke beeste is dadelik afgemaak - tot op 3 September 1896 altesaam 539.[99] Dit was egter tevergeefs want nuwe uitbrake het steeds voorgekom, met die gevolg dat die inwoners ontevrede begin raak het oor die afmaak van die vee.[100] As gevolg hiervan is runderpeskommissaris D.G. du Plessis van Rustenburg af na die distrikte Wolmaransstad, Schweizer-Reineke en Lichtenburg gestuur om bevel oor te neem in 'n

96. SS.6021/96 Inkomende stukke: R15084/96 Telegram runderpeskommissie Rustenburg - Staatsekretaris, 26 Augustus 1896, pp. 136 - 137.

97. SS.6018/96 Inkomende stukke: R 12238/96 Landdros Wolmaransstad - Staatsekretaris, 1 September 1896, pp. 56 - 58.

98. Ibid.

99. SS.6017/96 Inkomende stukke: R 12381/96 Vkt. Geldenhuys - Staatsekretaris, 3 September 1896, p.88.

100. SS.6018/96 Inkomende stukke: R 12482/96 Telegram landdros Wolmaransstad - Staatsekretaris, 8 September 1896, pp. 65 - 66.

poging om die pes te stuit sonder om die vee af te maak.[101]

Du Plessis het opgetree in oorleg met die runderpes=kommissies van Wolmaransstad, Schweizer-Reineke en Lichtenburg deur die besmette gebiede af te kamp en die draadheinings deur wagte te laat patrolleer. Binne die afgekampte dele sou geen beeste meer afge=maak word nie, en die boere kon proefnemings maak om 'n middel teen die pes te vind. Buite die afgekampte dele sou alle besmette beeste egter onmiddellik afge=maak word.[102]

Drie dae na die eerste uitbreking in die distrik Wolmaransstad, het die pes ook op 27 Augustus 1896 in die distrik Christiana uitgebreek op die plaas Tochgekregen aan die Lichtenburggrens.[103] Die verspreiding van die pes in die distrik is aangehelp deur 'n sekere Barkhuizen wat hom as 'n kenner van die siekte voorgedoen het en met inenting besig was.[104] Veldkornet Mussman het die gevaar hiervan besef en

---

101. SS.6018/96 Inkomende stukke: TB 1681/96 Telegram Staat=sekretaris - landdros Wolmaransstad, 8 September 1896, p.67.

102. Staatscourant, 21 Oktober 1896: Goewermentskennisgewing no. 420, 15 Oktober 1896, p.1427.

103. SS.6004/96 Inkomende stukke: R 11691/96 Telegram landdros Christiana - Staatsekretaris, 27 Augustus 1896, p.68.

104. SS.6004/96 Inkomende stukke: R12379/96 Wnde. Komdt. suidwestelike grens - Kommissaris van Polisie, 5 September 1896, pp. 115 - 116.

gelas dat die inenting gestaak moes word, aangesien dit die pes help versprei het.[105] Op 21 September 1896 is dan ook berig dat die pes nie so fel in Wolmaransstad geheers het nie, maar wel met groter hewigheid in Christiana toegeslaan het.[106] Ook op 4 November 1896 is melding gemaak van die besonder strawwe uitwerking van die pes in die distrik.[107]

In die ander reeds besmette distrikte van Transvaal, het die runderpes stadig maar seker versprei. Slegs in die distrikte Lydenburg en Middelburg is aanvanklik daarin geslaag om die pes tot Sekoekoenieland te beperk. Nadat die runderpeswagte die siekte suksesvol tot Sekoekoenieland beperk het, is besluit om die moontlikheid van verspreiding verder te verminder deur 'n takheining langs die Steelpoortrivier op te rig. Hiervoor is al die Bantoemans van Sekoekoenieland opgekommandeer.[108] Op 12 September 1896 het 1 225 Bantoes aan hierdie

105. SS.6004/96 Inkomende stukke: R13046/96 Telegram vkt. Mussman - Staatsekretaris, 19 September 1896, pp.134 - 135.

106. De Volkstem, 21 September 1896.

107. Ibid., 4 November 1896.

108. SS.6008/96 Inkomende stukke: R 12258/96 Landdros Lydenburg - Staatsekretaris, 4 September 1896, p.69.

heining van vier meter wyd en drie tot drie en 'n half meter hoog gewerk. Verder is 'n neutrale strook van ongeveer 14 km. aan weerskante van die takheining geskep met die doel om die verspreiding van die siekte teen te gaan.[109] Daar was wel twee gevalle van runderpes aan die buitekant van die heining, naamlik op 15 en 18 September 1896 maar die betrokke beeste is afgemaak en die plase binne die takheining ingesluit.[110]

d. Besmetting van die distrikte Pretoria, Klerksdorp, Standerton en Krugersdorp - die toestand teen die einde van 1896.

Die distrik Pretoria was, met die vroeër gemelde uitbreking van runderpes op die plaas Vlakfontein, wyk Witwatersrand, op 19 April 1896, die tweede distrik om besmet te raak. Hierdie uitbraak is egter suksesvol die hoof gebied.

109. SS.6008/96 Inkomende stukke: R12693/96 Landdros Lydenburg - Staatsekretaris, 12 September 1896, pp.89 - 92.

110. SS.6088/96 Inkomende stukke: R1137/97 Telegram landdros Lydenburg - Staatsekretaris, 23 Januarie 1897, pp. 42 - 43.

Op 25 September 1896 volg egter 'n tweede uitbraak, hierdie keer op die plaas Brakfontein, wyk Apies=rivier. Hierdie uitbraak het gespruit uit die feit dat 'n boer van die plaas Kareerivier, distrik Waterberg, wederregtelik met sy beeste na die dis=trik Pretoria weggetrek het. Dié ontwikkeling sou ook 'n verdere uitbreiding na die distrik Standerton tot gevolg hê.[111)]

Die distrik Klerksdorp, wat op hierdie stadium omring was deur runderpes, was die volgende dis=trik om besmet te raak. As gevolg van die feit dat sewe plase aan die Vrystaatse kant van die Vaalrivier teen 14 Oktober 1896 besmet was, was dit onvermydelik dat die Klerksdorpse distrik besmet sou word.[112)] Op 23 Oktober 1896 het die eerste **uitbraak** dan ook op die plaas Vlugkraal van I. Marais voorgekom.[113)] Op 27 Oktober 1896 het 'n verdere **uitbraak** op die plaas Klerksd**rif**, ongeveer drie en 'n half uur te perd van Klerksdorp

111. SS.6032/96 Inkomende stukke: R13309/96 Landdros Pretoria - Staatsekretaris, 25 September 1896, pp. 163 - 170.

112. SS.6013/96 Inkomende stukke: R14250/96 Telegram myn=kommissaris Klerksdorp - Staatsekretaris, 14 Oktober 1896, p.119.

113. SS.6013/96 Inkomende stukke: R14702/96 Telegram myn=kommissaris Klerksdorp - Staatsekretaris, 23 Oktober 1896, pp. 122 - 123.

af plaasgevind.[114] Op 7 November 1896 was die grootste deel van die distrik reeds besmet.[115] Die distrik Standerton is besmet deur beeste van 'n sekere Basson wat in aanraking was met besmette beeste wat wederregtelik uit Waterberg na die distrik Pretoria gebring is. Basson het vanuit die distrik Pretoria beeste wat die siekte onder lede gehad het na sy plaas in die distrik Stander= ton gebring.[116] Op 29 Oktober 1896 het die pes gelyktydig op twee plase in die distrik uitgebreek.[117] Die inwoners van die distrik Krugersdorp het gepoog om deur afsluiting van die grense met besmette distrikte die pes uit hulle distrik te hou.[118] Hierin het hulle vir 'n geruime tyd ge= slaag. Op 2 November 1896 het die pes egter gelyk= tydig op 'n hele paar plase op die grens met Rus= tenburg, wat reeds besmet was, uitgebreek.[119] Op 9 November 1896 volg 'n volgende uitbreking onder osse van 'n Jood wat wederregtelik van besmette

114. SS.6013/96 Inkomende stukke: R14861/96 Telegram myn= kommissaris Klerksdorp - Staatsekretaris, 27 Oktober 1896, pp. 127 - 128.

115. De Volkstem, 7 November 1896.

116. SS.6032/96 Inkomende stukke: R 13309/96 Landdros Pretoria - Staatsekretaris, 25 Augustus 1896, pp.163 - 170.

117. SS.6011/96 Inkomende stukke: R 15035/96 Telegram land= dros Standerton - Staatsekretaris, 29 September 1896, p.197.

118. SS.6056/96 Inkomende stukke: R11507/96 Wnde. landdros Krugersdorp - Staatsekretaris, 24 Augustus 1896, pp. 131 - 137.

119. SS.6057/96 Inkomende stukke: R15216/96 Vkt. - Staat= sekretaris, 2 November 1896, p.177.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

plase in die distrik Rustenburg na Krugersdorp getrek het.[120]

Waar gedeeltes van die distrikte Rustenburg en Waterberg tot op hierdie stadium nog onbesmet was, het nuwe verspreidings daartoe gelei dat die hele distrikte besmet is. So byvoorbeeld het die pes, nieteenstaande die voorsorg wat in die distrik Waterberg getref is, tog op 9 September 1896 op die plaas Buffeldoorn in die wyk Nylstroom uitge= breek nadat besmette vleis uit die lokasie van Masibie deur 'n Bantoevrou daarheen gebring is.[121] Hiervandaan het die pes uitgebrei om die hele distrik te besmet.[122]

Op 20 Oktober 1896 het die pes 20 kilometer vanaf Swartruggens, distrik Rustenburg, sy verskyning gemaak.[123] Op 23 Oktober 1896 was daar 'n verdere uitbreking op die plaas Swartkoppies, wyk Hexrivier, twee uur te perd van Rustenburg af.[124] Op 29 Ok=

---

120. SS.6057/96 Inkomende stukke: R15591/96 Telegram myn= kommissaris - Staatsekretaris, 9 November 1896, pp. 182 - 183.

121. SS.6046/96 Inkomende stukke: R12427/96 Telegram land= dros Nylstroom - Staatsekretaris, 9 September 1896, p.189.

122. Staatscourant, 16 Desember 1896: Goewermentskennisge= wing no. 542, 11 Desember 1896, p.1752.

123. SS.6021/96 Inkomende stukke: R14569/96 Telegram land= dros Rustenburg - Staatsekretaris, 20 Augustus 1896, p.108.

124. SS.6021/96 Inkomende stukke: R 14663/96 Telegram land= dros Rustenburg - Staatsekretaris, 23 Augustus 1896, p.109.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

tober 1896 het die landdros van Rustenburg berig dat die wyke Swartruggens, Hexrivier en Elands=rivier heeltemal besmet was - nog net wyk Hoëveld was onbesmet.[125] Laasgenoemde wyk is lank skoon=gehou deurdat dit deur middel van takheinings af=gesonder is.[126]

In die distrik Wolmaransstad het die teenmaatreëls slegs tydelik geslaag. Op 20 November 1896 is berig dat die pes op twee plase buite die beskerm=ingslyn uitgebreek het.[127] Op 16 Desember 1896 was die hele distrik besmet.[128]

In die distrik Lichtenburg is aanvanklik sukses behaal deur die afkamping van besmette gebiede. As gevolg hiervan het die gedagte ontstaan om die grens met Brits-Betsjoeanaland (dit is die soge=naamde Konvensielyn wat met die Londense Konvensie van 1884 bepaal is) af te draad om sodoende verdere besmetting deur wild wat oor die grens kom, te verhoed.[129] Die span van hierdie

---

125. SS.6021/96 Inkomende stukke: R15036/96 Telegram land=dros Rustenburg - Staatsekretaris, 29 Oktober 1896, p.127.

126. SS.6022/96 Inkomende stukke: R15425/96 Vkt. P. Kruger - Staatspresident en U.R., 6 November 1896, pp. 111 - 112.

127. SS.6017/96 Inkomende stukke: R14567/96 Telegram land=dros Wolmaransstad - Staatsekretaris, 20 November 1896, p.114.

128. Staatscourant, 16 Desember 1896: Goewermentskennisge=wing no. 542, 11 Desember 1896, p.1752.

129. SS.6065/96 Inkomende stukke: R 9907/96 Telegram wnde. landdros Lichtenburg - Staatsekretaris, 25 Julie 1896, pp. 22 - 23.

grensdraad is op 7 Oktober 1896 voltooi.[130]

Die pes het egter sy verwoestingswerk in die Ku=nanalokasie voortgesit[131] en daarvandaan versprei sodat die hele Lichtenburgse distrik teen 16 De=sember 1896 besmet was.[132]

In die distrik Soutpansberg is die besmette dele in die noorde van die onbesmette dele afgedraad.[133] Dit blyk egter dat die pes op 16 Desember 1896 slegs tot die noordelike dele beperk was.[134]

Die distrik Pretoria was teen die einde van 1896 nog grotendeels onbesmet. Die wyke Bronkhorst=spruit, Witwatersrand, Krokodilrivier, Elands=rivier en Pretoria was nog onbesmet. Op 16 De=sember 1896 het die pes in die wyk Apiesrivier noord van Pienaarsrivier geheers, asook by die sendingstasie Wallmansthal.[135]

Teen die einde van 1896 was 'n groot deel van Transvaal dus in die wurggreep van die runderpes.

Tog was Suid- en Oos-Transvaal grotendeels nog

130. SS.6065/96 Inkomende stukke: R.13942/96 Telegram land=dros Lichtenburg - Staatsekretaris, 7 Oktober 1896, p.175.

131. Staatscourant, 23 September 1896: Goewermentskennisge=wing no. 377, 21 September 1896, pp. 1254 - 1255.

132. Ibid.; 16 Desember 1896: Goewermentskennisgewing no.542, 11 Desember 1896, p.1752.

133. De Pers, 2 September 1896.

134. Staatscourant, 16 Desember 1896: Goewermentskennisge=wing no. 542, 11 Desember 1896, p.1752.

135. Ibid.

gespaar van die verwoesting. Die distrikte van Ermelo, Heidelberg, Wakkerstroom, Pelgrimsrust, Utrecht, Vryheid, Volksrust, Carolina en Piet Retief, wat Swaziland ingesluit het, was nog ongeskonde.

e. Verspreiding tot Augustus 1897.

Gedurende die tydperk Januarie tot Augustus 1897 sou die runderpes sy verwoestingswerk uitbrei om die hele Transvaal te teister.

In die distrik Pretoria het die runderpes na 16 Desember 1896 vinnig versprei en teen 26 Janu=arie 1897 was Pretoria self heeltemal daardeur omring.[136] Op 10 Maart 1897 het die eerste uit=braak op die dorp self voorgekom en wel op die mark.[137] Op 12 Maart het 'n verdere uitbraak op die dorp gevolg.[138] Op 20 Junie 1897 het die pes nog steeds in die distrik geheers.[139]

Die distrik Heidelberg was, alhoewel omring deur

136. Standard and Digger's News, 26 Januarie 1897.

137. Ibid.: 10 Maart 1897.

138. Ibid.: 12 Maart 1897.

139. SS. 6084/96 Inkomende stukke: Runderpesverslag opge=stel deur Onder-staatsekretaris, 20 Junie 1897, p.115.

die runderpes, vir geruime tyd vry daarvan. Op 23 September 1896 was die grense van die distrik reeds deur middel van wagte beskerm.[140] Op 3 Februarie 1897 was die distrik nog skoon, met die uitsondering van een plaas langs die grens met Standerton.[141] Hierna het die pes oor die res van die distrik uitgebrei, maar is redelik maklik die hoof gebied sonder die verskriklike gevolge wat die ander distrikte se deel was.[142] Dit kan toegeskryf word aan die feit dat sukses=volle inenting op daardie stadium die aantal vrektes beperk het.

In die distrikte Lydenburg en Middelburg het die teenmaatreëls (die takheinings en wagte) groot vrug afgewerp. Op 3 Februarie 1897 was die pes steeds tot Sekoekoenieland beperk en het dit nog glad nie na die res van die distrikte uitgebrei nie.[143]

Net soos in ander distrikte sou wild egter die

---

140. Staatscourant, 23 September 1896: Goewermentskennisge=wing no. 377, 21 September 1896, pp. 1254 - 1255.

141. Ibid., 3 Februarie 1897: Goewermentskennisgewing no. 43, Januarie 1897, p.187.

142. SS. 6084/96 Inkomende stukke: Runderpesverslag opge=stel deur Wnde. onder-staatsekretaris, 30 Junie 1897, p.114.

143. Staatscourant, 3 Februarie 1897: Goewermentskennisge=wing no. 43, Januarie 1897, p. 187.

pes verder versprei. Op 13 April 1897 is opgemerk dat wild in die wyk Ohrigstad, distrik Lydenburg, aan runderpes ly.[144)] Hierna het die siekte in die distrikte Lydenburg en Middelburg toegeneem, maar nie met sulke rampspoedige gevolge as in ander dele van Transvaal nie aangesien inentingstof reeds beskikbaar was. Tot op 30 Junie 1897 is in Middelburg slegs 5 850 beeste as gevolg van die siekte dood of afgemaak en in Lydenburg slegs 2 500.[145)]

Op 30 April 1897 berig die mynkommissaris van Pelgrimsrust dat runderpes uitgebreek het onder die beeste van Bantoes in die laeveld. Wagte is onmiddellik langs die Drakensberg opgestel en 'n takheining is langs die Sandrivier opgerig in 'n poging om die pes te beperk.[146)]

Vir byna 'n jaar was die wyk Witwatersrand, distrik Pretoria, vry van runderpes. Teen

144. SS.6009/96 Inkomende stukke: R5560/97 Telegram land=dros Lydenburg - Staatsekretaris, 13 April 1897, p.110.

145. SS. 6084/96 Inkomende stukke: Runderpesverslag opge=stel deur Wnde. Onder-staatsekretaris, 30 Junie 1897, pp. 113 - 115.

146. SS. 6009/96 Inkomende stukke: R6319/97 Telegram myn=kommissaris Pelgrimsrust - Staatsekretaris, 30 April 1897, p.33.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Junie 1897 was die hele Transvaal egter so besmet dat dit onvermydelik tot 'n **uitbraak** in hierdie gebied moes lei. Op 14 Junie 1897 het pes onder 104 osse van die slagter Klomfass by die slagpale op die plaas Waterval uitgebreek. Al hierdie osse is doodgeskiet en begrawe. Op dieselfde dag was daar ook 'n **uitbraak** op die plaas Langlaagte on=der beeste van ene Clark.[147] Op 21 Junie 1897 was daar 'n verdere **uitbraak** op die plaas Braam=fontein[148] en op 19 Julie 1897 volg 'n hernieude **uitbraak** op Waterval.[149]

Die eerste uitbraak van runderpes in die distrik Ermelo het op 9 Junie 1897 plaasgevind. Daar kon dadelik met inenting begin word en die verliese was gevolglik nie so swaar nie.[150]

Ook die distrik Marthinuswesselstroom was vir feitlik die hele duur van die runderpes skoon. Alhoewel daar probleme was met boere wat na die winterveld getrek het, het die waaksame optrede

147. SS.6051/96 Inkomende stukke: R8406/97 Vkt. Lombaard - Staatsekretaris, 14 Junie 1897, p.219.

148. SS. 6052/96 Inkomende stukke: R8720/97 Telegram Vkt. wyk Johannesburg - Staatsekretaris, 21 Junie 1897, p.21.

149. SS.6052/96 Inkomende stukke: R10042/97 Telegram Vkt. wyk Johannesburg - Staatsekretaris, 19 Julie 1897, p.32.

150. SS.6061/96 Inkomende stukke: R10161/97 Telegram wnde. landdros Ermelo - Staatsekretaris, 19 Junie 1897, p.138.

van die runderpeskommissie tog die binnekoms van die siekte in die distrik verhoed.[151] Eers op 16 Julie 1897 het die pes ook in hierdie distrik uitgebreek.[152] Teen 3 Augustus 1897 was die hele distrik besmet.[153] Daar kon egter onmiddel=lik met inenting begin word.[154] Die gevolg was dat die distrik glad nie so swaar getref was as die noordelike en westelike distrikte nie.
Die distrikte Utrecht, Vryheid en Volksrust het eweneens nie so swaar deurgeloop nie. Die siekte het hierdie distrikte van Natal af binnegekom.
Op 19 Julie 1897 het die pes reeds in die Dundee=distrik van Natal naby die Transvaalse grens geheers.[155] Op 26 Julie 1897 het dit in die distrik Utrecht uitgebreek,[156] op 26 Julie 1897

---

151. SS.6023/96 Inkomende stukke: R14953/96 Runderpeskom=missie Marthinuswesselstroom - landdros Marthinuswessel=stroom, 22 Oktober 1896, p.79.

152. SS.6023/96 Inkomende stukke: R9935/97 Telegram landdros Marthinuswesselstroom - Staatsekretaris, 16 Julie 1897, p.162.

153. SS. 6024/96 Inkomende stukke: R11117/97 Komdt. Marthinus=wesselstroom - Staatsekretaris, 3 Augustus 1897, pp. 18 - 19.

154. SS. 6023/96 Inkomende stukke: R11024/97 Landdros Mar=thinuswesselstroom - Staatsekretaris, 3 Augustus 1897, p.177.

155. SS.6019/96 Inkomende stukke: R10040/97 Telegram land=dros Vryheid - Staatsekretaris, 19 Julie 1897, p.147.

156. SS. 6068/96 Inkomende stukke: R10495/97 Telegram land=dros Utrecht - Staatsekretaris, 21 Julie 1897, p.115.

het 'n **uitbraak** in die distrik Vryheid gevolg[157]) en op 28 Julie 1897 ook in die distrik Volksrust.[158]) Hierna het die pes vinnig deur hierdie distrikte versprei, maar deur die aanwending van inenting kon meer as die helfte van die beeste gered word, in vergelyking met so min as vyf persent in sommige ander distrikte.[159])

Die distrik Carolina het op 2 Augustus 1897 besmet geraak toe die pes gelyktydig op twee plase uit=gebreek het.[160]) Hiervandaan sou die pes uitbrei om die hele distrik te teister.[161])

Die inwoners van die distrik Piet Retief het vroeg reeds gevrees dat vanweë die gedurige rondtrek=kery van die Bantoes, hulle distrik vanuit Swaziland met runderpes besmet sou word.[162])

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

---

157. SS.6019/96 Inkomende stukke: R10480/97 Telegram land=dros Vryheid - Staatsekretaris, 26 Julie 1897, p.148.

158. SS.6055/96 Inkomende stukke: R10640/97 Telegram Resi=dent-Vrederegter Volksrust - Staatsekretaris, 28 Julie 1897, p.182.

159. SS.6068/96 Inkomende stukke: R.1773/98: Landdros Utrecht - Staatsekretaris, 7 Februarie 1898, p.147.

160. SS.6067/96 Inkomende stukke: R10879/97 Telegram wnde. landdros Carolina - Staatsekretaris, 2 Augustus 1897, p.134.

161. SS.6067/96 Inkomende stukke: R14967/97 Landdros Caroli=na - Staatsekretaris, 22 Oktober 1897, p.150.

162. SS.6063/96 Inkomende stukke: R10620/96 Landdros Piet Retief - Staatsekretaris, 3 Augustus 1896, pp.96 - 97.

Gelukkig vir hulle het Swaziland vry daarvan gebly tot op 7 Augustus 1897 toe die pes daar uitge=breek het.[163] Op dieselfde dag het runderpes ook in die distrik Piet Retief uitgebreek.[164] Op hierdie stadium was runderpes egter glad nie meer die bedreiging van vroeër nie en alhoewel Swaziland vanweë die onkundigheid van die Bantoes swaar moes deurloop, is die pes in Piet Retief maklik die hoof gebied.

3. Faktore wat die verspreiding van runderpes aangehelp het.

Die eerste faktor wat tot die verspreiding van runder=pes aanleiding gegee het, was dat die Transvaalse boere se enigste manier van transport die ossewa was. Hulle was afhanklik daarvan om óf hulle eie produkte na die mark te vervoer, óf transport te ry. Aanvank=lik het die regering dus op 1 April 1896 net die Transvaalse grense gesluit verklaar en verkeer van en na die lokasie van Linokani in die Zeerustgebied,

163. SS.6063/96 Inkomende stukke:R11407/97 Telegram landdros Piet Retief - Staatsekretaris, 7 Augustus 1897, p.176.

164. SS.6063/96 Inkomende stukke: R11409/97 Telegram land=dros Piet Retief - Staatsekretaris, 7 Augustus 1897, p.177.

waar die pes toe reeds geheers het, verbied.[165] Die enigste doeltreffende metode om runderpes uit te roei waarmee Europa bekend was, was die afmaak van besmette vee en 'n totale verbod op die beweging van vee. Dr. A. Theiler het derhalwe hierdie metode ook aan die hand gedoen toe die siekte in Transvaal uitgebreek het,[166] maar die Transvaalse regering was nie geneë om dadelik hierdie drastiese stap te neem nie. Volgens 'n proklamasie van 22 April 1896, toe die siekte reeds wyd versprei was, is burgers wat in besit was van 'n bewys dat hulle beeste onbe= smet was nog steeds toegelaat om rond te trek.[167] Die boere het hulle weinig aan die proklamasie van 22 April 1896 gesteur en voortgegaan om selfs sonder sertifikate rond te trek.[168] As gevolg hiervan is op 9 Mei 1896 'n proklamasie uitgevaardig wat alle verkeer vir die tydperk van een maand verbied het.[169] Die ekonomiese toestande wat op daardie stadium in die Transvaal geheers het, het die uitvoering van die

165. Buitengewone Staatscourant, 1 April 1896: Proklamasie Staatspresident, 1 April 1896.

166. A. Theiler: De Runderpest, hare Geschiedenis, Verschijn= selen, enz., p.11.

167. Staatscourant, 22 April 1896: Proklamasie Staatspresi= dent, 14 April 1896, p.468.

168. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Tweeden Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek: Artikel 32, 5 Mei 1896, p.21.

169. Buitengewone Staatscourant, 9 Mei 1896: Proklamasie Staatspresident, 9 Mei 1896.

bepalings van die proklamasie egter onmoontlik gemaak[170] en die regering was genoodsaak om die proklamasie te herroep.[171] Volgens De Pers van 20 Februarie 1897 was dit een van die belangrikste redes waarom die verspreiding van die runderpes nie gestuit kon word nie.[172]

Daar was egter ook praktiese probleme in verband met die uitroeiing van besmette vee. Soms was daar soveel beeste betrokke dat om almal dood te skiet, haas onmoontlik was.[173] Waar sulke groot getalle beeste afgemaak is of gevrek het, was dit ook moeilik om van die karkasse ontslae te raak. So het daar in die wyk Hexrivier van die distrik Rustenburg op 8 Julie 1896 ongeveer 2 000 karkasse onbegrawe rondgelê.[174] Soms was die grond te hard om die karkasse te begrawe. Dit was ook bykans onmoontlik om so 'n groot getal karkasse effektief te verbrand.[175] Dit het verder gebeur dat die burgers geweier het

170. De Potchefstroomer, 14 Mei 1896 (Hoofartikel).

171. Buitengewone Staatscourant, 8 Junie 1896: Proklamasie Staatspresident, 8 Junie 1896.

172. De Pers, 20 Februarie 1897 (Hoofartikel).

173. SS.6020/96 Inkomende stukke: R6656/96 S.F. Fouché - Komdt. A.P. Malan, 22 Mei 1896, p.162.

174. SS.6020/96 Inkomende stukke: R7618/96 Runderpeskommis= sie wyk Hexrivier - landdros Rustenburg, 8 Julie 1896, pp. 177 - 178.

175. SS.6044/96 Inkomende stukke: R6176/96 Landdros Nyl= stroom - Staatsekretaris, 22 Mei 1896, pp. 182 - 186.

om hulp te verleen met die begrawe van afgemaakte beeste, terwyl Bantoe-arbeid skaars was.[176] Die feit dat hierdie karkasse onbegrawe of onverbrand rondgelê het, moes noodwendig tot 'n verspreiding van runderpes aanleiding gee.

Ten spyte daarvan dat die regering op aanbeveling van Theiler op 6 Mei 1896 bepaal het dat alle besmette beeste afgemaak moes word,[177] het verskeie boere geweier om dit te doen. Selfs 'n boete kon hulle nie tot samewerking dwing nie.[178] Hulle standpunt was dat hulle liefs toegelaat moes word om te eksperimenteer om 'n middel teen die pes te verkry.[179] Op 28 Oktober 1896 is die regering deur afgevaardigdes van oor die hele Transvaal versoek om die afmaak van beeste te staak.[180] Op 3 November 1896 het die regering gelas dat die afmaak van beeste gestaak moes word en ook eksperimentering met die oog op die uitvinding van 'n geneesmiddel gewettig.[181] Die onwilligheid van

176. SS.6011/96 Inkomende stukke: R15799/96 Telegram landdros Standerton - Staatsekretaris, 11 November 1896, p.203.

177. Staatscourant, 6 Mei 1896: Proklamasie Staatspresident, 28 April 1896, p.517.

178. Ibid.

179. De Pers, 9 September 1896 (Maricoaan - redakteur),p.6.

180. SS.6033/96 Inkomende stukke: R14958/96 Notule van vergadering deur verskillende runderpeskommissies te Pretoria, 28 Oktober 1896, pp. 124 - 134.

181. SS.6033/96 Inkomende stukke: Kopie artikel 918 Uitvoerende Raad, 3 November 1896, p.110.

van die Bantoestamme om hulle beeste te laat afmaak, het ook tot hierdie besluit bygedra,[182] aangesien sommige van die Transvaalse inwoners selfs die moont=likheid van 'n Bantoe-opstand voorsien het.[183]

Die feit dat besmette beeste nie langer afgemaak was nie, moes noodwendig tot 'n verlore uitbreiding van runderpes aanleiding gee.

Dit het ook gebeur dat diegene wat verantwoordelik was vir die uitvoering van die proklamasie en die bestryding van runderpes óf nie hulle plig uitgevoer het nie, óf nie hulle opdragte verstaan het nie.

Die regering was derhalwe op 16 Mei 1896 verplig om 'n streng bewoorde omsendbrief aan betrokkenes te stuur. In hierdie omsendbrief is daar op die erns van die situasie en die noodsaaklikheid om by die bepalings van die verskillende proklamasies te hou, gewys.[184] Tog het dit nog gebeur dat amptenare hulle plig versuim het en as gevolg hiervan het ongerymdhede voorgekom wat die verspreiding van die

182. SS.6044/96 Inkomende stukke: R6118/96 Telegram landdros Waterberg - Staatsekretaris, 21 Mei 1896, p.175.

183. SS.6046/96 Inkomende stukke: R10566/96 Memorie D.P. van Rooyen en 42 ander - Staatspresident en Uitvoerende Raad, 26 Junie 1896, pp. 106 - 109.

184. SS.6096/96 Inkomende stukke: CB17/96 Circulaire Staatsekretaris - landdroste, mynkommissarisse en vrederegters, 16 Mei 1896, p. 125.

runderpes kon aanhelp.[185]

Moedswillige ontduiking van die maatreëls om runder= pes te stuit het ook voorgekom. So is daar snags beeste na die Krugersdorpse goudvelde gesmokkel. Die mynkommissaris was verplig om versterkings te vra aangesien hy nie in staat was om hierdie praktyk teen te gaan nie.[186] Dit was as gevolg van 'n ongeoorloofde trek met besmette beeste dat runderpes by Swartruggens, distrik Rustenburg uitgebreek het.[187] Dit was ook as gevolg van so 'n onwettige trekkery met beeste dat die distrikte Pretoria en Standerton besmet is.[188] Soms het dit ook gebeur dat besmette vleis deur kwaadwillige persone in aanraking met beeste gebring is. So het 'n boer van Klerksdorp 'n stuk verrotte vleis in sy beeskraal met 600 beeste gevind. Kort hierna het die pes onder hierdie beeste uitgebreek.[189]

'n Verdere faktor wat die verspreiding van runderpes aangehelp het, was die eksperimentering met teen=

185. SS.6028/96 Inkomende stukke: R12673/96 A. Theiler en D.G. du Plessis - Staatsekretaris, 9 September 1896, pp. 180 - 189.

186. SS.6056/96 Inkomende stukke: R5886/96 Mynkommissaris Krugersdorp - Staatsekretaris, 16 Mei 1896, p.97.

187. De Volkstem, 2 November 1896.

188. SS.6032/96 Inkomende stukke: R13309/96 Landdros Pretoria - Staatsekretaris, 25 September 1896, pp. 163 - 170.

189. The Star, 30 Januarie 1897.

middels deur onbevoegde persone. Reeds op 20 April 1896 het die veeartse van die republieke en kolonies wat 'n konferensie oor runderpes in Vryburg bygewoon het, teen hierdie gebruik gewaarsku juis omdat runderpes so geweldig aansteeklik is.[190] Desnieteenstaande het die boere voortgegaan om middels soos kaliumpermanganaat, lynolie, paraffien, sout, ensovoorts, aan te wend. In opdrag van die regering het dr. A. Theiler al hierdie gewaande middels op die proef gestel en gevind dat hulle geen genesende waarde het nie.[191] Die voortgesette aanwending van allerlei middels het die verspreiding van die uiters aansteeklike runderpes baie aangehelp.[192] Die Duitser, professor Koch, het vroeg in 1897 'n groot deurbraak gemaak met die ontwikkeling van die sogenaamde galinentingsmetode. Deur hierdie metode is duisende beeste gered. Tog was dit 'n ingewikkelde proses waarvan die toepassing deur onbevoegde persone tot 'n verspreiding van die runderpes

190. SS.6027/96 Inkomende stukke: R4212/96 Telegram A. Theiler - Staatsekretaris, 20 April 1896, pp. 18 - 25.

191. SS.6046/96 Inkomende stukke: R10281/96 A.Theiler - Staatsekretaris, 1 Augustus 1896, pp. 27 - 32.

192. SS.6028/96 Inkomende stukke: R12673/96 A. Theiler en D.G. du Plessis - Staatsekretaris, 9 September 1896, pp. 180 - 189.

aanleiding gegee het.[193]

Die groot Bantoebevolking van Transvaal was ongetwy= feld een van die belangrikste faktore wat die ver= spreiding van runderpes aangehelp en die bestryding van die siekte bemoeilik het. Dit was ook 'n probleem waarmee die ander Suid-Afrikaanse gebiede opgesaal was.[194] Kenners was dit eens dat direkte kontak met besmette beeste of die ronddra van besmette vleis die enigste manier was waarop runderpes kon versprei.[195] In hierdie opsig was Bantoes, soms uit onkunde en soms moedswillig, die grootste sonde= bokke.

So het die Bantoes in Waterberg deur die ronddra van vleis die siekte van die grensgebiede af tot diep in die distrik versprei.[196] Daar is ook gevalle bekend waar Bantoes die karkasse van afge= maakte beeste opgegrawe en die vleis versprei het. Hierdie Bantoes is in die hof skuldig bevind.[197]

Dit was ook 'n Bantoe wat die pes van die Witwaters=

193. De Pers, 31 Maart 1897: Koch's Stelsel Verwaarloosd.

194. G.82 - '96 Rinderpest Conference held at Vryburg, August 1896, p.22.

195. SS.6076/96 Inkomende stukke: R1238/97 Telegram land= dros Pietersburg - Staatsekretaris, 27 Januarie 1897, p.170.

196. SS.6044/96 Inkomende stukke: R6037/96 Telegram land= dros Nylstroom - Staatsekretaris, 20 Mei 1896, p.170.

197. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek: Artikel 1039, 28 Julie 1896, p.434.

rand af na Sekoekoenieland oorgebring het.[198]
Ook in die distrik Lichtenburg het die heen-en-weer-lopery van Bantoes oor die grens met Betsjoeanaland, wat reeds besmet was, tot die besmetting van die distrik aanleiding gegee.[199] Die Kaapse Sekretaris van Landbou het erken dat Bantoes tot die uitbreiding van runderpes kon meehelp en het onderneem dat die Kaapse regering die grens effektief vir Bantoever=keer sou sluit.[200] Volgens veldkornet C.H. Douth=waite was dit toordokters wat verantwoordelik was vir die uitbreking van runderpes op die plaas Ratsegaaiskraal, distrik Potchefstroom.[201] In ander gevalle weer het Bantoes in digbewoonde Bantoegebiede, geweier om gevrekte of afgemaakte beeste te begrawe.[202] Ook dr. A. Theiler het beklemtoon dat Bantoes, en in sommige gevalle toordokters, vir 'n uitbreiding van runderpes verant=woordelik was.[203]

---

198. SS.6007/96 Inkomende stukke: R9185/96 Telegram land=dros Lydenburg - Staatsekretaris, 14 Julie 1896, pp. 152 - 160.

199. SS.6065/96 Inkomende stukke: R9180/96 Telegram landdros Lichtenburg - Staatsekretaris, 13 Julie 1896, p.36.

200. SS.6065/96 Inkomende stukke: RA3904/96 Telegram Sekr. van Landbou - Staatsekretaris, 7 Augustus 1896, pp. 40 - 41.

201. SS.6070/96 Inkomende stukke: R11064/96 C.H. Douthwaite - landdros Potchefstroom, 15 Augustus 1896, pp.165 - 166.

202. SS.6065/96 Inkomende stukke: R11718/96 Landdros Lich=tenburg - Staatsekretaris, 26 Augustus 1896, pp. 64 - 65.

203. A. Theiler: Rinderpest in Süd-Afrika (Schweizer-Archiv für Tierheilkunde, 1896, p.57).

'n Verdere faktor wat beslis verantwoordelik was vir die uitbreiding van runderpes, was die wild.[204] President Kruger was van mening dat wild inderdaad die grootste verspreider van die pes was.[205] Veral bosbokke, rooibokke en koedoes was verantwoordelik vir die verspreiding van die siekte.[206] In die distrik Lydenburg is daarin geslaag om deur middel van takheinings en wagte die pes tot Sekoekoenieland te beperk. Tog was dit wild wat na verloop van byna 'n jaar verantwoordelik was vir 'n **uitbraak** buite die afgekampte gebied.[207] Ook in die distrik Waterberg was wild verantwoordelik vir die verspreiding van runderpes.[208] As gevolg van die aandeel van wild in die verspreiding van die siekte het president Kruger op 1 Junie 1896 die jagwet (Wet 5 van 1894) tydelik opgehef.[209]
Al hierdie faktore het in 'n mindere of meerdere mate daartoe bygedra dat die runderpes verder kon versprei om sodoende die hele Transvaal te besmet.

---

204. ZAR.168 Korrespondensie, ens. ivm. runderpes: Report on the International Rinderpest Congress Held at Pretoria from the 2nd to the 13th August 1897, p.18.

205. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Tweeden Volksraad der Zuid-Afrikaanschen Republiek: Artikel 950, 27 Julie 1896, p.400.

206. SS.6073/96 Inkomende stukke: R7997/96 Telegram landdros Pietersburg - Staatsekretaris, 22 Junie 1896, p.173.

207. SS.6009/96 Inkomende stukke: R6017/97 Telegram landdros Lydenburg - Staatsekretaris 22 April 1897, p.60.

208. SS.6044/96 Inkomende stukke: R6779/96 Telegram landdros Lydenburg - Staatsekretaris, 1 Junie 1896, pp.227 - 228.

209. Buitengewone Staatscourant, 1 Junie 1896: Proklamasie Staatspresident, 1 Junie 1896.

# HOOFSTUK III

## DIE BESTRYDING VAN DIE SIEKTE

Onmiddellik nadat die Transvaalse regering bewus geraak het van die bedreiging van runderpes, is alles in die stryd gewerp om hierdie dodelike siekte te keer.

Die eerste stap was om 'n grenswag in te stel, met die doel om die Transvaalse grens met Betsjoeanaland teen die siekte beveilig.[1] Die grenswagte moes toesien dat geen vee oor die grens ingevoer word nie. Op 11 Maart 1896 is die invoer van alle diere uit Matebe= leland, Masjonaland en Betsjoeanaland belet.[2] Nadat die siekte in die Linokani-lokasie aan die noordweste= like grens van Transvaal uitgebreek het, is die verbod ook op gedeeltes van die distrikte Zeerust en Lichten= burg van toepassing gemaak.[3] Spoedig sou dit egter blyk dat Bantoes vleis, velle en ander diereprodukte ronddra. As gevolg hiervan is die verbod ook op alle vleis, velle, hare, wol, mis en veevoer van toepassing

1. SS.6098/96 Inkomende stukke: R2601/96 Kommissaris van Polisie - Staatsekretaris, 11 Maart 1896, pp. 108 - 109.

2. Buitengewone Staatscourant, 11 Maart 1896: Proklamasie Staatspresident, 11 Maart 1896.

3. Ibid., 1 April 1896: Proklamasie Staatspresident, 1 April 1896.

gemaak. Oortreding van hierdie verbod was strafbaar met 'n boete van £7-10-0.[4]

Toe dit blyk dat die siekte ook binne die Transvaal ver= sprei, is dit op 22 April 1896 verpligtend gemaak vir diegene wat met vee wou trek om 'n sertifikaat wat ser= tifiseer dat die diere nie in aanraking met runderpes was nie van 'n landdros, vrederegter of veldkornet te hê. Met 'n **uitbraak** van die pes moes bure dadelik in kennis gestel word. Indien so 'n **uitbraak** die gevolg was van oortreding van regulasies, sou oortreders aan= spreeklik gehou word vir skade sodoende berokken.[5]

Die uitvoering van al hierdie maatreëls het berus by die bestaande staatsmasjinerie soos verteenwoordig in die distrikte deur die landdroste, resident-vrederegters, naturellekommissarisse, veldkornette en polisiebeamptes.[6]

Dit het spoedig geblyk dat hierdie amptenare onmoontlik 'n siekte soos runderpes doeltreffend kon beveg en ook nog hulle normale verpligtinge nakom. Derhalwe is besluit om in alle wyke spesiale kommissies in die lewe

4. Ibid.: 16 April 1896: Proklamasie Staatspresident, 15 April 1896.

5. Staatscourant, 22 April 1896: Proklamasie Staatspresi= dent, 14 April 1896, p. 468.

6. Buitengewone Staatscourant, 11 Maart 1896: Proklamasie Staatspresident, 11 Maart 1896.

te roep met die doel om die maatreëls teen runderpes uit te voer.

1. Runderpeskommissies.

Hierdie kommisies is ingestel met die oog op die "totale uitroeiing van de Runderpest" en sodat alle maatreëls wat teen die siekte geneem word so vinnig en doeltreffend moontlik uitgevoer kon word.[7)] Hierdie maatreëls was nodig omdat die boere hulle weinig aan die vroeëre proklamasies gesteur het.[8)] Elke kommissie sou bestaan uit die veldkornet van 'n betrokke wyk, bygestaan deur twee lede wat deur die landdros benoem sou word. Onmiddellik na konstitue=ring van so 'n kommissie, moes een lid na Pretoria afgevaardig word om 'n vergadering by te woon waar hy op hoogte gebring sou word met die aard van die runderpes, asook die maatreëls wat daarteen geneem moes word.[9)]

Die opdragte aan die kommissies het die volgende behels.[10)]

---

7. Staatscourant, 6 Mei 1896, Proklamasie Staatspresident, 28 April 1896, p.548.

8. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren. Tweeden Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek: Artikel 32, 5 Mei 1896, p.22.

9. Staatscourant, 6 Mei 1896: Proklamasie Staatspresident, 28 April 1896, p.548.

10. Ibid., pp. 548 - 549.

Alle **uitbraak** van runderpes moes onmiddellik by die kommissie aangemeld word. Die kommissie moes dan 'n ondersoek ter plaatse doen en 'n skatting van die waarde van alle betrokke beeste maak. Hierdie beeste moes dan afgemaak en begrawe word. Die plaas waar die siekte uitgebreek het, moes vir 20 dae onder kwarantyn geplaas word.

Verder moes die kommissie treksertifikate uitreik aan boere om te sertifiseer dat die betrokke beeste onbesmet is. Alle gevalle van pes moes onmiddellik by die regering aangemeld word. Oortreding van enige van die bepalings van hierdie proklamasie was straf= baar met 'n boete van £500 of 24 maande harde-arbeid. Hierdie maatreëls is deur sommige verwelkom, maar baie van die Transvaalse inwoners het die maatreëls as lastig beskou en vertoë om dit af te skaf, het daagliks by die regering ingestroom.[11] So erg het dit geword dat die regering in 'n spesiale sirkulêre aan landdroste, mynkommissarisse en vrederegters op

11. The Press, 20 Mei 1896 (Hoofartikel).

die erns van die situasie moes wys. Die aandag is daarop gevestig dat die regering, in belang van die land, glad nie van die maatreëls kon afwyk nie.[12] Plaaslik het die runderpeskommissie groot magte gehad om regulasies vir die eie wyk of distrik op te stel. So het die runderpeskommissie van Boksburg sy eie reëls betreffende die vervoer en slag van vee opge= stel, gedruk en versprei.[13] Ook die runderpes= kommissie van Johannesburg het deur middel van gepu= bliseerde regulasies in die staatskoerant, die toevoer van vee na die Johannesburgse mark gereël.[14] Selfs die regulasies wat deur die kommissie van wyk Klein-Marico (distrik Zeerust) opgestel is, is in die Staatskoerant opgeneem.[15] Die kommissie van wyk Groot Marico (distrik Zeerust) het alle Bantoes, met of sonder passe, belet om die distrik binne te kom.[16] Behalwe die opstel van die regulasies het die kommis= sies ook ontsmettingsposte en skutte opgerig.[17]

12. SS.6096/96 Inkomende stukke: CB.17/96 Circulaire Staat= sekretaris - landdroste, mynkommissarisse en vrederegters, 16 Mei 1896, p.125.

13. SS.6069/96 Inkomende stukke: R6832/96 Regulasies runder= peskommissie Boksburg, 27 Mei 1896, pp. 53 - 54.

14. Staatscourant, 22 Julie 1896: Goewermentskennisgewing no. 228, 17 Junie 1896, p.880.

15. Ibid., 5 Augustus 1896: Regulaties voor wijk Klein Ma= rico, 6 Julie 1896, p.999.

16. SS.6000/96 Inkomende stukke: R9568/96 Telegram runder= peskommissie Groot Marico - Staatsekretaris, 20 Julie 1896, p.125.

17. SS.6057/96 Inkomende stukke: R15802/96 Telegram Vkt. Krugersdorp - Staatsekretaris, 12 November 1896, p.199.

Dat die kommissies egter nie altyd hulle werk nou=geset gedoen het nie, blyk uit 'n verslag wat deur dr. A. Theiler en D.G. du Plessis (runderpeskom=missaris) by die regering ingehandig is, na 'n besoek aan die suidwestelike grens en Wolmarans=stad.[18] Hulle het naamlik gevind dat die mense nie eens daarvan bewus was dat alle uitbrake aan die kommissie gerapporteer moes word nie. Verder het die lede van die meeste kommissies nie die proklamasies verstaan nie en hulle kon dit daarom nie aan die burgers oordra nie. Daar was min samewerking tussen lede van die kommissies en die burgers. Groot nalatigheid is geopenbaar met die afmaak van die beeste en die ontsmetting van klere. Die kommissies was nie in staat om alles te doen wat van hulle verwag is nie.

In die lig hiervan en die feit dat die runderpes steeds uitgebrei het, is dit verstaanbaar, dat die

---

18. SS.6028/96 Inkomende stukke: R12673/96 A. Theiler en D.G. du Plessis - Staatsekretaris, 9 September 1896, pp. 180 - 189.

regering besluit het om die kommissies af te skaf en eerder op ander maniere te poog om die siekte te bestry. Wat egter veral tot hierdie stap aanleiding gegee het, is 'n vergadering wat op 28 Oktober 1896 te Pretoria gehou is waarop die runderpeskommissies van Pretoria, Middelburg, Heidelberg, Waterberg en Krugersdorp verteenwoordig was. Die vergadering het besluit om die regering te vra om die kommissies af te skaf, aangesien die besoldigde lede nie daarin kon slaag om die pes te beveg nie. Verder wou hulle ook eksperimentering met geneesmiddels gewettig sien.[19) ] Op 3 November 1896 het die Uitvoerende Raad besluit om die kommissies te ontbind. Veldkornette sou voortaan die reg hê om enigeen tot bestryding van die siekte op te kommandeer.[20)]

2. Afmaak van vee.

Reeds op 18 Mei 1896 het dr. A. Theiler, die staats=veearts en op daardie stadium eintlik die enigste

19. SS.6033/96 Inkomende stukke: R14958/96 Notule van ver=gadering van runderpeskommissies gehou te Pretoria, 28 Oktober 1896, pp. 124 - 134.

20. SS.6033/96 Inkomende stukke: Kopie art. 918 Uitvoerende Raadsbesluit, 3 November 1896, pp. 110 - 111.

gesaghebbende oor runderpes in Transvaal, gesê dat om al die aangetaste of verdagte beeste af te maak en te verbrand of te begrawe die enigste doeltreffen=de manier is om runderpes te bekamp.[21)]

Met die instelling van runderpeskommissies het hierdie liggame dan ook die mag gekry om besmette vee of vee wat in aanraking met besmette diere was, af te maak. 'n Waardeskatting van die vee moes op die volgende basis gemaak word:

Kalwers onder een jaar: 10/-
Kalwers van een jaar: £1
Kalwers van twee jaar: £2
Beeste van drie jaar en alle koeie: £3
Osse en bulle : Van £4 tot £5.

Slegs die helfte van hierdie waardasie sou deur die regering uitbetaal word. Afgemaakte vee moes dan óf verbrand, óf twee meter diep begrawe word.[22)]

Die probleem het egter ontstaan met die begrawe van

---

21. A. Theiler: De Runderpest, hare Geschiedenis, Ver=schijnselen, enz., p.11.

22. Staatscourant, 6 Mei 1896: Proklamasie Staatspresident, 28 April 1896, pp. 517 - 518.

die afgemaakte beeste. Hulp was nie altyd beskikbaar nie. So het die runderpeskommissie van wyk Hexrivier, distrik Rustenburg, beraam dat hulle nie in staat was om een-tiende van die afgemaakte beeste te be= grawe nie.[23] Soms het die burgers eenvoudig geweier om opgekommandeer te word om afgemaakte beeste te begrawe.[24] Die regering was selfs verplig om die burgers deur proklamasie te dwing om hulp te verleen met die begrawe van beeste.[25]

Dat die metode tot 'n mate doeltreffend was, blyk uit 'n telegram van die landdros van Lichtenburg aan die staatsekretaris waarin hy sê dat hulle altyd daarin geslaag het om die pes te keer maar vandag hulle opgehou het om die vee van die Bantoe-kaptein Moshette af te maak, het die siekte vinnig versprei.[26] Ook uit ander bronne blyk dit dat die afmaak van besmette vee op daardie stadium die enigste redelik doeltref= fende manier was om die siekte te bekamp.[27]

Mettertyd het die feit dat die siekte versprei het

23. SS.6020/96 Inkomende stukke: R6656/96 S.F. Fouché - Komdt. A.P. Malan, 22 Mei 1896, p.162.

24. SS.6011/96 Inkomende stukke: R15799/96 Telegram land= dros Standerton - Staatsekretaris, 11 November 1896,p.203.

25. Buitengewone Staatscourant, 16 Mei 1896: Proklamasie Staatspresident, 16 Mei 1896.

26. SS.6065/96 Inkomende stukke: R15390/96 Telegram landdros Lichtenburg - Staatsekretaris, 5 November 1896, pp.192 - 194.

27. SS.6000/96 Inkomende stukke: R11795/96 J.W. Geÿ - Staat= sekretaris, 22 Augustus 1896, p.199.

ondanks die afmaak van vee, die boere dwars in die krop begin steek. Ook is gevrees dat die Bantoebe=volking in opstand mag kom weens die afmaak van hulle beeste.[28] Uit verskeie oorde het stemme opgegaan om by die regering aan te dring om die afmaak van beeste te staak en die boere toe te laat om te eksperimenteer in die hoop om 'n teenvoeter teen die pes te kry.[29] Ook die runderpeskommissie van Klerks=dorp het op 'n vergadering besluit om by die regering aan te beveel om die afmaak van vee te staak.[30] Skynbaar het die afmaak van vee dan ook geleidelik in onbruik begin raak.[31]

As gevolg van al hierdie redes, maar veral as gevolg van die vergadering van 28 Oktober 1896, te Pretoria gehou waar die verskillende verteenwoordigers van runderpeskommissies gevra het dat die afmaak van vee gestaak moet word, is hierdie maatreël om die pes

28. ZAR.168: Korrespondensie, ens., ivm. runderpes: Report on the International Rinderpest Congress Held at Pretoria from the 2nd to the 13th August 1897, p.199.

29. SS.6017/96 Inkomende stukke: R12371/96 S.P. du Toit - Staatspresident en Uitvoerende Raad, 8 September 1896, pp. 95 en 95 (a); R12668/96 Memorie J.H. Viljoen en 55 ander - Staatspresident en Uitvoerende Raad, 11 September 1896, pp. 78 - 79; R14150/96 Memorie J.H. Viljoen en 50 ander - Staatspresident en Uitvoerende Raad, 9 Oktober 1896, pp. 108 - 112; R14513/96 Memorie J.M. van Aarde en 52 ander - staatsekretaris, 14 Oktober 1896, pp.103 - 106.

30. De Volkstem, 16 Oktober 1896.

31. De Pers, 9 September 1896 (Maricoaan - Redakteur).

teen te werk, ook gestaak.[32] Met die proklamasie van 11 November 1896 is gelas dat geen vee voortaan meer afgemaak moet word nie. Die aanwending van geneesmiddels is gewettig en elke boer sou vir die veiligheid van sy eie vee verantwoordelik wees.[33]

3. Die afkamping van runderpes.

Onmiddellik nadat die Transvaalse regering kennis geneem het van die bestaan van runderpes in Matebele=land is besluit om die bestaande grenswag met 100 tydelike blankes te versterk.[34] Hierdie getal sou egter geleidelik vergroot word, totdat altesaam 235 ekstra man aangestel is.[35]

Bo en behalwe hierdie grenswag is daar egter ook met verloop van tyd wagte binne die Transvaal geplaas om besmette dele van onbesmette dele te skei. So is die Bantoelokasies onder die jurisdiksie van die runder=peskommissie van die distrik Zeerust deur middel van 'n kordon wagte onder kwarantyn geplaas.[36]

32. SS.6033/96 Inkomende stukke: Kopie Artikel 918 Uitvoeren=de Raadsbesluit, 3 November 1896, p.110.

33. Staatscourant, 11 November 1896: Proklamasie Staatspresi=dent, 3 November 1896, p.1540.

34. UR. 13 Besluite 30 Mei 1895 - 4 September 1896: Artikel 227, 18 Maart 1896, p.286.

35. Ibid.: Artikel 231, 23 Maart 1896, p.286; Artikel 250, 1 April 1896, p.298; Artikel 347, 7 Mei 1896, p.352; Artikel 416, 21 Mei 1896, p.405.

36. SS.6000/96 Inkomende stukke: R4551/96 Landdros Zeerust - Staatsekretaris, 21 April 1896, pp. 38 - 40.

Nadat die pes egter verder versprei het, is die kordon uitgeskuif om die distrik Zeerust van Lich= tenburg en Rustenburg af te sny.[37)]

Op 8 Junie 1896 is hierdie praktyk nog verder gevoer deur 'n proklamasie van president Kruger. Hiervolgens sou elke plaas waarop die pes uitbreek volkome deur 'n kordon wagte afgesny word. Benewens hierdie kordon sou op 'n afstand van 10 km. 'n tweede kordon wagte bekend as die "beskermings- of sekerheidslyn" opgerig word. Die doel van hierdie beskermingslyn was om die besmette dele af te sonder. Alle beeste moes ten minste 500 meter van die lyn verwyderd wees. Geen transport, behalwe met perde, muile of donkies is binne die afgebakende gebied toegelaat nie. Die verskillende wykskommissies was verantwoordelik vir die aanstelling van en die toesig oor die wagte.[38)]

So 'n beskermingslyn is opgerig van Rooigrond in die suide af, om daarvandaan die distrikte Zeerust,

37. SS.6000/96 Inkomende stukke: R6764/96 Telegram landdros Zeerust - Staatsekretaris, 30 April 1896, p.110.

38. Buitengewone Staatscourant, 8 Junie 1896: Proklamasie Staatspresident, 8 Junie 1896.

Rustenburg, Waterberg en Soutpansberg te deurkruis. Net in die distrik Rustenburg was alleen 300 wagte in hierdie kordon.[39]

Dat hierdie wagte ook nie altyd aan hulle doel beantwoord het nie, kan afgelei word uit 'n verslag wat A. Theiler en D.G. du Plessis aan die regering voorgelê het. Daarin word daarop gewys dat baie wagte nie op hulle poste was tydens 'n inspeksie nie, of anders ingespan is om beeste te begrawe en dus nie hulle werk kon doen nie.[40]

Hierdie wagte is aangestel teen 'n salaris van £15 per maand.[41] Vir die jaar 1896 sou dit 'n totaal van £143 217 beteken.[42] In hierdie lig gesien, is dit duidelik waarom die regering besluit het om op 11 November 1896 alle besoldigde wagte af te skaf en in die plek daarvan burgers op te kommandeer. In hierdie geval sou net onderhoud teen 'n bedrag van 5/- per dag betaal word.[43] Nogtans het dit in 1897 nog 'n bedrag van £45 410

---

39. G.82 -'96 Rinderpest Conference held at Vryburg, August 1896, p.194.

40. SS.6028/96 Inkomende stukke: R12673/96 A. Theiler en D.G. du Plessis - Staatsekretaris, 9 September 1896, pp. 180 - 189.

41. UR.13 Besluite 30 Mei 1895 - 4 September 1896: Artikel 227, 18 Maart 1896, p.286.

42. ZAR.134: Verslag van den Hoofd-Commissaris van Politie en wd. Inspekteur van Gevangenissen over het jaren 1881 - 1900: Verslag vir 1896, p.7.

43. Staatscourant, 11 November 1896: Proklamasie Staatspre= sident, 3 November 1896, p.1539.

beloop.[44)]

In die lig van hierdie groot onkoste en die feit dat runderpes glad nie deur hierdie maatreël die hoof gebied is nie, het die Uitvoerende Raad op 3 Novem= ber 1896 besluit dat nie alleen die bestaande runder= peskommissies afgeskaf word nie, maar ook die besol= digde wagte. Voortaan sou burgers net opgekomman= deer word om veldkornette behulpsaam te wees met die begrawe van beeste of met die toediening van genees= middels. Aangesien die ander maatreëls nie vrug afgewerp het nie, sou daar voortaan gepoog word om 'n teenmiddel teen die pes te kry.[45)]

In sommige gevalle is die wagte wat die beskermings= lyne gevorm het, egter deur takheinings vervang. Dit was natuurlik veral in die beboste distrikte die geval. So 'n takheining is in die distrik Waterberg, tussen die besmette en onbesmette dele opgerig, veral met die oog daarop om verspreiding van runder= pes deur die wild te verhoed.[46)] Werk aan hierdie

44. ZAR.134: Verslag van den Hoofd-Commissaris van Politie en wd. Inspekteur van Gevangenissen over het jaren 1881 - 1900 : verslag vir 1897, p.7.

45. SS.6033/96 Inkomende stukke: Kopie UR.-besluite, Arti= kel 918, 3 November 1896, pp.110 - 111.

46. SS.6046/96 Inkomende stukke: R10333/96 Wnde. Komdt. Waterberg - Uitvoerende Raad, 4 Augustus 1896, pp. 35 - 37.

heining moes egter gestaak word as gevolg van die feit dat runderpes buite die afgesonderde gebied uitgebreek het nog voordat die heining voltooi was.[47)] Ook in die Soutpansbergse distrik het 2 700 Bantoes aan so 'n takheining gewerk.[48)] In die distrik Zeerust is dele van die beskermingslyn ook op hierdie manier versterk.[49)]
Dit was egter in die Lydenburgse en Middelburgse distrikte waar groot sukses behaal is in die bekamping van die pes deur 'n takheining. Nadat runderpes by Magneetshoogte in Sekoekoenieland uitgebreek het, is takheinings opgerig om hierdie twee distrikte van Sekoekoenieland te skei.[50)] In die Lydenburgse distrik alleen het 1 225 Bantoes aan die heining gewerk.[51)] Vir geruime tyd sou met hierdie heining daarin geslaag word om die pes terug te hou. Die distrikte Middelburg en Lydenburg is derhalwe glad nie in dieselfde mate as die ander distrikte deur die pes benadeel nie.

47. SS.6046/96 Inkomende stukke: R12427/96 Telegram landdros Nylstroom - Staatsekretaris, 9 September 1896, p.189.

48. SS.6074/96 Inkomende stukke: R12227/96 Telegram landdros Pietersburg - Staatsekretaris, 4 September 1896, p.161.

49. SS.6017/96 Inkomende stukke: R13444/96 Telegram runder=peskommissaris - Staatsekretaris, 28 September 1896,p.92.

50. SS.6054/96 Inkomende stukke: R16466/96 Landdros Middel=burg - Staatsekretaris, 12 November 1896, p.63; SS.6008/96 Inkomende stukke: R12258/96 Landdros Lyden=burg - Staatsekretaris, 12 September 1896, pp. 89 - 92.

51. SS.6008/96 Inkomende stukke: R12693/96 Landdros Lyden=burg - Staatsekretaris, 12 September 1896, pp. 89 - 92.

Afgesien van die oprigting van takheinings is daar ook getrag om deur die span van draad die verspreiding van die pes teen te gaan. Reeds op 23 Julie 1896 het J.P. Snijman, voorsitter van die runderpeskommissie van wyk Klein-Marico, aanbeveel dat 'n draadheining opgerig word met die doel om die wagte te verminder en die moontlikheid van verspreiding deur wild teen te werk.[52] Ook Theiler was van mening dat so 'n stap vrugte sou afwerp.[53] Die regering het beoog om 'n draadheining van Rooigrond af deur die distrikte Marico, Rustenburg, Waterberg en Soutpansberg te span.[54] Hierdie draad sou teen 'n koste van £ 26 000 opgerig word. Op 27 Julie 1896 het die Eerste Volksraad sy toestemming tot die span van die draad verleen.[55] Hierdie heining moes dan aansluit by 'n tweede draadheining wat die spoorlyn na Delagoabaai moes afkamp.[56] Die probleem was egter dat op hierdie stadium geen draad in Suid-

52. SS.6000/96 Inkomende stukke: R9830/96 J.P. Snijman - Staatsekretaris, 23 Julie 1896, p.163.

53. A. Theiler: Rinderpest in Süd-Afrika (Schweizer-Archiv für Tierheilkunde, 1897, p.57).

54. G.82 -'96 Rinderpest Conference held at Vryburg, August 1896, p.185.

55. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek: Artikels 1027 en 1029, 27 Julie 1896, pp.432 - 434.

56. UR.13 Besluite 30 Mei 1895 - 4 September 1896: Artikel 734, 21 Augustus 1896, p.554.

Afrika beskikbaar was nie. Dit is toe uit Europa bestel, maar sou eers in Oktober 1896 in Transvaal aankom.[57] Teen daardie tyd was die siekte reeds so wyd versprei dat 'n draad geen doel meer sou dien nie. Op 11 November 1896 is dan ook bekend gemaak dat die draad nie meer gespan sou word nie. Die draad, wat intussen opgedaag het, sou deur die regering aan die boere verkoop word.[58]

4. Die aanwending van medisyne.

Amptelik moes alle beeste wat aan runderpes gely het, aanvanklik afgemaak word. Ook was die gebruik van geneesmiddels verbied. Desnieteenstaande is heelwat boererate toegepas in 'n poging om 'n geneesmiddel te vind. Die regering het selfs middels wat skynbaar gehelp het, aanbeveel.[59] Theiler en ander Suid-Afrikaanse veeartse het vroeg reeds teen die aanwen=ding van medisyne gewaarsku en daarop gewys dat daar nie 'n middel teen die pes bestaan nie en dat, deur

57. A. Theiler: Rinderpest in Süd-Afrika (Schweizer-Archiv für Tierheilkunde, 1897, p.57).

58. Staatscourant, 11 November 1896: Proklamasie Staatspre=sident, 3 November 1896, p.1539.

59. Staatscourant, 22 April 1896: Proklamasie Staatspresi=dent, 14 April 1896, p.469.

aanwending van sulke vermeende teenmiddels, die siekte slegs uitgebrei kon word.[60] Nogtans is daar voort=gegaan om te soek na 'n middel teen die pes, sekerlik ook uit radeloosheid.

So 'n middel was byvoorbeeld die volgende: Nadat 'n runderpesbesmette bees gevrek het, is dit afgeslag en 48 kg. sout in die vel toegedraai. Nadat dit 'n dag so gelaat is, is elke bees met 'n koppievol van die sout behandel. In 'n proefneming wat gemaak is, sou beeste wat dan so behandel is, vir een maand tussen aangetaste beeste geleef het, terwyl 'n kontro=legroep, wat nie die sout ingekry het nie, almal gevrek het.[61] Op navraag het die landdros van Zeerust egter geantwoord dat die middel 'n volslae mislukking is en slegs die siekte help versprei het.[62] 'n Ander middel wat aanbeveel is, was 'n kwart bottel paraffien gemeng met 'n kwart bottel roulynolie vir elke besmette bees.[63]

Nog 'n middel was om vyf eetlepels Cooper's poeier

60. SS.6027/96 Inkomende stukke: R4212/96 Telegram Theiler - Staatsekretaris, 20 April 1896., p.24.

61. SS.6000/96 Inkomende stukke: R8466/96 J.P. Snijman - Staatsekretaris, 25 Junie 1896, pp. 134 - 137.

62. SS.6000/96 Inkomende stukke: R9279/96 Landdros Zeerust - Staatsekretaris, 16 Julie 1896, p.147.

63. SS.6004/96 Inkomende stukke: R5776/96 Telegram landdros Christiana - Staatsekretaris, 15 Mei 1896, p.36.

met tien eetlepels swael te meng en dan vir elke bees een teelepelsvol van die mengsel in te gee, gevolg deur 'n handvol sout in die bees se bek.[64] 'n Ander middel, wat selfs in die Staatskoerant aanbeveel is, was om 'n bees vyf dae sonder water te los en dan 'n driekwart bottel roulynolie in te gee.[65]
In opdrag van die regering moes Theiler hierdie en ander medikamente by Makapaanspoort, in die Water=bergse distrik, op die proef stel. Hy het sy bevin=dinge in 'n breedvoerige verslag aan die regering geskets en afgesluit deur te herhaal dat daar geen middel teen runderpes in 'n winkel of 'n apteek te kry is nie. Al metode wat na sy mening moontlik in die toekoms 'n oplossing kon bied, was inenting.[66]
Dat die boere in die aanwending van hierdie middels daartoe meegewerk het om die siekte steeds na nuwe slagoffers oor te dra, is ongetwyfeld waar.[67]

---

64. SS.6011/96 Inkomende stukke: R8043/96 Telegram landdros Standerton - Staatsekretaris, 22 Junie 1896, pp.169 -170.

65. Staatscourant, 22 April 1896: Goewermentskennisgewing no. 98, 20 April 1896, p.469.

66. SS.6046/96 Inkomende stukke: R10281/96 Theiler - Staat=sekretaris, 1 Augustus 1896, pp. 27 - 32.

67. G.82 - '96 Rinderpest Conference held at Vryburg, August 1896, p. 37.

5. Verskillende metodes van inenting.

Volgens Theiler was die boere steeds oortuig dat runderpes deur inenting gekeer sou kon word, soos hulle longsiekte ook die hoof gebied het. Hy verwys na die boere as "grosse Impfreunde" (groot voorstanders van inenting).[68] Die feit dat die afmaak van beeste as die enigste doeltreffende metode van bekamping gesien is, het die boere dwars in die krop gesteek. Hulle wou hê dat eksperimentering gewettig word. Die afmaking is dan ook met die proklamasie van 11 November 1896 afgeskaf en eksperimentering, wat eintlik altyd aan die gang was, is gewettig.[69] Verskeie metodes van inenting het nou die lig gesien, waarvan twee, naamlik die sogenaamde Oosthuizen=metode en die Waterbergmetode, ons aandag verdien.

a. Die Oosthuizenmetode.

Op 20 Oktober 1896 het die Transvaalse regering

68. A. Theiler: Rinderpest in Süd-Afrika (Schweizer-Archiv Für Tierheilkunde, 1897, p.26).

69. Staatscourant, 11 November 1896: Proklamasie Staats=president, 3 November 1896, p.1540.

'n telegram ontvang waarin melding gemaak is van 'n suksesvolle inentingsmetode wat deur die soge=naamde "Oosthuizen Syndikaat" van die Hartsrivier=wyk in die distrik Bloemhof ontwikkel is. Die lede van die sindikaat was bereid om hierdie me=tode aan die regering te demonstreer.[70] Op 30 Oktober 1896 het president Kruger opdrag gegee dat 'n beskrywing van die metode aan die regering voorgelê moet word. Oosthuizen moes dan onder toesig van landdros Schutte van Pretoria hierdie middel van hom op die proef stel, om die regering van die bruikbaarheid daarvan te oortuig.[71] Volgens dié metode het die inenting teen runder=pes byna op dieselfde wyse geskied as dié wat in die bestryding van longsiekte gebruik is. Die stof wat vir die inenting gebruik moes word, is verkry uit 'n bees wat vir minstens drie dae reeds swaar aan runderpes gely het. Die "serum" het uit die volgende bestaan: 7⅓ eetlepel gal,

70. SS.6004/96 Inkomende stukke: R14755/96 Telegram Oost=huizen Syndikaat - Staatsekretaris, 20 Oktober 1896, p.177.

71. SS. 6003/96 Inkomende stukke: R15592/96 Oosthuizen - Staatsekretaris, 30 Oktober 1896, p.131.

$4\frac{1}{3}$ eetlepel slym uit die melkderm, $4\frac{1}{3}$ eetlepel water uit die melkpens en sestien eetlepels bloed uit die hart van die siek dier. Hierdie stof moes in 'n koel plek bewaar en binne twee dae gebruik word. Die inenting word gedoen deur skaapwolpluisies wat goed in die serum geweek is in twee snitte aan die stert en een aan die keel=vel te plaas. Dit was verkieslik dat onbesmette diere so geïmmuniseer word, maar beeste wat reeds besmet was, sou ook nog baat vind by die inenting.[72] Die regering het nie gehuiwer om die metode op die proef te stel nie. Reeds op 30 Oktober 1896 het landdros Schutte, dr. Teichman, 'n veearts, en Oosthuizen na Wallmansthal vertrek waar runderpes onder 'n trop van 200 beeste geheers het. Oost=huizen het 72 beeste wat van die ander afgesonder is, ingeënt. Op 1 September 1896 was hierdie beeste in 'n haglike toestand. Op 2 September 1896 is 'n dertigtal onbesmette beeste op die

72. Ibid., pp. 133 - 135.

besmette plaas Klipfontein deur Oosthuizen ingeënt. Teichman het ook 'n klomp geënt, sodat altesaam 158 beeste behandel is.[73] Op 12 November 1896 berig landdros Schutte dat die besmette beeste wat te Wallmansthal ingeënt is, almal gevrek het. Die onbesmette beeste op die plaas Klipfontein het egter geen tekens van die siekte geopenbaar nie.[74] Dit beteken egter ook dat die beeste nie geïmmuniseer is nie, aangesien in so 'n geval, die beeste wel die siekte in 'n ligte graad sou opgedoen het.

Vanuit die distrik Bloemhof het berigte nou begin instroom dat die Oosthuizenmetode nie geslaag was nie. So skryf waarnemende kommandant J.A. van Niekerk aan die Kommissaris van Polisie dat die toepassing van die Oosthuizenmetode aan 'n misdaad grens, aangesien die aanwending daarvan tot 'n verhewigde verspreiding van die siekte in die distrik aanleiding gegee het. Hy meld byvoorbeeld

73. SS.6003/96 Inkomende stukke: R15215/96 Landdros Schutte - Staatsekretaris, 3 November 1896, pp. 126 - 130.

74. SS.6003/96 Inkomende stukke: R15848/96 Landdros Schutte - Staatsekretaris, 12 November 1896, pp. 139 - 143.

dat op die plaas Bosmanspoort, van ene Putter, 259 beeste geënt is, waarvan slegs vier toe nog geleef het.[75)]

Alhoewel die metode dus 'n mislukking was, was dit tog 'n poging in die rigting van die uiteinde=like suksesvolle bekamping van die siekte.

b. <u>Die Waterbergmetode</u>.

'n Ander inentingsmetode wat nog meer algemeen toe=gepas is as die Oosthuizenmetode, is die sogenaam=de Waterbergmetode. Hierdie metode was ook suksesvoller as eersgenoemde in dié sin dat diere wel daardeur geïmmuniseer is, alhoewel dit ook in baie gevalle rampspoedige gevolge gehad het. Reeds op 14 September 1896 het die Kaapse minister van Landbou navraag gedoen of daar waarheid in die gerugte steek dat sekere persone in Waterberg daarin geslaag het om 'n suksesvolle inentings=metode teen runderpes te ontwikkel.[76)] Op

75. SS.6003/96 Inkomende stukke: R16475/96 Kmdt. van Niekerk - Kommissaris van Polisie, 19 November 1896, pp. 171 - 178.

76. SS.6082/96 Inkomende stukke: R13487/96 Telegram Kaapse Minister van Landbou - Staatsekretaris, 14 September 1896, p.123.

2 Oktober 1896 het die staatsekretaris geantwoord dat daar wel geëksperimenteer word, maar dat nog geen middel gevind is nie.[77)]
Inenting volgens die Waterbergmetode is gedoen deur gesonde beeste met 'n mengsel van besmette beeste se hartbloed, gal en water uit die maagholte in die ent.[78)] Nadat die mengsel vir een tot drie dae laat staan is, is stukkies wol daarin geplaas, snytjies in die vel gemaak en die wol daarin geplaas. Hierdie proses kan van een tot drie keer in nege tot vyftien dae herhaal word.[79)] Hierdie metode het nie altyd dieselfde resultate gelewer nie. So berig die Standard and Digger's News op 12 Januarie 1897, dat honderde beeste gevrek het as gevolg van inenting volgens hierdie metode.[80)] Op 16 Januarie 1897 berig The Star egter dat die pes in wyk Zwagershoek van die distrik Waterberg suksesvol deur die boere uitgeroei is deur die toepassing van hierdie metode.[81)]

77. SS.6082/96 Inkomende stukke: R13582/96 Staatsekretaris - Kaapse Minister van Landbou, 2 Oktober 1896, p.142.

78. ZAR.168: Korrespondensie, ens. ivm. runderpes: Report on the International Rinderpest Congress Held at Pretoria from the 2nd to the 13th August 1897, p.20.

79. A. Theiler, J. Danysz en T. Bordet: Report on Rinderpest to the Transvaal Government (The Veterinary Journal and Annals of Comparative Pathology, 1898, p.299).

80. Standard and Digger's News: 12 Januarie 1897.

81. The Star, 16 Januarie 1897.

In sommige gevalle het alle beeste wat ingeënt is, gevrek, in ander weer het die vrekte gewissel van 15% tot 90%.[82] Theiler het hierdie gemengde sukses toegeskryf aan die feit dat die boere nie daarvan bewus was dat die kwaadaardigheid van die smetstof eers vernietig moes word nie. Dit kon vernietig word deur dit vir twee uur aan die son=lig bloot te stel. Verder kon dit gedoen word deur die serum met gliserien te meng, óf om dit eers na twee dae te gebruik.[83] Waar hierdie kwaadaardigheid dus nie eers uitgeskakel is nie, het die toediening van die serum dodelike gevolge gehad. Waar hierdie gevaar uitgeskakel is, kon baie beeste teen die siekte geïmmuniseer word. Soos in die geval van die Oosthuizenmetode het landdros Schutte van Pretoria opdrag ontvang om hierdie metode op die proef te stel.[84] Van 41 beeste wat volgens die metode ingeënt is, het net sewe bly leef. Die beeste is ingeënt direk

82. A. Theiler, J. Danysz en T. Bordet: Report on Rinderpest to the Transvaal Government (The Veterinary Journal and Annals of Comparative Pathology, 1898, p.299).

83. ZAR.168: Korrespondensie, ens. ivm. runderpes: Report on the International Rinderpest Congress held at Pre=toria from the 2nd to the 13th of August 1897, pp. 2-13.

84. SS.6034/96 Inkomende stukke: By R17050/96 Landdros Schutte - Staatsekretaris, 20 Januarie 1897, p.52.

nadat die serum uit 'n besmette bees verkry is. Schutte het dan ook hierdie metode as 'n mislukking afgeskryf.[85]

Theiler het egter later erken dat hierdie metode meriete gehad het en dat hy dit as beginpunt in sy navorsing gebruik het.[86]

c. Die Kochmetode.

Dit was egter nie in Transvaal waar die eerste werklike sukses met inenting behaal is nie, maar wel in die Kaapkolonie. Die Kaapse regering het naamlik die hulp van die Duitse bakterioloog dr. Robert Koch ingeroep in die hoop om 'n teen= voeter teen runderpes te kry.[87] Koch het sedert= dien bekend geraak as die vader van die moderne bakteriologiese tegniek. Dit is hy wat daarin geslaag het om die organismes te isoleer wat miltsiekte by beeste, tuberkulose en cholera veroorsaak. Koch is aan die begin van Oktober

85. SS.6034/96 Inkomende stukke: By R17050/96 Landdros Schutte - Staatsekretaris, 5 April 1897, p.52.

86. ZAR.168: Korrespondensie, ens. ivm. runderpes: Report on the International Rinderpest Congress held at Pretoria from the 2nd to the 13th August 1897, pp. 19 - 20.

87. G. Theiler: Arnold Theiler, 1867 - 1936 (His Life and Times), p.4.

1896 deur die Kaapse regering genooi om navorsing aan die Kaap te kom doen met die oog op 'n teen= middel teen runderpes. Op 1 Desember 1896 het hy en sy assistent dr. A. Kohlstock in Kaapstad aangekom.[88] Net buite Kimberley is 'n terrein beskikbaar gestel vir navorsing deur dr. Koch.[89] Dr. Koch se werk is spoedig met sukses bekroon. Op 10 Februarie 1897 kon hy aan die Kaapse rege= ring rapporteer dat hy 'n metode ontwikkel het om beeste teen runderpes te immuniseer.[90] Reeds op 20 Februarie 1897 is die nuus van dr. Koch se uitvinding landswyd bekend gemaak in 'n hoofartikel in De Volksstem. Koch het nou 'n uitnodiging aan bevoegde persone gerig om te Kimberley onderrig te ontvang in die toepassing van die metode.[91] Die Transvaalse regering het dadelik van die ge= leentheid gebruik gemaak om van Koch te leer. Op 21 Februarie 1897 het 'n kommissie bestaande uit kommandant D.J.B. Erasmus van Pretoria as voor=

---

88. The Star, 21 Maart 1967, p.94.

89. G. Theiler: Arnold Theiler, 1867 - 1936 (His Life and Times), p.4.

90. A. Theiler, J. Danysz en T. Bordet: Rinderpest Investi= gations (The Veterinary Journal and Annals of Compara= tive Pathology, 1898, p.299).

91. De Pers, 20 Februarie 1897 (Hoofartikel).

sitter, dr. T. Bordet (Franse bakterioloog in diens van die Transvaalse regering), dr. A. Theiler (staatsveearts), dr. J.L. Laxton (geneesheer by die staatsartillerie), D.G. du Plessis (runder=peskommissaris), dr. J.W. Stroud (veearts) en veldkornet P. Kruger van Swartruggens, na Kimberley vertrek.[92] 'n Kommissie van vier lede, wat die Pretoriase Landbougenootskap verteenwoor=dig het, het ook die regeringskommissie vergesel.[93] Op 23 Februarie 1897 was die kommissie in Kimber=ley en op 24 Februarie is hulle deur Koch te woord gestaan en ingelig omtrent sy metode van inenting.[94]

Skynbaar het dr. Bordet dadelik Koch se bevindinge aan dr. J. Danysz, die senior van die twee Franse bakterioloë in diens van die Transvaalse regering, getelegrafeer, want reeds op 26 Februarie 1897 het Danysz aanbevelings aangaande die toepassing van die Koch-metode aan die Transvaalse regering

92. De Volkstem, 2 Maart 1897: Rapport van de Commissie naar Kimberley.

93. De Volkstem, 9 Maart 1896.

94. De Volkstem, 2 Maart 1897: Rapport van de Commissie naar Kimberley.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

gemaak. Hy het voorgestel dat die regering twee of drie afgevaardigdes uit elke distrik na die proefstasie Waterval moes stuur, waar hy, Theiler en Bordet werksaam was. Die afgevaardigdes kon dan die Kochmetode leer ken. Daarna moes in die besmette dele van Transvaal met inenting begin word, met die doel om die verdere verspreiding van die siekte te verhoed. Aangesien daar nie genoeg spuite vir die inenting voorhande was nie, moes die regering onmiddellik stappe doen om genoeg daarvan uit Frankryk te bestel.[95]

Op 1 Maart 1896 het die kommissie egter self aan die Transvaalse regering volledig verslag gedoen betreffende hul besoek aan Kimberley. Hulle het melding gemaak van dr. Koch se bereidwilligheid om hulle te help. Dit is ook beklemtoon dat dr. Koch se middel 'n voorbehoedmiddel was en glad nie op siek beeste toegepas kon word nie. Die Kochmetode het behels dat gesonde beeste met

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

95. SS.6028/96 Inkomende stukke: R3316/97 Danysz - Staatsekretaris, 26 Februarie 1897, pp. 63 - 66.

minstens 10cm.$^3$ gal, wat uit 'n runderpesbesmette bees verkry is, ingeënt word. Ses tot agt dae later sal so 'n bees dan immuun teen runderpes wees. Sulke geïmmuniseerde beeste is deur dr. Koch met hoeveelhede runderpesbesmette bloed ingespuit wat duisende ongeïmmuniseerde beeste kon laat vrek het. Die geïmmuniseerde beeste het geen nagevolge getoon nie. Daar was egter sekere voorskrifte wat baie noukeurig gevolg moes word. Eerstens is dit belangrik dat nie minder as 10 cm.$^3$ gal gebruik moet word nie. Dit is om hierdie rede dat die Transvaalse boere met hulle inenting met wolpluisies nie sukses kon behaal nie. Twee= dens mag gal van beeste wat lank aan die siekte gely het, nie gebruik word nie. Derdens moet die gal baie versigtig getap word en mag dit onder geen omstandighede met bloed of enigiets anders vermeng wees nie. Veral moet die persoon of persone wat inent se klere en hande baie skoon wees. Vierdens moet die gal wat intussen goed verseël is in 'n bottel binne 48 uur gebruik word. Dr. Koch beklemtoon die feit dat die inenters self die siekte kan versprei en dat dit dan nie gekeer kan word nie, aangesien die immunisering langsamer as die verspreiding

verloop.[96]

Verder het die kommissielede aanbeveel dat hulle toegelaat moes word om met die instrumente voor=hande dadelik met inenting te begin. Nadat die nodige instrumente verkry is, moes die staatsvee=arts bevoegde persone uit elke distrik opleiding in die inentingspraktyk gee. Sulkeopgeleide inenters moes van sertifikate voorsien word, ten einde die verkeerde toepassing van die metode te verhoed. In gesonde wyke moes glad nie geënt word nie.[97]

Die Uitvoerende Raad het hierdie aanbevelings op 2 Maart 1897 bestudeer en president Kruger gemagtig om 'n proklamasie in die verband uit te vaardig.[98] Op 3 Maart 1897 het 'n proklamasie wat al die aanbevelings van die kommissie bekrag=tig in die Staatskoerant verskyn.[99]

Vir die boere in Transvaal was die nuwe inentings=proses 'n groot uitvinding wat met blydskap

---

96. Staatscourant, 3 Maart 1897: Rapport van de Commissie afgezonden naar Kimberley in zake Runderpest, g.d., pp. 330 - 331.

97. Ibid.: p.331.

98. UR.14 Besluite 8 September 1896 - 5 Mei 1897: Artikel 170, 2 Maart 1897, p.348.

99. Staatscourant, 3 Maart 1897: Proklamasie Staatspresi=dent, 2 Maart 1897, p.330.

begroet is. In alle distrikte is dadelik met inenting begin. So berig die landdros van Rustenburg dat veldkornet Kruger in die distrik begin het met inenting, maar dat die werk gekort=wiek is deur 'n gebrek aan spuite en naalde.[100)] Die probleem was egter toe dat onbevoegdes hulle ook die reg toegeeïn het om volgens die Kochmetode in te ent, alhoewel hulle nie, volgens die bepa=lings van die proklamasie van 3 Maart 1896, die reg daartoe gehad het nie.[101)] J.P. Hess, sekre=taris van die Pretoriase Landbougenootskap het daarop gewys dat van hierdie inenters selfs voor=gegee het dat hulle die metode by Koch in Pretoria geleer het - dit illustreer hulle moedswilligheid in hierdie verband wat 'n groot gevaar vir die veestapel ingehou het.[102)] Die rampspoedige gevolge sou dan ook nie agterweë bly nie. Dr. Koch het beklemtoon dat sy metode, veral die verkryging van die gal wat vir inenting gebruik

100. SS.6022/96 Inkomende stukke: R3687/97 Telegram land=dros Rustenburg - Staatsekretaris, 9 Maart 1897, p.100.

101. SS.6066/96 Inkomende stukke: R3708/97 Telegram Landdros Lichtenburg - Staatsekretaris, 9 Maart 1897, p.72.

102. De Volkstem, 12 Maart 1897 (J.P. Hess - Redakteur).

word, met groot omsigtigheid toegepas moet word. Spoedig het beeste begin vrek as gevolg van 'n verkeerde toepassing.[103)] Dit was veral die geval nadat die boere hulle aanvanklike versigtig= heid prysgegee het in hulle haas om hulle veesta= pel te red.[104)]

Verder was dit 'n baie omslagtige metode wat veel probleme in die praktyk opgelewer het. Na lang= durige en sorgvuldige proefnemings kon Theiler verskeie redes aanvoer waarom die Koch-metode, hoewel dit suksesvol gebruik kon word, tog nie die nodige immuniteit in alle gevalle gegee het nie. Eerstens word die immuniteit eers na 'n geruime tyd verkry en beeste kon dus die pes intussen opdoen. Tweedens was dit 'n probleem om genoegsame gal van die regte kwaliteit, soos deur dr. Koch voorgeskryf, te verkry. Derdens was, volgens Theiler, die immuniteit wat verkry is, nie blywend nie en van betreklik korte duur.[105)]

---

103. Standard and Digger's News, 15 Maart 1897.

104. De Potchefstroomer, 18 Maart 1897 (Hoofartikel).

105. ZAR.168: Korrespondensie ens. ivm. runderpes: Report on the International Rinderpest Congress held at Pretoria from the 2nd to the 13th August 1897, p.25.

In hierdie verband het Theiler, Danysz en Bordet die bruikbaarheid van inenting met gal, volgens dr. Koch se metode, as volg saamgevat. "Theore= tically inoculation with gall should frequently give perfect results, but in practice this method is attended by the same difficulties as the Waterberg method, although in a lesser degree. It can conduce to the spreading of the disease without affording perfect certainty as to the salting of the animals that have not become sick. It has been experienced that animals inoculated with gall may die of rinderpest within a month or two after inoculation."[106)]

Uit alle dele van Transvaal het spoedig ook berigte gekom van die tweeledige uitwerking van die inenting volgens dr. Koch se metode. So skryf veldkornet Douthwaite aan die landdros van Pot= chefstroom dat hoe versigtig ook al te werk gegaan word, pes tog onder die beeste uitbreek, selfs na

---

106. A. Theiler, T. Bordet en J. Danysz: Rinderpest Investigations (The Veterinary Journal and Annals of Comparative pathology, 1898, pp. 229 - 300).

verloop van 35 dae. Hy sê egter dat die metode wel meriete het, aangesien die ingespuite beeste die siekte in 'n ligter graad opdoen en makliker herstel en 'n groter getal beeste dus die siekte oorleef. Hy wou dit onder die regering se aandag bring dat beeste wat as proefneming met bloed in= geënt is, net so goed of beter herstel het as die wat met gal ingeënt is.[107)] Ook runderpeskommis= saris, D.G. du Plessis, wat 'n baie grondige kennis van runderpes gehad het, het gesê dat hy die meto= de tog aanbeveel as 'n sukses ten spyte daarvan dat baie beeste tog nog vrek.[108)]

Dit was ook nie net in Transvaal wat probleme met die Kochmetode ondervind is nie. Op 'n stadium het daar in Kimberley, onder die navorsers wat dr. Koch se werk voortgesit het, groot onrustig= heid ontstaan omdat uit 800 beeste wat streng volgens voorskrif ingeënt is, 150 gou dood is en nog 200 ernstig siek was ten tye van die berig.[109)]

---

107. Klerksdorp delwerye, 159 Inkomende stukke: Vkt. Douthwaite - Landdros Potchefstroom, 6 April 1897, g.p.

108. SS.6040/96 Inkomende stukke: R5446/97 D.G. du Plessis - Staatsekretaris, 12 April 1897, p.135.

109. Standard and Digger's News, 12 April 1897.

Uit verslae wat by die Transvaalse regering inge= dien is, blyk dit tog dat baie beeste gespaar ge= bly het van runderpes as gevolg van die toepassing van die Kochmetode. So telegrafeer die landdros van Lichtenburg dat in sommige gevalle die boere slegs van vyf tot tien persent beeste aan runder= pes verloor het, maar in ander gevalle weer tot soveel as vyftig persent.[110)] Die landdros van Zeerust het berig dat volgens verslae sout tussen 40% en 75% van die ingeënte beeste.[111)] Volgens die Schweizer Archiv für Tierheilkunde is die gemiddelde sterftesyfer by die 60%, terwyl vir elke 100 beeste wat ingeënt is 10 - 15 ander diere opgeoffer moes word om entstof te kry.[112)] Samevattend kan verwys word na die opmerking van Theiler, Danysz en Bordet in hulle verslag oor die Kochmetode aan die regering. Hulle beklem= toon dat die metode wel toegepas moet word by gebrek aan 'n beter metode en dat dit wel met

110. SS.6066/96 Inkomende stukke: R9082/97 Telegram Land= dros Lichtenburg - Staatsekretaris, 29 Junie 1897, p.117.

111. SS.6003/96 Inkomende stukke: R9675/97 Telegram Landdros Zeerust - Staatsekretaris, 8 Julie 1897, p.21.

112. Impfung gegen Rinderpest: Mission Danysz und Bordet von Institut Pasteur in der süd-afrikanischen Republik.

goeie gevolge gebruik kan word. Die probleem is egter dat die boere, met die redelik primitiewe toerusting tot hulle beskikking, moeilik hierdie metode streng volgens die vereiste wetenskaplike toepassing kon gebruik.[113)]

Theiler het op 21 Februarie 1897 in 'n brief aan sy ouers gesê dat Koch die eer gekry het dat hy 'n teenmiddel teen runderpes gevind het, bloot omdat hy sy bevindinge vinnig bekend gemaak het. Hyself (Theiler) het die stommiteit begaan om nie sy eie metode dadelik wêreldkundig te maak nie.[114)] Of dit wel so is, is te betwyfel, aangesien Theiler, Danysz en Bordet eers op 17 Maart 1897 hulle bevindinge bekend kon maak.[115)] Dat hulle wel reeds op die spoor was van inenting met bloed=serum staan egter soos 'n paal bo water. Koch was egter ook haastig om in opdrag van die Duitse regering na Bombaai te vertrek om daar navorsing na 'n teenmiddel teen builepes te doen.[116)]

113. SS.6040/96 Inkomende stukke: R4829/97 A. Theiler, J. Danysz en T. Bordet - Staatsekretaris, 28 Maart 1897, pp. 83 - 94.

114. F.J. du T. Spies: Uit die Briewe van sir Arnold Theiler (Pretoriana no. 23, April 1957, p.10).

115. Impfung gegen die Rinderpest. Mission Danysz und Bordet von Institut Pasteur in der süd-afrikanischen Republik (Schweizer-Archiv für Tierheilkunde, 1898, p.275).

116. The Star, 21 Maart 1967: Marais Malan: Rinderpest Ruin - 70 years ago, p.94.

As gevolg hiervan het hy skynbaar nie die nodige afronding aan sy metode gegee of dit enigsins vereenvoudig nie. Om hom egter as die grootste reddende hand uit die wurggreep van runderpes te sien, soos wat M. Malan in sy artikel in The Star van 21 Maart 1967 wil doen of om te sê dat sy metode net later ietwat gewysig is,[117] is foutief. 'n Baie beter, nuwe en onafhanklik ontwikkelde metode, naamlik dié van Theiler en die Franse bakterioloë Danysz en Bordet, sou spoedig die lig sien.

d. Inenting met bloed volgens die metode deur A. Theiler, J. Danysz en T. Bordet ontdek.

Theiler was vroeg reeds van mening dat inenting teen die siekte moontlik moes wees, aangesien sommige besmette beeste die siekte oorleef het of "gesout" is. Op 10 April 1896 het hy aan die

---

117. Ibid.

die regering voorgestel dat hy toegelaat moes word om navorsing in hierdie verband te doen. Aange=sien hierdie eksperimente gevaarlik sou wees, moes dit verkieslik op 'n plaas aan die westelike of noordelike grens gedoen word, wat afgesonderd was en waar entstof ook maklik van besmette beeste verkry kon word. Hy was ook bereid om dadelik met sodanige navorsing te begin.[118)]

Die regering was egter nie op daardie stadium bereid om sulke navorsing van stapel te stuur nie. Eers op 11 Mei 1896 is Theiler as staats=veearts aangestel teen 'n salaris van £500 per jaar plus reiskoste.[119)] Hierna is sy tyd in beslag geneem deur allerlei boererate teen die pes op die proef te stel. Hierdie proefnemings is by die lokasie van Vaaltyn Makapaan in die distrik Waterberg gedoen.[120)] Hier kon hy ook navorsing doen in verband met sekere ondersoeke wat op daardie tydstip uit Rusland gerapporteer is.[121)]

118. SS.6099/96 Inkomende stukke: R3782/96 Theiler - Staat=sekretaris, 10 April 1896, pp. 156 - 157.

119. UR.13 Besluite 30 Mei 1895 - 4 September 1896: Arti=kel 362, 11 Mei 1896, p.359.

120. The Press, 17 Junie 1896.

121. SS.6027/96 Inkomende stukke: R7269/96 Theiler - Staatsekretaris, 9 Junie 1896, p.143.

Op 27 Junie 1896 het hy deeltyds met hierdie navorsing begin.[122)]

Dit was egter eers in Oktober 1896 dat A. Theiler in staat gestel was om hom voltyds aan navor= sing te wy. Dit was 'n gesamentlike poging van die Transvaalse en Natalse regerings om 'n serum teen die pes te vind. Op 1 Oktober 1896 het A. Theiler en H. Watkins-Pitchford, hoofveearts van Natal, na die plaas Witfontein in die Dwars= berge in die distrik Rustenburg vertrek. Hierdie plaas was net 'n paar kilometer van die Betsjoeana= landse grens verwyder.[123)]

Op 10 Oktober 1896 het dié twee manne onder baie moeilike omstandighede en met uiters primitiewe toerusting tot hulle beskikking met hulle navor= sing begin.[124)] In hulle navorsing het hulle as uitgangspunt die reeds gedane navorsing van Lorenz en Lemmer gebruik, wat bewys het dat die serum van 'n dier wat 'n siekte oorleef het, aan

122. SS.6048/96 Inkomende stukke: R8270/96 Telegram Theiler - Staatsekretaris, 27 Junie 1896, p.43.

123. A. Theiler: Experimentalunternehmungen über Rinder= pest (Schweizer-Archiv für Tierheilkunde, 1897, p.193).

124. D. Hutcheon: De Serum Methode voor de Behandeling van Beesten als een Preventief van Runderpest in Zuid-Afrika (Landbouw Journal, 1898, p.28).

ander diere wat met die serum behandel word, 'n tydelike immuniteit verleen. Hulle het beoog om deur middel van serum verkry van 'n bees wat runderpes oorleef het aan ander beeste 'n "passiewe immuniteit" te verleen en daarna deur opeenvolgende virusinspuitings hierdie "passiewe immuniteit" in 'n "aktiewe immuniteit" te verander. Vervolgens wou hulle vasstel of 'n immune dier teen sekere hoeveelhede van die virus weerstand kon bied.[125)]

Benewens hierdie hoofdoel wat nagestreef is, het die twee navorsers ook bewys dat die besmettende eienskappe van runderpes vernietig kon word deur 'n matige hitte of deur droë lug en ook dat die serum van 'n gesoute bees nie runderpes na 'n gesonde bees kan oordra nie.[126)]

In hulle navorsing is gesonde beeste behandel met verskillende hoeveelhede serum verkry uit gesoute beeste. Die behandelde beeste is dan weer met

125. A. Theiler: Experimentalunternehmungen über Rinderpest (Schweizer-Archiv für Tierheilkunde, 1897, p. 194).

126. D. Hutcheon: De Serum Methode voor de Behandeling van Beesten als een Preventief van Runderpest in Zuid-Afrika (Landbouw Journaal, 1898, p.23).

verskillende hoeveelhede runderpesbesmette bloed ingespuit. Daar is gevind dat hoe 'n groter hoeveelheid (wisselende van 10 cm.$^3$ tot 170 cm.$^3$) serum vir 'n gesonde bees ingespuit word, hoe groter is die bees se kans op herstel. Die hoeveelheid serum wat gebruik moes word, was egter te veel dat die metode van enige praktiese waarde kon wees. Hierna het hulle beeste behandel met verskillende hoeveelhede serum gemeng met 1 cm.$^3$ runderpesbesmette bloed. Ook in hierdie proefneming het die diere weerstand gebied teen runderpesbesmette bloed wat later ingespuit is. Hier, soos in die eerste geval, is daar egter gevind dat die immuniteit wat verkry is, net passief van aard was, dit wil sê tydelik. Die diere het, as hulle na verloop van tyd weer met runderpes in kontak was, die siekte opgedoen en gevrek. Die vraag was hoe hierdie tydelike immuniteit na 'n permanente immuniteit verander kon word.[127)]

127. A. Theiler: Experimentalunternehmungen über Rinderpest (Schweizer-Archiv für Tierheilkunde, 1897 pp. 196 - 207).

Voordat A. Theiler en H. Watkins-Pitchford egter hulle werk kon voortsit en afrond is Theiler teen die einde van Januarie 1897 gelas om na Pretoria terug te keer ten einde met die twee Franse na=vorsers, J. Danysz en T. Bordet, saam te werk. Watkins-Pitchford moes ook op hierdie stadium na Natal terugkeer.[128)]

Hulle arbeid was egter die grondslag waarop die Franse bakterioloë, tesame met Theiler, hulle navorsing sou bou.[129)] Tydens die Internasionale runderpeskongres wat van 2 tot 13 Augustus 1897 in Pretoria gehou is, het die Franse ook hierdie feit erken.[130)]

Reeds op 2 Desember 1896 het die Transvaalse Uit=voerende Raad besluit om 'n proefstasie op te rig met die doel om 'n "geneesmiddel" teen die runder=pes te vind. Landdros Schutte van Pretoria moes die nodige grond vir die doel aankoop asook die verantwoordelikheid neem vir die oprigting van

---

128. D. Hutcheon: De Serum Methode voor de Behandeling van Beesten als een Preventief van Runderpest in Zuid-Afrika (Landbouw Journal, 1898, p.25).

129. SS.6392/96 Inkomende stukke: RA1060/96 Theiler - Staatsekretaris, 28 Februarie 1898, p.144; Report from Herbert Watkins -Pitchford, chief veterinary surgeon, to Minister of Agriculture, Natal (1898) (The Agricul=tural Journal and Mining Record, 1899, p.243).

130. Veearts A.J. Haslam - Onder-sekretaris van die Natalse regering, 14 Augustus 1897 (Landbouw Journaal, 1898, p.27); A. Theiler, J. Danysz en T. Bordet: Rinderpest Investigations (The Veterinary Journal and Annals of Comparative Pathology, 1898, p.301).

kampe en skure.[131]

Op 20 Januarie 1897 kon Schutte rapporteer dat hy die plaas Waterval van 'n sekere Oberhardt gekoop het en besig was met die oprigting van die nodige fasiliteite.[132] Hierdie plaas het aan die noor=delike sy van die huidige Onderstepoort gegrens.[133] Die reeds gemelde Franse bakterioloë, T. Bordet en J. Danysz, hul dienste aan die Transvaalse regering aangebied, ten einde 'n wetenskaplike ondersoek in te stel na die verskillende veesiek=tes in Transvaal. Hulle sou ook poog om genees=middels vir hierdie siektes te vind.[134] Die siektes wat hier ter sprake was, was runderpes en perdesiekte.[135] Danysz het reeds kennis van runderpes gehad, aangesien hy hierdie siekte in Rusland bestudeer het.[136] 'n Subsidie van £2 000, asook reiskoste, sou aan die twee Franse gesamentlik betaal word, met dien verstande dat die onkostes gedelg moes word uit die opbrengs

131. UR.14 Besluite 8 September 1896 - 5 Julie 1897: Arti=kel 1033, 2 Desember 1896, pp. 154 - 155.

132. SS.6034/96 Inkomende stukke: Verslag Schutte, 20 Ja=nuarie 1897, as bylaag by R17050/96 Landdros Pretoria - Staatsekretaris, 20 Januarie 1897, pp. 50 - 51.

133. G. Theiler: Sir Arnold Theiler, 1867 - 1936 (His Life and Times), p.4.

134. UR. 14 Besluite 8 September 1896 - 5 Julie 1897: Artikel 41, 20 Januarie 1897, p.243.

135. SS.6389/96 Inkomende stukke: GR.954/97 J. Danysz - Staatsekretaris, 4 Junie 1897, pp. 91 - 93.

136. De Volkstem, 15 Januarie 1897.

van die geneesmiddels wat verkoop sou word.[137]
Uiteindelik is egter 'n subsidie van £ 6 000 betaal.[138]
Op 14 Januarie 1897 het die twee Franse dokters in Kaapstad aangekom en dadelik na Transvaal vertrek.[139] Op 5 Februarie 1897 kon gerapporteer word dat die laboratorium by Waterval so te sê klaar is en dat die Franse dokters binne die volgende paar dae met hulle navorsing kon begin.[140]
Dr. A. Theiler en die twee Franse bakterioloë het nou gesamentlik die navorsing om 'n entstof te ontwikkel, voortgesit. Veral die Natalse regering het sterk gevoel dat Theiler en Watkins-Pitchford, indien hulle die geleentheid gegun was, tog dieselfde resultate as Theiler en die Franse dokters sou verkry het. In hierdie lig gesien, het die Natalse regering ook 'n versoek van die Transvaalse regering om 'n deel van die onkostes verbonde aan Danysz en Bordet se ondersoek te dra,

137. UR. 14 Besluite 8 September 1896 - 5 Julie 1897: Artikel 41, 20 Januarie 1897, p.243.

138. SS.6389/96 Inkomende stukke: RA 2835/96 Staatsekretaris - Goewermentsekretaris, Oranje Vrystaat, 17 Maart 1898, p.50.

139. SS.6390/96 Inkomende stukke: RA217/96 Telegram Konsul De Waal, Kaapstad - Staatsekretaris, 14 Januarie 1897, p.76.

140. SS.6390/96 Inkomende stukke: R1835/97 Eerste Klerk van die Landdros, Pretoria - Staatsekretaris, 5 Februarie 1897, p.81.

verwerp.[141] Tog het Theiler uitdruklik beklem=toon dat, alhoewel die uitgangspunte van die twee metodes dieselfde was, Danysz en Bordet tog, in oorleg met hom, die beginsel daarvan verder ge=voer het om die metode van seruminenting te vervolmaak.[142]

Reeds op 17 Maart 1897 kon Danysz, Bordet en Theiler hulle eerste navorsingsresultate aan die Transvaalse regering bekend maak. Hulle het ook gevra dat 'n kommissie aangestel moes word om hulle proefnemings na te gaan om sodoende die sukses daarvan te bepaal en die metode bekend te stel.[143] Hierdie kommissie het onder voorsitterskap van landdros C.E. Schutte byeengekom om die meriete van die stelsel van inenting met bloed vas te stel. Nadat 'n hele reeks eksperimente deur die kommissie uitgevoer is, was hulle baie tevrede met die re=sultate daarvan en in staat om die stelsel by die Transvaalse regering aan te beveel.[144] Hierna

141. SS.6389/96 Inkomende stukke: RA3329/97 Koloniale Sekretaris - Staatsekretaris, 18 Junie 1897, p.75.

142. SS.6040/96 Inkomende stukke: R16791/97 Theiler - Land=dros Pretoria, 17 November 1897, pp. 20 - 22; SS.6392/96 Inkomende stukke: RA1060/98 Theiler - Staatsekre=taris, 28 Februarie 1898, pp. 144 - 145.

143. Impfung gegen die Rinderpest. Mission Danysz und Bordet von Institut Pasteur in der süd-afrikanischen Repu=blik (Schweizer-Archiv für Tierheilkunde, 1898, p.275).

144. ZAR.168 Korrespondensie ens. ivm. runderpes: Report on the International Rinderpest Congress held at Pretoria from the 2nd to the 13th August 1897, pp. 44 - 45.

sou die proefnemings nog 'n tydjie voortduur. Die doel hiermee was om absolute sekerheid te verkry insake die toepassing van die metode en die guns= tige uitwerking daarvan.[145] Ook was die weten= skaplikes intussen besig om persone op te lei wat die verdere inenting op wetenskaplike grond= slag sou kon uitvoer.[146]

As uitgangspunt het die wetenskaplikes aanvaar dat 'n bees wat runderpes gehad en daarvan genees het na verloop van 'n sekere tyd sekere elemente in sy bloed bevat wat tot gevolg het dat so 'n dier nie weer runderpes kon opdoen nie. Indien hierdie bloed vir 'n gesonde bees ingespuit word, sou hy vir 'n kort rukkie ook weerstand teen run= derpes kon bied as gevolg van die elemente in die gesoute dier se bloed. Sulke beeste sou die siekte dan slegs in 'n ligte graad opdoen en daarna ook gesout wees teen runderpes. Die Rus,

145. SS.6389/96 Inkomende stukke: R6533/97 T. Danysz - Staatsekretaris, 15 Junie 1897, p.68.

146. SS.6389/96 Inkomende stukke: GR954/97 T. Danysz - Staatsekretaris, 4 Junie 1897, p.91.

Semner, asook dr. Koch, dr. A. Theiler en dr. H. Watkins-Pitchford, het almal reeds tot hierdie gevolgtrekking gekom. Geeneen was egter daartoe instaat om vas te stel wat die mees ideale toestande was wat geskep moes word om 'n permanente immuniteit tot gevolg te hê nie.[147)]
Dit is hierin dat Theiler en die Franse weten=skaplikes geslaag het. Hulle het naamlik gevind dat die bloed van 'n bees wat die swaarste aan runderpes gely het, maar tog genees het, na verloop van ongeveer twee maande die beste is om ander beeste mee te immuniseer. Hierdie immuni=serende eienskappe is verder versterk indien die gesoute dier ná genesing twee inspuitings van 40 $cm.^3$ elk van die bloed van 'n runderpesbesmette bees ontvang het.[148)]
In die tweede instansie was dit nodig dat die beeste wat met die gesoute bees se bloed behandel was, die siekte moes opdoen sodat 'n permanente

---

147. A. Theiler, J. Danysz en T. Bordet: Rinderpest Inves=tigations (The Veterinary Journal and Annals of Comparative Pathology, 1898, p.301).

148. Ibid., p.302.

immuniteit verkry kon word. Waar beeste reeds siek was aan runderpes, kon hulle net met die voorbereide bloed ingespuit word, terwyl gesonde beeste aangesteek moes word, liefs deur hulle in kontak met die siekte te bring al kon runderpes ook teweeggebring word deur die inspuit van run=derpesbesmette bloed. Daar kon dus gewag word totdat die siekte in die omgewing was, waarna met inenting begin kon word.[149] Die belangrikste verskil tussen hierdie en die Kochmetode was dus dat Koch met gal van 'n besmette dier slegs vol=kome skoon kuddes ingeënt het wat eers na agt dae in kontak met die siekte mag kom, terwyl die metode van Danysz, Bordet en Theiler daaruit be=staan het dat reeds besmette kuddes met bloed ingeënt was.[150]

Deur die toepassing van hierdie behandeling kon die "passiewe" immuniteit, waarmee Theiler in sy vroeëre navorsing te doen gehad het, in 'n

149. Ibid., pp. 302 - 305.

150. Impfung gegen die Rinderpest. Mission Danysz und Bordet vom Institut Pasteur in der süd-afrikanische Republik (Schweizer-Archiv für Tierheilkunde, 1898, p.275).

"aktiewe" of permanente immuniteit verander word. 'n Brosjure met die volledige instruksies betref= fende die inenting met bloed, is nou deur die drie geleerdes opgestel en laat druk vir versprei= ding onder die Transvaalse bevolking. Eerstens is alle hulpmiddels wat nodig was, genoem. Tweedens is volledig beskryf hoe bloed van die gesoute bees getrek en daarna voorberei moet word. Daarin word ook beskryf hoedat die gesoute beeste waarvan die bloed verkry word, voorberei moet word. 'n Maand nadat die bees gesout is, moet dit met 100 $cm.^3$ runderpesbesmette bloed ingespuit word. Na 15 dae moet 'n tweede soortgelyke inspuiting, indien moontlik, gegee word. Bloed kon dan na 'n verdere 15 dae getap word en dit kon agt tot twaalf keer met tussenposes van vyf tot ses dae herhaal word.[151)]

Gesonde beeste moet met 100 $cm.^3$ bloed ingespuit en dan in aanraking gebring word met óf siek

151. SS.6096/96 Inkomende stukke: J. Danysz en T. Bordet: Proef-station te Waterval (Pretoria). Behandeling der Runderpest door bloed van gezouten beesten pp. 132 - 134.

beeste of die derms van 'n bees wat pas aan runder=pes gevrek het. 'n Tweede inspuiting van 100 cm.$^3$ voorbereide bloed moet vyf of ses dae later gedoen word. Siek beeste moet dan die eerste keer met 200 cm.$^3$ tot 300 cm.$^3$ bloed ingespuit word en twee tot drie dae later weer met 100 cm.$^3$ tot 200 cm.$^3$ bloed. Om werklik goed gesout te wees, moet die beeste siek word en weer genees.[152]

Die Transvaalse regering het nou opdrag gegee dat 'n vergadering van afgevaardigdes van oor die hele land in Pretoria gehou moes word met die doel om die inenting met bloed volgens die metode wat deur A. Theiler, J. Danysz en T. Bordet ontwikkel is bekend te stel en die inentingsveldtog te koördi=neer.[153]

Hierdie vergadering het op 26 Julie 1897 in die Pretoriase landdroskantoor onder voorsitterskap van landdros C.E. Schutte plaasgevind. By die

---

152. Ibid.

153. SS.6038/96 Inkomende stukke: BB1773/97 Staatsekretaris - Landdros Pretoria, 16 Julie 1897, p.13.

vergadering is 'n voorstel van dr. J. Danysz aanvaar, wat die oprigting van inentingstasies in elke wyk ten doel gehad het.[154] In hierdie voorstel van hom het dr. Danysz gepleit dat die metode van inenting met bloed so vinnig moontlik en so wyd moontlik toegepas moes word om soveel moontlik beeste te red. Volgens hom het daar tot op daardie stadium 300 000 beeste aan die pes gevrek, terwyl 700 000 nog geleef het. Hy was ook van mening dat dit moontlik was om nog 90% van die orige beeste te red. Hierdie inenting kon binne ses maande afgehandel word.[155] Om in hierdie doel te slaag het Danysz verder voorgestel dat 'n inentingstasie in elke distrik deur die betrokke landdros in die lewe geroep moes word. 'n Inenter wat by die proefstasie Waterval opgelei was, moes leiding neem, bygestaan deur twee blanke helpers en 'n paar nie-blankes. By die inentingstasie moes gesoute beeste

---

154. SS.6038/96 Inkomende stukke: R11787/97 Notule van die vergadering ivm. bloedinenting gehou te Pretoria, 26 Julie 1897, pp. 14 - 16.

155. SS.6096/96 Inkomende stukke: J. Danysz: Ontwerp Organisatie der Distrik-stations ter bestrijding van der Runderpest, pp. 128 - 130.

voorberei word, sodat bloed aan die boere beskikbaar gestel kon word om hulle beeste in te ent. Ook sou die boere by hierdie stasies opgelei kon word om hulle beeste in te ent.[156] Benewens die opleiding van inenters, het die wetenskaplikes ook 'n inligtingsburo in Skinnerstraat, Pretoria, geopen om die boere van alle moontlike inligting omtrent die runderpes te voorsien. In hulle afwesigheid sou Ernst Ruegg van die Süd-Afrikanische Zeitung die diens waarneem.[157]

Reeds van die begin van Julie 1897 af is persone deur die Franse dokters opgelei en gemagtig om inenting volgens die metode te doen. Op 2 Julie 1897 is vkt. M.C. Pretorius van Pretoria en ses ander persone aangestel.. Hulle het dadelik met die inenting begin.[158] Op 28 Julie 1897 het hulle reeds 2 500 beeste ingeënt. Hulle kon ook getuig van die sukses van die metode.[159]

Ook in Soutpansberg was die inenting gedurende

156. Ibid.: pp. 130 - 131.

157. De Volkstem, 14 Julie 1897.

158. Ibid.: 5 Julie 1897.

159. SS.6036/96 Inkomende stukke: R10713/97 Vkt. M.C. Pretorius - landdros Pretoria, 28 Julie 1897, p.113.

Julie 1897 reeds aan die gang. Op 28 Julie 1897 was 313 besmette beeste daar reeds ingeënt, wat byna almal gesout is. Ook 106 gesonde beeste was inge= ënt en gesout.[160] Ook uit Lydenburg het vkt. D.J. Schoeman die sukses van die inentingsmetode geloof. Uit 400 besmette beeste wat ingeënt was, is slegs drie, wat reeds baie siek was, dood. Die ander was almal gesout.[161] Op 4 September 1897 het dr. J. Danysz die staatsekretaris ver= soek om deur middel van 'n sirkulêre vas te stel waar die pes nog heers, of daar met bloed geënt word, of daar nog baie beeste geënt moes word en of daar genoeg gesoute beeste was.[162] Uit die antwoorde wat terugontvang is, het dit geblyk dat, met enkele uitsonderings, die hele Transvaal nog besmet was. Verder is daar in al die betrokke distrikte van bloedinenting gebruik gemaak. Op daardie stadium was daar nog baie beeste wat ongeënt was. Gesoute beeste was redelik vrylik

160. SS.6078/96 Inkomende stukke: R10818/97 Telegram land= dros Pietersburg - Staatsekretaris, 28 Julie 1897, pp. 179 - 180.

161. SS.6024/96 Inkomende stukke: R11580/97 Vkt. D.J. Schoe= man - landdros Lydenburg, 7 Augustus 1897, p.75.

162. SS.6038/96 Inkomende stukke: R13265/97 J. Danysz - Staatsekretaris, 4 September 1897, p.55.

bekombaar.[163] Tog was daar distrikte waar 'n tekort aan gesoute beeste was, soos byvoorbeeld Marthinuswesselstroom.[164]

Waar daar aanvanklik ook 'n tekort aan inenting=spuite was, is hierdie probleem oorbrug deurdat 500 spuite uit Europa en 'n verdere 25 uit Kaap=stad bestel is.[165] Hierdie spuite is op aanbeveling van die Inspekteur-generaal van Invoerregte vry van invoerbelasting ingevoer.[166] Dit is ook gratis aan die boere verskaf.[167]

Die inentingstasies het goed aan hulle doel beantwoord en runderpes, wat sovele maande dood en verwoesting in Transvaal gesaai het, is doel=treffend die hoof gebied. Dit was in so 'n mate die geval dat die land, wat gedurende September 1897 nog grotendeels besmet was, teen November 1897 vir alle praktiese doeleindes vry van die siekte was. Op 13 November 1897 het die Uitvoerende Raad besluit om aan te beveel dat

163. SS.6038/96 Inkomende stukke: R14152/97 Telegramme ontvang op navraag van Staatsekretaris, pp. 56 - 88.

164. SS.6024/96 Inkomende stukke: R13244/97 Landdros Marthinuswesselstroom - Staatsekretaris, 16 September 1897, p.76.

165. SS.6030/96 Inkomende stukke: Staat deur P. Korsten opgestel, p.13.

166. UR.15 Besluite 5 Julie 1897 - 3 Maart 1898; Artikel 574, 3 Augustus 1897, p.66.

167. SS. 6010/96 Inkomende stukke: R.10329/97 Telegram Landdros Standerton - Staatsekretaris, 20 Julie 1897, pp. 12 - 13.

alle proklamasies betreffende runderpes herroep moes word. Die bepalings van Wet 3 van 1870, die wet op die voorkoming van longsiekte, sou van krag bly.[168] Op 17 November 1897 het president Kruger 'n proklamasie uitgevaardig waardeur alle bestaande runderpesproklamasies herroep is.[169]

Reeds op 15 Junie 1897 het dr. J. Danysz die gedagte geopper dat 'n internasionale kongres gehou moes word waardeur die inenting deur bloed aan afgevaardigdes van alle kolonies en state in suidelike Afrika bekend gestel kon word.[170] Op 14 Julie 1897 het die Uitvoerende Raad, op aanbeveling van S.W. Burger en J.H. de Kock, lede van die Uitvoerende Raad, wat met Danysz en Bordet 'n onderhoud gehad het, besluit om uitvoering te gee aan die idee van 'n internasionale kongres. Nie alleen was dit nodig om sorg te dra dat die inenting volgens voorskrifte in die ander state

168. UR.15 Besluite 5 Julie 1897 - 3 Maart 1898: Artikel 886, 13 November 1897, p.303.

169. Staatscourant, 17 November 1897: Proklamasie Staats=president, 11 November 1897, p.1443.

170. SS.6389/96 Inkomende stukke: R6533/97 J. Danysz - Staatsekretaris, 15 Junie 1897, p.69.

gedoen word nie, maar ook om die nodige eer te betoon aan die Franse wetenskaplikes vir hulle groot prestasie.[171)]

Op 2 Augustus 1897 het hierdie kongres 'n aanvang geneem. Afgevaardigdes van die O.V.S., Kaap=kolonie, Natal, die Portugese besittings asook Duits-Suidwes-Afrika het in Pretoria onder voor=sitterskap van landdros C.E. Schutte vergader. Van 2 tot 13 Augustus 1897 is runderpes en die bekamping daarvan in al sy fasette bespreek.

Die hoogtepunt was egter die bespreking van die inenting met bloed en die afgevaardigdes was dit eens dat dit die suksesvolste bekampingsmetode was.[172)]

Dat alle Transvaalse boere egter nie daarmee eens was nie, blyk uit 'n bespreking wat op 9 September 1897 in die Eerste Volksraad gevoer is oor 'n mosie ten gunste van die afskaffing van die veeartspos. J.H. de la Rey het gemeen dat die metode wat ont=

---

171. UR.15 Besluite 5 Julie 1897 - 3 Maart 1898; Artikel 526, 14 Julie 1897, p.29.

172. ZAR.168: Korrespondensie, ens. ivm. runderpes: Report on the International Rinderpest Congress Held at Pretoria from the 2nd to the 13th August 1897, pp. 1 - 72.

wikkel is slegs 'n verbetering van 'n boeremiddel (die Waterbergmetode) is. Baie volksraadslede kon ook nie vergeet dat dit Theiler was wat die dood=skiet van beeste as enigste suksesvolle bekampings=metode aanbeveel het nie. Die mosie is egter uiteindelik met 13 stemme teen nege verwerp en daar is besluit om A. Theiler as staatsveearts te behou.[173)]

So is runderpes, wat die wêreld eeue lank ge=teister het en groot ellende veroorsaak het, uiteindelik in die Transvaal suksesvol die hoof gebied. Baie Transvaalse boere was egter reeds deur die siekte geruïneer. Die gevolge hiervan sou ook nie uitbly nie.

Vir die staat het die bestryding van runderpes egter baie geld gekos. Gedurende die tydperk April tot Desember 1896 is £223 427-7-5 uit 'n totale staatsuitgawe van £6 622 609-2-0 spesifiek

173. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaanschen Republiek. Artikel 1096, 9 September 1897, pp. 628 - 631.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

aan die bestryding van runderpes spandeer.[174] Gedurende 1897 is £92 599-18-8 uit 'n totale staatsuitgawe van £6 027 207-14-4 aan hierdie doel spandeer.[175]

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

---

174. AG.321: Register vir Spesifikasie van Uitgawe 1895 - 1898 (April tot Desember 1896).

175. Ibid.:(Januarie tot Desember 1897).

# HOOFSTUK IV

## HULP DEUR DIE REGERING EN ANDER INSTANSIES

As gevolg van die geweldige omvang van die skade wat deur die boere gedurende die runderpes gely is, was die Transvaalse regering verplig om 'n helpende hand na 'n baie groot deel van die bevolking uit te steek. Nie alleen is dit gedoen deur die bestryding van die siekte van owerheidsweë nie, maar ook deur die verskaffing van voedsel, trekdiere, lenings en werk aan die verarmde boerebevolking.

Van die kant van die kerk en deur private instansies is daar ook 'n geringe mate van hulp aan die geteisterdes gegee.

1. Voedsel

Aangesien die runderpes nie net die veestapel in Transvaal geweldig uitgedun het nie, maar ook die bemarking van ander produkte vir baie boere so te sê onmoontlik gemaak het, het dit vir hierdie boere in 'n groeiende mate byna onmoontlik geword in hul eie behoeftes te voorsien.

As gevolg van die tekorte wat deur die runderpes en droogte veroorsaak is, het die pryse van voedsel buitensporig gestyg. Teen die einde van 1896 was voedsel op die platteland ontsettend duur. So het 'n sak meel £7-0-0 gekos, terwyl mielies selfs

£8-0-0 per sak gekos het.[1] In vergelyking hiermee het die regering £1-8-0 vir 'n sak ingevoerde mielies betaal.[2] Koring is in Pretoria verkoop teen £2-5-0 per sak.[3] Die plattelandse bevolking was net nie in staat om dié buitensporige hoë pryse te betaal nie.

Daar het dus spoedig na die aanvang van die runderpes oproepe om mielies en meel van die kant van die hongerlydende bevolking by die regering begin instroom. Die regering was verplig om hulp te verleen. Voedsel ten bedrae van duisende ponde is aangekoop om die toestand die hoof te bied.

Die aankoop en verspreiding van voedsel is in die hande van 'n sogenaamde goewermentsagent gelaat. Hy was die heer J.D. Cilliers van Pretoria.[4] Alle oproepe om hulp wat na die Uitvoerende Raad gekom het, is na hierdie persoon verwys. Hy moes dan die nodige voedsel, wat hoofsaaklik uit mielies, broodmeel, mieliemeel en boermeel bestaan het,

---

1. SS.6076/96 Inkomende stukke:R14306/96 Lt. du Toit - Kommissaris van Polisie, 26 November 1896, pp. 203 - 207.

2. UR.13 Besluite 30 Mei 1895 - 4 September 1896: Artikel 471, 5 Junie 1896, p. 432.

3. UR. 14 Besluite 30 Mei 1895 - 4 September 1896: Artikel 796, 14 September 1896, p.9.

4. SS.6044/96 Inkomende stukke: TB 471/96 Telegram Staat=sekretaris - Landdros Nylstroom, 23 April 1896, p.63.

aankoop en na die betrokke gebiede stuur.

Van tyd tot tyd het die Uitvoerende Raad somme geld beskikbaar gestel vir die aankoop van mielies en meel. So het die Uitvoerende Raad op 5 Junie 1896 op aanvraag van J.D. Cilliers en op aanbeveling van die Inspekteur-Generaal van Invoerregte 'n voorskot van £70 000 gemaak. Dit was ter betaling vir 50 000 sakke mielies wat per skip in die Durbanse hawe sou aankom. 'n Verdere £56 000 is addisioneel beskikbaar gestel om 'n nog verdere 40 000 sakke mielies wat op dieselfde skip was, aan te koop.[5)]

Benewens hierdie voorskotte wat aan J.D. Cilliers gemaak is vir aankope, het die Uitvoerende Raad ook transaksies gemagtig waardeur in sekere gevalle hulp verleen is. So het die Uitvoerende Raad op 14 September 1896, nadat 'n memorie om hulp uit die distrik Marico ontvang is, besluit om in Pretoria 200 sakke broodmeel teen £2-5-0 per sak aan te koop ten einde die betrokke geteisterdes vinnig en doeltreffend te

5. UR.13 Besluite 30 Mei 1895 - 4 September 1896: Artikel 471, 5 Junie 1896, p. 432.

kon help.[6]

Tot aan die einde van November 1896 het J.D. Cilliers alreeds 34 515 sakke mielies, 8 510 sakke koringmeel, 2 025 sakke boermeel en 2 215 sakke mieliemeel oor die hele Transvaal versprei.[7]

Die regering het gedurende 1896 en 1897 'n totale bedrag van £340 000 beskikbaar gestel vir die aan= koop van mielies en meel. Tot op 17 Augustus 1897 is 214 088 sakke mielies, 6 446 sakke mieliemeel, 19 529 sakke broodmeel en 5 091 sakke boermeel in= gevoer. Die regering het geweldige verliese in hierdie verband gely. As gevolg van die feit dat te veel mielies op een slag ingevoer is, het die mielies kalanders gekry. Ook was daar nie genoeg pakhuisruimte beskikbaar nie en baie mielies het gemuf. Dit is bereken dat mielies ter waarde van £72 981-9-2 op hierdie maniere verlore gegaan het.[8]

---

6. UR.14 Besluite 8 September 1896 - 5 Julie 1897: Artikel 796, 14 September 1896, p.9.

7. De Pers, 23 Desember 1896: De Zoutpansbergsche Hongers= nood (Hoofartikel).

8. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid Afrikaansche Republiek: Artikel 869, 17 Augustus 1897, p.535.

2. Trekdiere

Nog 'n baie nadelige gevolg van die runderpes was dat die boere se osse deur die siekte afgemaai is. Die gevolg was dat hulle nie hulle eie goed kon vervoer of transportry om 'n inkomste te verdien nie. Baie boere kon ook nie hulle landerye bewerk of enige landbouprodukte bemark nie. Die regering was dus verplig om ook in hierdie opsig 'n helpende hand aan die boere te reik.

Aanvanklik het die regering slegs muile aangekoop met die doel om die kosvoorrade na die hongergeteis= terde distrikte te vervoer. Reeds op 17 Julie 1896 het die Uitvoerende Raad aan die regeringsagent, J.D. Cilliers, 'n voorskot van £10 000 gemaak om muile, waens en tuie aan te koop en om die kondukteurs en drywers te betaal.[9]

Op 16 September 1896 het die Uitvoerende Raad verder besluit om aan J.D. Cilliers toestemming te verleen om 240 muile en 20 waens aan te koop.[10] Cilliers

9. UR.13 Besluite 30 Mei 1895 - 4 September 1896: Artikel 594, 17 Julie 1896, p.487.

10. SS.6032/96 Inkomende stukke: Kopie Uitvoerende Raads= besluit art. 798, 16 September 1896, p.159.

het na die Kaapkolonie gegaan om hierdie muile aan te koop. Hy het die distrikte Wellington, Caledon, Malmesbury, Tulbagh, Piketberg, Ceres, Sutherland en Worcester besoek, waar hy muile teen £26 stuk opgekoop het.[11] Hierdie muile is net gebruik om voedsel na die grensdistrikte te vervoer.[12] Vanweë die perdesiekte wat besonder straf in daardie dele van Transvaal geheers het, het baie van die muile gevrek. President Kruger het aan die Eerste Volksraad gesê dat die regering verplig was om die muile wat oorgebly het, aan burgers op die hoëveld te verkoop, waar die siekte nie so straf was nie.[13] Behalwe dat die muile nou nie meer gebruik kon word soos dit beplan was nie, moes daar ook iets gedoen word om die boere van trekdiere te voorsien. Op 11 Desember 1896 het die Uitvoerende Raad die saak breedvoerig bespreek. Vanweë die benarde omstandig=hede waarin baie van die boere verkeer het, het

11. SS.6032/96 Inkomende stukke: R13011/96 J.D. Cilliers - Staatsekretaris, 19 September 1896, p.39.

12. Notulen der Verrichtingen den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek: Artikel 305, 15 Februarie 1897, p.39.

13. Ibid.

hulle besluit om soveel moontlik donkies aan te koop. Dit sou dan teen dieselfde prys as wat dit die rege=ring gekos het, aan die burgers verkoop word. Waar moontlik, moes 'n burger sekuriteit lewer en ook die geld binne twee jaar terugbetaal. 'n Rente van 6% per jaar was op die geleende geld betaalbaar. Ook mog die donkies nie verkoop word voordat hulle ten volle betaal is nie.[14] Op 8 Januarie 1897 is hierdie besluit met 'n omsendskrywe aan alle land=droste, mynkommissarisse en resident-vrederegters bekend gemaak.[15]

Op 8 Januarie 1897 het die Uitvoerende Raad 'n aanbod van J.B. Wolmarans om 650 goeie donkies uit die Kaapkolonie teen £12-0-0 stuk aan die regering te lewer, aanvaar.[16] Op 14 Januarie 1897 is 'n verdere 174 donkies van W.J. Truter van Carolina teen £10-0-0 stuk aangekoop.[17]

Daar is egter spoedig klagtes geopper teen die hoë pryse wat deur die regering vir die donkies betaal

14. UR.14 Besluite 8 September 1896 - 5 Julie 1897: Artikel 1067, 11 Desember 1896, p.175.

15. SS.6048/96 Inkomende stukke: CB 4/97 Circulaire Staat=sekretaris - landdroste, mynkommissarisse en resident-vrederegters, 8 Januarie 1897, p.9.

16. UR.14 Besluite 8 September 1896 - 5 Julie 1897: Artikel 8, 6 Januarie 1897, p.208.

17. Ibid.: Artikel 22, 14 Januarie 1897, p.223.

is. Uit 'n bespreking wat op 15 Februarie 1897 in die Eerste Volksraad gevoer is, blyk dit dat aan die begin van 1897 donkies teen £5-0-0 of £6-0-0 stuk verkoop is. Die regering het egter £14-0-0 per donkie gevra en dan moes daar nog die 6% rente betaal word. President Kruger het egter daarop gewys dat in Natal en in die Kaapkolonie geen goedkoper donkies was nie, terwyl in die Transvaal self geen donkies te koop was nie. 'n Ander be= swaar wat geopper was, was dat baie van die donkies wat toe alreeds aangekoop is, weens verwaarlosing in Pretoria gevrek het, voordat hulle nog aan die burgers verkoop is. Die gevolg was dat die boere die donkies in 'n uiters swak kondisie gekry het. Die Eerste Volksraad het derhalwe besluit om dit aan die regering op te dra om die donkies so goed= koop as moontlik en sonder die betaling van rente aan burgers wat spesifiek deur runderpes geruïneer is, te verkoop.[18)]

18. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek: Artikel 305, 15 Februarie 1897, pp. 39 - 41.

Na aanleiding hiervan het die Uitvoerende Raad weer op 1 Maart 1897 die saak in oorweging geneem. Daar is toe besluit dat waar persoonlike borg gelewer is en op aanbeveling van die veldkornet van 'n wyk, die donkies sonder betaling van rente aan arm burgers beskikbaar gestel sou word.[19] Op 3 Maart 1897 is hierdie besluit in die Staatskoerant bekend gemaak.[20]

Die boere moes self die donkies in Pretoria kom haal.[21] Die regering het die boere verder tegemoet gekom deurdat die Registrateur van Aktesopdrag gekry het om alle verbande wat as sekuriteit vir die donkies moes dien, gratis te registreer.[22]

Dit het egter 'n geruime tyd geduur voordat die donkies beskikbaar was om aan die boere verkoop te word. Dit was eers op 26 April 1897, dat die staatsekretaris met 'n omsendtelegram aan alle land=droste kon laat weet dat die donkies enige dag sou

19. UR.14 Besluite 8 September 1896 - 5 Julie 1897: Artikel 158, 1 Maart 1897, pp. 340 - 342.

20. Staatscourant, 3 Maart 1897: Goewermentskennisgewing no. 81, 2 Maart 1897, p.323.

21. SS.6017/96 Inkomende stukke: TB 38/97 Telegram Staat=sekretaris - vkt. Geldenhuys, 24 Maart 1897, p.206.

22. SS.6036/96 Inkomende stukke: BB.324/97 Staatsekretaris - Registrateur van Aktes, 9 Februarie 1897, p.163.

opdaag. Die landdroste moes die aansoekers om donkies uit elke distrik in 'n voorkeurlys rangskik, sodat die behoeftigste burgers eerste gehelp kon word. Die prys wat gevra is, was £12-0-0 stuk.[23)] Op 29 April 1897 was daar 900 donkies beskikbaar. Die staatsekretaris het opdrag gegee dat die diere onder die inwoners van Klerksdorp, Bloemhof, Lichtenburg, Zeerust, Rustenburg, Waterberg, Sout=pansberg en Wolmaransstad verdeel moet word. Geen burger kon voorlopig meer as agt donkies kry nie.[24)] Op 27 April 1897 het die landdros van Rustenburg egter reeds laat weet dat in die Rustenburgse distrik alleen 2 000 donkies nodig is om die boere te help.[25)]

Blykbaar het J.D. Cilliers nou met sy hande in die hare gesit. Afgesien van die feit dat 100 van die donkies op 1 Mei 1897 reeds gevrek het, het hy ver=der ook nog aansoeke vir meer as 6 000 donkies gehad.

23. SS.6028/96 Inkomende stukke: CB 579/97 Circulaire Staatsekretaris - landdroste, 26 April 1897, pp.91 -94.

24. SS.6028/96 Inkomende stukke: BB 1009/97 Staatsekretaris - J.D. Cilliers, 29 April 1897, pp. 112 - 113.

25. SS.6028/96 Inkomende stukke: R6080/97 Telegram landdros Rustenburg - Staatsekretaris, 27 April 1897, p.107.

Hy het nie geweet hoe om te werk te gaan sodat die meeste mense gehelp kon word nie.[26] Op 6 Mei 1897 het die staatsekretaris dus aan hom opdrag gegee om die 800 donkies as volg tussen die distrikte te verdeel:[27] Soutpansberg (130), Waterberg (100), Zeerust (130), Lichtenburg (130), Bloemhof (100), Wolmaransstad (100), Klerksdorp (60) en Rustenburg (50).

Op 20 Mei 1897 is nog 600 donkies as volg toegesê:[28] Zeerust (150), Rustenburg (250) en Potchefstroom (200). Dit is dan ook te verstane dat die Eerste Volksraad op 18 Mei 1897 ernstige bedenkinge gekoester het of die verskaffing van donkies enige nut vir die boere sou inhou.[29]

As gevolg van die groot tekort het die regering op 14 Mei 1897 besluit om nog 1000 donkies te laat aankoop teen 'n prys van nie hoër as £11-10-0 nie.[30]

Op versoek van die staatskontroleur, G. Roosegaarde,

---

26. SS.6034/96 Inkomende stukke: R6407/97 J.D. Cilliers - Staatsekretaris, 1 Mei 1897, pp. 131 - 132.

27. SS.6034/96 Inkomende stukke: BB 1096/97 Staatsekretaris - J.D. Cilliers, 6 Mei 1897, pp. 120 - 122.

28. SS.6034/96 Inkomende stukke: BB 1226/97 Staatsekretaris - J.D. Cilliers, 20 Mei 1897, p.124.

29. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek: Artikel 118, 18 Mei 1897, pp. 170 - 172.

30. UR.14 Besluite 8 September 1896 - 5 Julie 1897: Artikel 379, 4 Mei 1897, p.476.

het die Uitvoerende Raad op 19 Mei 1897 besluit om ook nog 500 muile teen £20 stuk aan te koop.[31)]

Op dieselfde dag is nog 250 muile teen dieselfde prys van die volksraadslid J. du P. de Beer aangekoop.[32)]

Die uitgawes in verband met die aankoop van muile en donkies het vinnig gestyg. Op 16 Julie 1897 was die rekening wat vir hierdie doel in die lewe geroep is, ten spyte van voortdurende voorskotte wat deur die regering gemaak is, reeds met £35 000 oortrokke. C.J. Bosman, die waarnemende regeringsagent, moes by die regering om hulp aanklop.[33)] Op 17 Julie 1897 het die Uitvoerende Raad dus 'n verdere voorskot van £35 000 toegestaan.[34)]

Weer eens het daar stemme in die Eerste Volksraad opgegaan oor die besteding van staatsgeld in hierdie verband. Op 17 Augustus 1897 is 'n breedvoerige rap= port in sake die aankoop en verspreiding van mielies, muile en donkies deur 'n kommissie van die Eerste

31. SS.6028/96 Inkomende stukke: Kopie Uitvoerende Raadsbe= sluit, Art.537, 19 Mei 1897, p.145.

32. SS.6028/96 Inkomende stukke: BB 1200/97 Staatsekretaris - J. du P. de Beer, 19 Mei 1897, p.155.

33. SS.6036/96 Inkomende stukke: R9925/97 C.J. Bosman - Staatsekretaris, 16 Julie 1897, p.7.

34. UR. 15 Besluite 5 Julie 1897 - 3 Maart 1898: Artikel 529, 17 Julie 1897, p.33.

Volksraad ter tafel gelê. Uit hierdie verslag blyk dat die heer J.D. Cilliers as vergoeding twee en 'n half persent van die inkoopprys op mielies en vyf persent op die inkoopprys van muile en donkies gekry het. Dit het respektiewelik £5 235-10-4 en £12 373-14-1 beloop.[35]

Die regering het altesaam £267 000 beskikbaar gestel vir wat bekend was as die Goewerments-Transportdiens wat verantwoordelik was vir die aankoop en versorging van muile, waens en die donkies. Benewens hierdie bedrag was daar nog 'n bedrag van £49 752 uitstaande vir donkies wat nog onder kontrak afgelewer moes word. 'n Totale bedrag van £316 752 is dus uiteinde=lik aan die verskaffing van trekdiere spandeer.[36]

Altesaam 8 955 donkies is aangekoop, waarvan 3 854 van die buiteland af ingevoer is. Hier te lande is ook 2 592 muile aangekoop.[37]

Die volgende tabel toon die verspreiding van alle

35. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek: Artikel 869, 17 Augustus 1897, pp. 537 - 538.

36. Ibid.

37. Ibid., p.538.

donkies en muile in Transvaal.[38] Ook hieruit kan afgelei word watter distrikte die swaarste getref is:

| Distrik | Donkies | Muile |
|---|---|---|
| Lichtenburg | 664 | |
| Klerksdorp | 200 | |
| Soutpansberg | 1 210 | 34 |
| Marico | 655 | 8 |
| Wolmaransstad | 450 | 8 |
| Rustenburg | 1 428 | 54 |
| Middelburg | | 16 |
| Waterberg | 782 | 22 |
| Ventersdorp | | 25 |
| Potchefstroom | 646 | 83 |
| Pretoria | 1 114 | 178 |
| Lydenburg | | 6 |
| Krugersdorp | 100 | |
| Andersins verkoop | 63 | 128 |
| In gebruik deur die regering | 936 | 1 075 |
| Op hande | 10 | |
| Dood | 691 | 844 |
| Staatsartillerie | | 110 |
| Franse dokters | | 1 |
| | 8 955 | 2 592 |

38. Ibid.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

As gevolg van die groot uitgawe waarmee die lede van die Eerste Volksraad nie genoeë kon neem nie en veral in die lig van die onnodige skades wat gely is, het dié liggaam op 17 Augustus 1897 besluit dat alle aankope van mielies, muile en donkies onmiddellik gestaak moes word.[39] Op 18 Augustus 1897 is besluit om eerder 'n bedrag geld aan die verarmde boere beskik= baar te stel sodat hulle weer op die been gehelp kon word.[40]

Die regering was dus nie meer bereid om deur die aankoop van vee en trekdiere die Transvaalse inwoners te help nie. Toe die boere van die distrikte Marico en Lichtenburg dus in 1898 weer vee en trekdiere van die regering gevra het, is hierdie versoeke deur die Eerste Volksraad geweier. Die lede van die Raad het telkens na die verliese wat die regering met die aankoop van die donkies gely het, terugverwys. Die gevoel van die Raad was dat geen boer eintlik gehelp is deur die verskaffing van trekdiere nie. Inteen=

39. Ibid.

40. Ibid: Artikel 882, 18 Augustus 1897, p.552.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

deel, weinig boere het nog in 1898 van daardie trek= diere oorgehad, volgens C.J. Tosen, die lid vir Piet Retief.[41)]

3. <u>Armburgerfonds</u>

Hoewel die regering nie meer bereid was om die boere wat deur runderpes verarm is deur die toekenning van trekdiere te help nie, het hulle tog die nodigheid besef om een of ander vorm van hulp te verskaf. Nadat die Eerste Volksraad dus besluit het dat alle aankope van mielies en trekdiere gestaak moes word, is die moontlikheid bespreek om die verarmde burgers te help deur die daarstelling van 'n som geld. Reeds op 18 Mei 1897 het die Kommissie van Ondersoek na Noodlydendes wat uit J.H. de la Rey, L.J. Botha en J. du Plessis de Beer bestaan het, aanbeveel dat die regering tot so 'n stap sou oorgaan.[42)] Op 20 Augustus 1897 het A.D.W. Wolmarans voorgestel

41. Ibid: Artikel 1266, 23 September 1898, pp. 871 - 872.
42. Ibid: Artikel 120, 18 Mei 1897, p.172.

dat 'n bedrag van £200 000 vir die doel bewillig moes word. Hierdie geld moes spesifiek aan burgers wat deur runderpes geruïneer is, geleen word. L.J. Botha die lid vir Vryheid, het voorgestel dat £150 000 beskikbaar gestel moes word. Hierdie voorstel is deur die Eerste Volksraad aanvaar. 'n Kommissie van drie lede is gekies met die doel om regulasies vir die besteding van die geld op te stel. Hulle was N.M.S. Prinsloo (Potchefstroom), J.P. Coetzer (Lydenburg) en S.P. du Toit (Wolmaransstad).[43)]
Op 15 September 1897 het hierdie kommissie hul aan= bevelings ter tafel gelê. Dit het die volgende behels: Eerstens moes die Tesourier-Generaal van tyd tot tyd geld, tot die bedrag van £150 000, op 'n afsonderlike rekening by die Nasionale Bank plaas op die naam van die Amortisasiefonds. Tweedens sou die kommissie in beheer van die Amortisasiefonds verantwoordelik wees vir die administrasie van die geld. Derdens sou die geld net aan persone wat

43. Ibid.: Artikel 885, 20 Augustus 1897, pp. 553 - 558.

UNIVERSITY JOHANNESBURG

deur die runderpes verarm is, uitbetaal word. Vierdens sou geen persoon meer as £150 kon leen nie. Hiervoor sou hy vaste eiendom as sekuriteit moes stel of so nie 'n persoonlike borg of borge wat deur die betrokke landdros of veldkornet goedgekeur is. Vyfdens was 'n jaarlikse rente van drie persent betaalbaar. Die geld moes binne 15 jaar terugbetaal word. Sesdens sou die transaksies vrygestel word van seëlregte. Laastens moes die geld by die kantoor van die Tesourier-Generaal in Pretoria terugbetaal word.[44]

Behalwe dat die tydperk vir terugbetaling na vyf jaar verminder is en die geld by die verskillende landdroste betaalbaar gemaak is, het die Eerste Volksraad hierdie aanbevelings net so aanvaar.[45] Deur middel van die Staatskoerant is hierdie bepa= lings aan die volk bekend gemaak.[46] Sekere admini= stratiewe probleme het in die uitbetaling van die

44. Ibid.: Artikel 1189, 15 September 1897, p.651.

45. Ibid.: Artikels 1190 - 1205, 15 September 1897, pp. 651 - 659.

46. Staatscourant, 13 Oktober 1897: Goewermentskennisge= wing no. 471, 6 Oktober 1897, p.1261.

geld opgeduik, sodat lede van die Eerste Volksraad 'n spesiale mosie ingedien het om die rede vir die vertraging te verneem.[47] Die tesourier-generaal het hierop geantwoord dat die probleem by die Staatsdrukkery, waar die nodige dokumente gedruk is, ontstaan het, maar dat dit opgelos is en dat die geld so gou as moontlik uitbetaal sal word. Die uitbetaling van die geld was dringend omdat die saaityd verby kon gaan en die verarmde burgers dan weereens nie 'n oes sou gehad het nie.[48]

Die kommissie in beheer van die Amortisasiefonds het nou die administrasie van die £150 000 of Arm=burgerfonds, soos dit nou bekend gestaan het, oorge=neem. Die Amortisasiefonds self is in die lewe ge=roep om geld op lening en teen 'n verband aan boere beskikbaar te stel vir landbou-ontwikkeling.[49]

Die aanvraag na die lenings was besonder groot. Op 8 Oktober 1897 is £25 000 deur die Tesourier=Generaal by die bank inbetaal, op 4 November 1897

47. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Acht=baren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek: Artikel 1403, 6 Oktober 1897, p.763.

48. Ibid.: Artikel 1469, 8 Oktober 1897, p.773.

49. ZAR.102: Verslag van den Commissie van Beheer van het Amortisatiefonds over het jaren beginnende 11 Juli 1893 tot en met 1898 (Verslag vir 1897, p.2).

£50 000 en op 15 November 1897 £75 000. Die uitbe= taling van hierdie bedrae het die fonds uitgeput gelaat. Vanaf 8 Oktober 1897 tot en met 23 November 1897 is 1 061 aansoeke ontvang. Die meeste burgers het persoonlik na Pretoria gekom om aansoek te doen vir die lenings. So groot was die aanvraag dat die kommissie verplig was om tot elfuur saans te werk om die aansoeke af te handel. Op 23 November 1897 was die fonds uitgeput. Alle landdroste en mynkommis= sarisse is hiervan in kennis gestel. Nadat die £150 000 uitbetaal is, is geen verdere geld beskik= baar gestel nie, alhoewel daar in 1898 nog drie en in 1899 nog 29 aansoeke was.[50)]

4. Werkverskaffing.

'n Ander belangrike aspek van hulpverlening deur die staat was die werkverskaffing aan burgers wat deur runderpes verarm is. Hierdeur is baie mense wat andersins geen inkomste sou gehad het nie in staat

50. Ibid.; TG.1257: Applikasieregister van Armeburgerfonds, 1897.

gestel om in 'n mate in hul eie behoeftes te voorsien. Met die uitbreek van runderpes is runderpeswagte aangestel om te help met die bestryding van die pes aangesien die polisie nie al die werk kon doen nie. Groot somme geld is veral in die distrikte wat die swaarste deur runderpes getref is aan hierdie wagte uitbetaal. Dit moes noodwendig vir baie mense 'n uitkoms gewees het.[51]

Gedurende 1896 is die totale bedrag van £144 066-18-6 in die verskillende distrikte aan die wagte uitbetaal. Gedurende 1897 is 'n bedrag van £26 203-16-2 vir die=selfde doel uitbetaal, wat die som op £170 270-14-8 gebring het.[52] Die volgende tabel toon die ver=spreiding van die geld oor die volgende distrikte aan:[53]

51. De Pers, 2 September 1896.

52. ZAR.134: Verslag van den Hoofd-Commissaris van Politie en wd. Inspekteur van Gevangenissen over het jaren 1881 - 1900 (Verslag vir 1896, p.7).

53. Ibid.

| Distrik | 1896 | 1897 |
|---|---|---|
| Barberton | 1 107 - 3- 6 | |
| Bloemhof | 5 856- 14- 5 | 10 042- 4- 0 |
| Boksburg | 1 383- 13- 0 | |
| Ermelo | 199- 2- 0 | |
| Heidelberg | | 61-10- 0 |
| Johannesburg | 1 357-14 -0 | |
| Klerksdorp | 1 720-10- 0 | |
| Krugersdorp | 1 669- 2- 3 | |
| Lichtenburg | 10 364- 0- 0 | 1 910- 6- 8 |
| Lydenburg | 6 899-14- 0 | 363- 0- 0 |
| Marico | 29 172-12- 8 | 981-18- 0 |
| Middelburg | 2 275-18- 3 | 241-18- 0 |
| Marthinuswesselstroom | 374-14- 3 | |
| Potchefstroom | 3 941- 1- 0 | 292-12- 6 |
| Pretoria | 3 959- 9- 6 | 298-12- 0 |
| Rustenburg | 22 155-10- 9 | 7 662-18- 0 |
| Standerton | 710- 2- 2 | 154- 0- 0 |
| Vryheid | 741-16- 1 | 171- 6- 0 |
| Waterberg | 21 075- 6-10 | 676- 0- 0 |
| Wolmaransstad | 2 471- 6- 0 | 1 520-10- 0 |
| Soutpansberg | 25 961-11-10 | 1 781-11- 0 |
| Carolina | 535- 0- 0 | |
| Utrecht | 127- 6- 0 | |
| Piet Retief | 7-10- 0 | |
| Totaal | 144 066-18- 6 | 26 203-16- 2 |

Hierdie wagte is aangestel teen 'n salaris van £15 per maand.[54)]

54. SS.6098/96 Inkomende stukke: P 436/96 Kommissaris van Polisie - Staatsekretaris, 11 Maart 1896, p.109.

Rofweg gereken, beteken dit dat in 'n distrik soos Marico, 240 boere gedurende 1896 'n maandelikse in= komste as wagte gehad het.

Op 15 November 1896 is die grootskaalse gebruik van burgers as runderpeswagte egter deur 'n proklamasie van president Kruger afgeskaf. Hierdie stap is ge= neem omdat die runderpes ten spyte van die groot uitgawe steeds verder versprei het. Voortaan sou die burgers net in uitsonderlike gevalle as wagte aangestel word.[55)]

Behalwe die betaling van salarisse wat direk met die bestryding van runderpes verband gehou het, het die Transvaalse regering ook ander tipes werk laat aan= pak met die spesifieke doel om aan die boere wat deur runderpes verarm is, werk te verskaf. Op 6 Junie 1896 het die resident-vrederegter van Potgietersrus dringend hulp van die regering gevra. Daar was talle mense op die dorp wat te arm was om kos te koop.[56)] Die staatsekretaris het aan hom toestemming

55. Staatscourant, 11 November 1896: Proklamasie Staats= president, 3 November 1896, p.1539.

56. SS.6045/96 Inkomende stukke: R7097/96 Telegram resident= vrederegter Potgietersrus - Staatsekretaris, 6 Junie 1896, p.2.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

verleen om die behoeftigste burgers teen betaling van 5/- per dag in diens te neem. Hulle moes dan die strate, watervoor en die regeringserwe skoonmaak.[57] Op 25 Oktober 1897 het die Uitvoerende Raad nog £530 bewillig vir die herstel van die dam en watervore op die dorp.[58]

Op 1 Julie 1896 het die Uitvoerende Raad 'n versoek van die landdros van Waterberg bespreek waarin hy gevra het dat 'n pad in sy distrik gebou moes word. Die doel hiermee was om werk aan die burgers van die distrik wat deur droogte, sprinkane en runderpes volkome verarm is, te bied. Die pad sou vanaf Sandrivierspoort na Soutpan gebou word. Die Uitvoerende Raad het hierdie voorstel goedgekeur en besluit dat die werk onder die toesig van die weginspekteur moes geskied. Alle werk moes deur arm burgers gedoen word en £4 500 is bewillig om die werk mee te begin.[59] Op 20 Julie 1897 het die Uitvoerende Raad nog £2 000 vir hierdie werk bewillig.[60]

---

57. SS.6045/96 Inkomende stukke: TB976/96 Telegram Staatsekretaris - resident-vrederegter Potgietersrus, 8 Junie 1896, p.3.

58. UR. 15 Besluite 8 Julie 1897 - 3 Maart 1898: Artikel 866, 25 Oktober 1897, p.287.

59. UR. 13 Besluite 30 Mei 1895 - 4 September 1896: Artikel 546, 1 Julie 1896, pp. 465 - 466.

60. UR. 15 Besluite 5 Julie 1897 - 3 Maart 1898: Artikel 546, 20 Julie 1897, p.43.

Ná twee jaar se werk is die pad op 17 Junie 1898 voltooi. Daarna is nog £ 2 000 bewillig sodat die arm burgers 'n pad vanaf Nylstroom na Zwagershoek kon bou.[61)]

Op 17 Mei 1897 het A.D.W. Wolmarans 'n mosie by die Eerste Volksraad ingedien waarin hy versoek het dat die regering ook in ander distrikte diegene wat deur runderpes verarm is tegemoet moes kom deur die verskaffing van werk.[62)] Op 18 Mei 1897 is hierdie mosie bespreek. 'n Kommissie is benoem om aanbeve= lings in hierdie verband te doen.[63)] Die kommissie het, benewens die daarstelling van die £150 000 vir die armburgerfonds, ook aanbeveel dat die regering by die aanbou van paaie voorkeur moes gee aan die gebruik van armblankes as arbeiders. Die Eerste Volksraad het hierdie aanbevelings aanvaar.[64)]

Uit 'n bespreking op 12 Julie 1897 kan afgelei word waarom die Eerste Volksraad versigtig was om hierdie maatreël deur te voer. Verskeie lede het daarop

61. UR. 16 Besluite 7 Maart 1898 - 7 November 1898: Arti= kel 575, 17 Junie 1898, pp. 213 - 214.

62. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek: Artikel 110, 17 Mei 1997, p.167.

63. Ibid.: Artikel 119, 18 Mei 1897, p.170.

64. Ibid.: Artikel 511, 7 Julie 1897, pp. 369 - 371.

gewys dat so 'n stap daarop sou neerkom dat van die armblankes bandiete gemaak sou word. Sommiges het gemeen dat blankes nie onder toesig van voormanne kon werk nie, omdat dié hulle miskien soos "kaffers" sou aanjaag. Die verteenwoordigers van die swaar=geteisterde distrikte soos D.J. Louw van Marico en B.J. Vorster van Zoutpansberg het egter baie ernstig gepleit vir werkverskaffing. In hul argumente het hulle op die hartverskeurende toestande as gevolg van armoede in hulle distrikte gewys. Uiteindelik is die aanbeveling van werkverskaffing met dertien stemme teen elf aanvaar.[65)]

Hierna het die regering in verskeie dele van Trans=vaal projekte aangepak met die doel om werk aan die verarmde burgers te verskaf. Nie alleen is paaie gebou nie, maar ook ander instandhoudingswerk is onderneem.

Op 16 Augustus 1897 is £ 2 000 tot die beskikking van die landdros van Potchefstroom gestel met die

65. Ibid.: Artikel 36, 12 Julie 1897, pp. 383 - 385.

doel om die strate en brûe van die dorp deur burgers wat deur die runderpes verarm is, te laat repareer.[66] Op 16 Oktober 1897 het De Volkstem berig dat die werk fluks vorder en uitsluitlik deur verarmde blankes gedoen word met die doel om hul lewensbrood te verdien. Elke Saterdagmiddag is altesaam £200 deur die landdros aan hierdie werkers uitbetaal. Die geld wat die regering beskikbaar gestel het, was egter hopeloos te min. Nog £2 000 of £3 000 sou nodig wees om die werk te voltooi.[67] Op 13 Julie 1898 is derhalwe nog £3 000 aan die landdros van Potchefstroom toegestaan.[68] Op 3 November 1898 is nog £750 bewillig waarmee die werk voltooi moes word.[69]

Op 30 September 1897 het die Uitvoerende Raad 'n versoek van die landdros van Christiana oorweeg om aan burgers wat deur runderpes verarm is, werk te gee. Die Uitvoerende Raad het die versoek toegestaan en £670 is beskikbaar gestel om 'n watervoor te laat

66. UR. 15 Besluite 5 Julie 1897 - 3 Maart 1898: Artikel 611, 16 Augustus 1897, p.94.

67. De Volkstem, 16 Oktober 1897.

68. UR. 16 Besluite 7 Maart 1898 - 7 November 1898: Artikel 650, 13 Julie 1898, p.258.

69. Ibid.: Artikel 1059, 3 November 1898, p.519.

bou en £530 is bewillig om die gevangenis, landdros= kantoor en barakke te verbeter.[70] Op 24 Oktober 1898 is nog £1 200 beskikbaar gestel aan die land= dros van Christiana sodat die werk deur die arm burgers voltooi kon word.[71]

Op 25 Februarie 1898 het die Uitvoerende Raad 'n memorie uit Johannesburg bespreek. Hierin is gevra dat die regering 'n voorskot van £5 000 sou maak vir die bou van 'n pad om die verskillende myne op die Witwatersrand te verbind. Die Uitvoerende Raad het aan hierdie versoek voldoen, maar die voorwaarde gestel dat die werk slegs deur arm burgers gedoen moes word. Ook mag hulle nie meer as 5/- per dag, sonder kos, as betaling gekry het nie.[72] Op 17 Mei 1898 is 'n verdere £5 000 vir hierdie doel bewillig[73] en op 24 Junie 1898 nog 'n verdere voorskot van £5 000.[74] Op 12 Augustus het 'n verdere £5 000 vir dié pad gevolg en op 23 September 1898 nog

---

70. UR.15 Besluite 5 Julie 1897 - 3 Maart 1898: Artikel 764, 30 September 1897, p.211.

71. UR. 16 Besluite 7 Maart 1898 - 7 November 1898: Artikel 1002, 24 Oktober 1898, p.484.

72. UR.15 Besluite 5 Julie 1897 - 3 Maart 1898: Artikel 216, 25 Februarie 1898, p.211.

73. UR. 16 Besluite 5 Julie 1897 - 3 Maart 1898: Artikel 505, 17 Mei 1898, p.172.

74. Ibid.: Artikel 599, 24 Junie 1898, p.228.

£5 300.[75] 'n Laaste bedrag van £5 000 is op 3 November 1898 bewillig.[76]

Kleiner werke met die oog op werkverskaffing aan die armes is ook aangegaan deur die bou van paaie in die distrikte Vryheid en Lichtenburg. Aan die landdros van Vryheid is £250 toegestaan vir die doel en aan die landdros van die distrik Lichten=burg £700.[77]

Al hierdie werke verteenwoordig 'n totale uitgawe van £43 150.

'n Ander pad wat goedgekeur is, was 'n pad in die distrik Marico, van Zeerust af na wyk Bosveld.

Op 7 November 1898 is 'n versoek van 230 petisiona=risse uit hierdie distrik bespreek. Hulle het gevra waarom die pad, wat reeds in 1897 toegestaan is, nog nie gebou is nie. Hulle het geen inkomste nie en het gehoop om deur werk op hierdie pad 'n verdienste te verkry. Dit het groot opskudding

---

75. Ibid.: Artikel 745, 12 Augustus 1898, p.319: Artikel 902, 23 September 1898, p.422.

76. Ibid.: Artikel 1086, 3 November 1898, p.521.

77. Ibid.: Artikels 1061 en 1062, 3 November 1898, pp. 520 - 521.

in die Eerste Volksraad veroorsaak toe dit bekend geword het dat die pad onder kontrak gebou sou word en nie deur die arm burgers nie. Die kontrakte was egter reeds goedgekeur en kon nie gekanselleer word nie.[78)]

5. Spoorwegontwikkeling.

D.J. Coetzee beweer dat runderpes 'n uiters belang=rike rol gespeel het om takspoorweguitbreiding in Transvaal te versnel.[79)] Die waarheid skyn egter te wees dat die rampspoedige gevolge van die runderpes net die aandrang op spoorweguitbreiding, wat lank reeds bestaan het, versterk het. Die rege=ring was ook nie ongeneë om 'n helpende hand uit te steek nie en was die saak van spoorweguitbreiding baie goedgesind. Besluite is geneem om nuwe spoor=lyne te bou en belangrike voorbereidingswerk is gedoen, maar geen nuwe spoorlyne is definitief as

78. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek: Artikel 1577, 7 November 1898, pp. 1049 - 1052.

79. D.J. Coetzee: Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afri=kaanse Republiek (1872 - 1899) p.141. Coetzee beweer egter dat die runderpes Transvaal in 1895 getref het. In daardie jaar is definitief besluit om die Pretoria-Pietersburg-spoorlyn te bou. Op 30 Oktober 1895 is die konsessie aan H.J. Schoeman toegesê en is daar met die bouwerk begin. Op 1 Julie 1898 het die spoorlyn Nyl=stroom bereik en in Junie 1899 voltooi. Die spoorlyn na Barberton is op 1 April 1896 voltooi. Ook is tenders reeds voor die uitbreek van runderpes toegesê vir die bou van spoorlyne na Ermelo, Middelburg en Vryheid. Die voorbereidingswerk is begin, maar die Tweede Vry=heidsoorlog het die werksaamhede beëindig. Daar kan dus nie gesê word dat die bou van spoorlyne of die oorwe=ging om hierdie spoorlyne te bou, aan runderpes toege=skryf kan word nie.

gevolg van die runderpes gebou nie. Indien die Tweede Vryheidsoorlog (1899 - 1902) nie tussenbeide getree het nie, sou die uitbreiding wat aan runder= pes toegeskryf kan word, egter waarskynlik gevolg het.

Veral uit die westelike distrikte van Transvaal naamlik Rustenburg, Marico en Lichtenburg was die aandrang op spoorwegontwikkeling na 1896 besonder sterk. Verskeie memories om 'n spoorlyn na hierdie gebiede is reeds van 1893 tot 1895 by die regering ingedien.[80)]

Op 30 Oktober 1896 het K.J. van Noorden 'n brief aan De Volkstem geskryf waarin hy gepleit het vir 'n spoorlyn van Pretoria af deur die Rustenburgse dis= trik na Zeerust. Dit was die enigste hoop vir die boere wat as gevolg van die runderpes verarm is. Met 'n spoorlyn kon hulle hul produkte bemark en sodoende op hulle voete kom.[81)]

---

80. D.J. Coetzee: Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afri= kaanse Republiek (1872 - 1899), p.150.

81. De Volkstem, 2 November 1896 (K.J. van Noorden - Redakteur).

Op 18 Januarie 1897 is wat genoem is 'n groot en invloedryke vergadering op die plaas Kommissiedrif in die Rustenburgse distrik gehou. Op hierdie ver= gadering is daar by die regering aangedring om so gou as moontlik 'n spoorlyn van Pretoria na Rustenburg te bou om sodoende die uitwerking van runderpes te neutraliseer.[82)] Skynbaar het hierdie vergadering die gewenste gevolge gehad. Op 22 Januarie 1897 het president Kruger 'n toespraak te Pretoria gehou waarin hy gewys het op die nodigheid van spoorweg= aanbou vanweë die uiters armoedige toestand waarin runderpes Transvaal gedompel het.[83)]
Ook uit die distrik Zeerust het daar stemme opgegaan om 'n spoorlyn daarheen te bepleit. Op 13 Julie 1897 skryf landdros J.N. de Beer aan De Volkstem dat 'n spoorlyn noodsaaklik is om die bevolking van die distrik wat deur runderpes in groot armoede gedompel is met die markte van Transvaal in verbinding te stel.

---

82. Standard and Digger's News, 19 Januarie 1897: Railway to Rustenburg.

83. Ibid.; 25 Januarie 1897 (Hoofartikel).

Om die regering op hoogte stel met die erns van die saak sou daar op 24 Julie 1897 'n groot vergadering in die landdroskantoor te Zeerust gehou word.[84] Ook op Rustenburg is daar op 18 Julie 1897 'n groot vergadering gehou om die bou van 'n spoorlyn na die dorp te bespreek. Die voordeel van so 'n spoorlyn sou tweeledig wees: Eerstens kon die bouwerk werk aan die verarmde burgers bied en tweedens kon die boere dan hulle produkte bemark.[85]

As gevolg van die verskerpte aandrang op die spoorlyn is die saak op 28 Julie 1897 in die Eerste Volksraad bespreek. Altesaam 13 memories met 1 028 naamtekeninge is aan die Uitvoerende Raad gerig. In al hierdie memories is versoek dat die regering so gou as moontlik 'n spoorlyn na Rustenburg moes bou. Daar was egter 'n meningsverskil oor die roete wat deur die voorgestelde spoorlyn gevolg moes word. Agt memories met 634 handtekeninge het versoek dat die spoorlyn van Pretoria af agter die

84. De Volkstem, 19 Julie 1897 (J.N. de Beer - Redakteur).

85. Ibid., 22 Julie 1897.

Magaliesberg langs na Rustenburg moet gaan. Drie memories met 169 handtekeninge het gevra vir 'n spoor= lyn van Krugersdorp af oor Olifantsnek na Rustenburg. Twee memories met 225 handtekeninge het 'n spoorlyn van Pretoria af aan die hoeveldkant van die Magalies= berg na Rustenburg versoek.[86]

'n Probleem wat in verband met die spoorlyn in die rigting van die Transvaalse Wesgrens bestaan het, was 'n ooreenkoms wat in 1897 met die Oranje-Vrystaat gesluit is. Hiervolgens was die toestemming van die Vrystaat nodig tot die bou van 'n spoorlyn na die westelike dele van Transvaal omdat dit die Vrystaat se hooflyne kon benadeel.[87] Die Vrystaat het egter nou toestemming tot die bou van 'n spoorlyn na Rustenburg gegee. Die lyn sou egter nie verder as Rustenburg gebou mag word nie. Hieroor was D.J. Louw, die lid vir die kiesafdeling Marico, baie ontevrede. Volgens hom is Marico die swaarste deur runderpes getref en dit was dus die distrik wat

86. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek: Artikel 857, 28 Julie 1897, pp. 529 - 530.

87. D.J. Coetzee: Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afri= kaanse Republiek (1872 - 1899) p.151.

die eerste vir die bou van 'n spoorlyn in aanmerking moes kom om die mense te help.[88]

Alhoewel daar 'n meningsverskil in die Eerste Volks=raad geheers het oor die roete wat deur die spoorlyn na Rustenburg gevolg moes word, is daar tog op 28 Julie 1897 besluit dat die regering moes ondersoek instel na die bou van so 'n spoorlyn en aanbevelings moes maak. Daarna sou 'n besluit oor die roete ge=neem word.[89]

Ook uit die distrik Lichtenburg het daar vier memories met 386 naamtekeninge gekom waarin die ondertekenaars om 'n spoorlyn na Lichtenburg aansoek gedoen het. As rede het hulle aangevoer dat die distrik geweldig deur runderpes verarm is en dat die boere afhanklik is van 'n spoorlyn om hulle produkte te bemark.[90]

Die probleem met die bou van so 'n spoorlyn was ook dat dit die toestemming van die Vrystaatse regering

---

88. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek: Artikel 858, 28 Julie 1897, p.530.

89. Ibid.: Artikels 857 en 858, 28 Julie 1897, pp. 529 - 532.

90. Ibid.: Artikel 1278, 20 September 1897, p.675.

geverg het kragtens die ooreenkoms wat gesluit is. Die Eerste Volksraad het dus aan die regering opdrag gegee om met die Oranje-Vrystaat samesprekings te voer oor die bou van sodanige spoor, asook een na Marico. Dit sou geen verbinding met Brits-Betsjoeana=land tot gevolg hê nie en kon dus gebou word. Ver=der het die Eerste Volksraad die nodigheid om die distrikte wat die ergste deur runderpes getref is deur die bou van spoorlyne te help, beklemtoon.[91) ]
Op 12 November 1897 het die staatsekretaris die Eerste Volksraad versoek om toestemming te verleen tot die bou van takspoorlyne na Rustenburg en Lichtenburg, aangesien runderpes veroorsaak het dat hierdie lyne noodsaaklik geword het. J.H. de la Rey van Lichtenburg het gepleit dat ook Marico in ag geneem moes word. Die Eerste Volksraad het egter slegs toestemming vir die opmetingswerk aan die twee gevraagde lyne verleen. Die bevindinge en aanbevelings van die regering oor die roetes

91. Ibid.: Artikels 1278 - 1281, pp. 676 - 678.

wat gevolg moes word, sou met die volgende sitting van die Eerste Volksraad in Februarie 1898 bespreek word.[92]

Die tenders vir die bou van die twee spoorlyne is egter eers op 24 Mei 1899 aanvaar. Voordat daar met die bouwerk begin is, het die Tweede Vryheids=oorlog uitgebreek.[93]

6. <u>Ander hulp deur die regering</u>.

Ook in ander sake het die Transvaalse regering getrag om soveel moontlik hulp aan die beproefde inwoners te verleen.

Vanweë die armmoedige toestande wat die runderpes in die distrik Waterberg tot gevolg gehad het, het baie mense nie vleis gehad om te eet nie. As gevolg hiervan het die Uitvoerende Raad aan die jagopsiener van die distrik opdrag gegee om aan hierdie mense lisensies te gee om weekliks op die regeringsplase een wildsbok vir eie gebruik te skiet.[94]

92. Ibid.: Artikel 1712; 12 November 1897, pp. 935 - 938.

93. D.J. Coetzee: Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afri=kaanse Republiek (1872 - 1899), p.151.

94. UR. 16 Besluite 7 Maart 1898 - 7 November 1898: Artikel 767, 18 Augustus 1898, p.333.

'n Ernstige probleem het ook vir die boere van die oostelike hoëveld van Transvaal ontstaan deurdat alle trekkery met vee vir 'n tydperk van een maand deur die runderpesregulasie van 9 Mei 1896 verbied is.[95] Hierdie boere het naamlik elke winter na die laeveld getrek om weiding vir hulle skape te kry en om die strawwe hoëveldse winter vry te spring. Ernstige verliese sou gely word indien dié boere nie betyds tegemoet gekom sou word nie.[96]

Die regering het die nood van hierdie mense besef. Alhoewel die maatreël van 9 Mei 1896 die uitbreiding van die pes aan bande gelê het, het die regering nogtans op 8 Junie 1896 die toegewing gemaak dat die Oos-Transvaalse skaapboere na die winterveld kon trek sodat hulle net soos die inwoners van Noord- en Wes-Transvaal, in die uiterste armoede gedompel word nie.[97] Netso het die proklamasie van 8 Augus= tus 1896 weer spesifiek voorsiening gemaak dat hier= die boere na hul somerplase mag terugkeer.[98]

---

95. Buitengewone Staatscourant, 9 Mei 1896: Proklamasie Staatspresident 9 Mei 1896.

96. SS.6023/96 Inkomende stukke: R5411/96 Telegram land= dros Marthinuswesselstroom - Staatsekretaris, 11 Mei 1896, p.17.

97. Buitengewone Staatscourant, 8 Junie 1896: Proklamasie Staatspresident, 8 Junie 1896.

98. Ibid., 8 Augustus 1896: Proklamasie Staatspresident, 7 Augustus 1896.

Gedurende 1897 is dieselfde prosedure gevolg. In 'n memorie deur 87 burgers van wyk Kliprivier, dis= trik Standerton, word daarop gewys dat indien die boere nie na die laeveld kon trek nie, hulle al hul skape sou verloor. Dit sou fataal wees aange= sien hulle alreeds baie van hul beeste aan runder= pes verloor het.[99] Derhalwe het die Uitvoerende Raad president Kruger gemagtig om weer die boere toe te laat om na die winterveld te trek.[100]
As christelik-gelowiges het die lede van die Uit= voerende Raad die voortou geneem om die hulp van die Allerhoogste in te roep in hul stryd teen die run= derpes. Op 24 Maart 1896, nog voordat runderpes Transvaal getref het, is Sondag 5 April 1896 tot biddag en dag van verootmoediging voor God verklaar in die lig van die dreigende gevaar.[101] Met die oog op die verwoestende effek van runderpes is Son= dag 18 Oktober 1896 ook tot biddag verklaar,[102] en later ook 13 Junie 1897.[103]

99. SS.6012/96 Inkomende stukke: R5134/96 Memorie A.J. Bos= hoff en 86 ander - Staatspresident en Uitvoerende Raad, 22 Maart 1897, p.24.

100. Staatscourant, 5 Mei 1897; Proklamasie Staatspresi= dent, 20 April 1897, p.51.

101. Ibid.: 25 Maart 1896: Proklamasie Staatspresident, 24 Maart 1896, p.354.

102. UR. 14 Besluite 8 September 1896 - 5 Julie 1897: Artikel 838, 2 Oktober 1896, p.42.

103. Staatscourant, 26 Mei 1897: Proklamasie Staatspresident, 22 Mei 1897, p.630.

'n Laaste biddag om redding vanweë die plae van runderpes, droogte en sprinkane is op 3 Oktober 1897 gehou.[104] Toe uitkoms gekom het is Sondag 31 Oktober 1897 as 'n dag van danksegging vir die redding uit die hand van runderpes bepaal.[105]

7. Hulp deur ander instansies.

Van die kant van instansies ander as die staat was daar geen uitgebreide poging om hulp te verleen nie. Tog was daar wel gevalle waarin pogings aangewend is om die hulpbehoewendes te help.

Die Gereformeerde gemeente Ventersburg in die Oranje-Vrystaat het besluit om 'n helpende hand na die hongerlydendes in die distrik Soutpansberg uit te steek. 'n Insameling van geld en kos is gehou en die opbrengs is na Transvaal gestuur.[106]

Ook die inwoners van wyk Gatsrand, distrik Potchefstroom het graan geskenk om die inwoners van Soutpansberg te help.[107] Die regeringsagent,

104. Buitengewone Staatscourant, 18 September 1897: Proklamasie Staatspresident, 16 September 1897.

105. Ibid.: 16 Oktober 1897: Proklamasie Staatspresident, 15 Oktober 1897.

106. SS.6095/96 Inkomende stukke: R174/97 L. Erasmus - Staatspresident, 28 Desember 1896, p.11.

107. SS.6072/96 Inkomende stukke: BP 349/97 Staatsekretaris - Regeringskommissaris van Spoorweë, 12 Februarie 1897, pp. 74 - 75.

J.D. Cilliers, het die graan in ontvangs geneem en gereël vir die verspreiding daarvan.[108)]
Die Kerk het geen georganiseerde fondsinsameling van stapel gestuur met die oog op hulpverskaffing aan die noodlydendes nie. Die gewone bystand is egter aan armoedige lidmate, veral weduwees en ou mense, verleen. Na gelang van die verslegtende ekonomiese toestande in Transvaal het hulpverlening deur die kerk noodsaakliker geword. Uit die notules van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde gemeen= te van Pretoria blyk dit duidelik. Op 12 Oktober 1896 is goedkeuring verleen vir die uitbetaling van £ 43 aan armes.[109)] Op 5 April 1897 is £77 uitbe= taal.[110)] Op 11 Oktober 1897 is £99 aan 24 persone uitbetaal.[111)] Op 4 April 1898 is £140 aan 31 per= sone uitbetaal.[112)] Hierna het die gevalle waar hulp verskaf is, afgeneem.
Die Johannesburgse dagblad, Standard and Digger's News het ook 'n poging van stapel gestuur om hulp

108. SS.6072/96 Inkomende stukke: BB 350/97 Staatsekreta= ris - Landdros Potchefstroom, 12 Februarie 1897, p.76.

109. Notule Nederduits Hervormde of Gereformeerde Gemeente Pretoria, 1892 - 1906, 12 Oktober 1896, p.91.

110. Ibid.: 5 April 1897, p.103.

111. Ibid.: 11 Oktober 1897, p.114.

112. Ibid.: 4 April 1898, p.124.

te verleen. Op 2 Junie 1897 het die koerant in 'n hoofartikel 'n uitvoerige bespreking van die ellende en armoede in die Rustenburgse distrik gepubliseer.[113]) Die koerant het 'n ernstige beroep op sy lesers, veral die inwoners van Johannesburg, gedoen om gel=delike hulp aan die inwoners van Rustenburg te ver=leen. Politieke verskille moes nou vergeet word om medemense te help. Op Rustenburg self is 'n komitee gestig om hulp aan die geteisterdes te verleen. Hierdie komitee het bestaan uit landdros I.C. Brink, veldkornet P. Kruger, die here Van der Merwe en Schoch en di. Postma, Muller en Van Belkum.[114])
Op 3 Junie 1897 is daar reeds £36-17-0 ingesamel.[115])
Op 7 Junie 1897 het die fonds tot £187-2-0 gestyg[116]) en op 25 Junie 1897 afgesluit met die bedrag van £290-19-6.[117]) Met 'n aparte insamelingsfonds in Pretoria is meer as £300 ingesamel.[118])
Die uitgebreide hulpverleningsprogram beklemtoon die benarde ekonomiese toestande waaronder baie

113. Standard and Digger's News, 2 Junie 1897: The Reign of Death (Hoofartikel).

114. Ibid.

115. Ibid., 3 Junie 1897.

116. Ibid., 7 Junie 1897.

117. Ibid., 25 Junie 1897.

118. Ibid., 4 Junie 1897.

Transvaalse boere verkeer het. Verarming en die daarmee gepaardgaande verstedeliking moes noodwen= dig volg. Ook die Bantoebevolking van Transvaal is swaar deur runderpes getref.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

## HOOFSTUK V

## DIE INVLOED VAN DIE RUNDERPES OP DIE BANTOEBEVOLKING VAN DIE TRANSVAAL.

Ook die groot Bantoebevolking van Transvaal is swaar deur die runderpes getref. Dit is egter moeilik om vas te stel wat die presiese omvang van die verliese wat deur hulle gely is, was, aangesien die Bantoe op daardie stadium nog meestal ongelet=terd was. Daar moet dus staatgemaak word op die gegewens wat deur blankes verstrek is.

Veral in die distrikte Lydenburg, Middelburg, Soutpansberg en Waterberg, waar groot getalle Ban=toes saamgetrek was, het hulle groot verliese gely en as gevolg daarvan groot ontberings in die gesig gestaar. Vanweë die betreklik onontwikkelde toe=stand waarin die grootste deel van die Bantoes nog verkeer het, het hulle sorgeloosheid dikwels daar=toe gelei dat hulle beeste die swaarste getref is.[1)]

1. SS.6063/96 Inkomende stukke: R11409/97 Telegram landdros Piet Retief - Staatsekretaris, 7 Augustus 1897, p.177; SS.6044/96 Inkomende stukke: R6037/96 Telegram landdros Nylstroom - Staatsekretaris, 20 Mei 1896, p.170.

Deur die ronddra van besmette vleis is runderpes verder versprei, gewoonlik ten koste van die betrokke Bantoes self.[2]

Baie Bantoes was agterdogtig teen die regering vanweë die opvatting dat die blankes hulle beeste wou uitroei deur die aanwending van geneesmiddels en inenting. Hulle was dus nie bereid om met die regering saam te werk in die bekamping van die siekte nie.[3] Dit het ook dikwels gebeur dat van die Bantoes nie bereid was om hulle beeste te laat afmaak nie. In die distrik Waterberg het baie van die burgers teen Junie 1896 gevrees dat indien die besmette beeste van die kapteins Zebedela, Jan Makapaan, Vaaltyn Makapaan, Hendrik Baken=berg, Mapela en Malaboch verder afgemaak sou word, dit tot 'n algemene Bantoe-opstand in die distrik sou lei.[4] Ook in die distrik Soutpansberg het 'n Bantoe-opstand gedreig indien die afmaak van besmette vee voortgesit word.[5]

---

2. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Tweeden Volksraad der Zuid-Afrikaanschen Republiek: Artikel 950, 2 Julie 1896, p.399.

3. SS.6046/96 Inkomende stukke: R10281/96 Theiler - Staat=sekretaris, 1 Augustus 1896, pp. 28 - 29.

4. SS.6046/96 Inkomende stukke: R10566/96 Memorie D.P. van Rooyen en 42 ander - Staatspresident en Uitvoerende Raad, 26 Junie 1896, pp. 106 - 109.

5. SS.6074/96 Inkomende stukke: R12298/96 Telegram asst. vkt. wyk Marabastad - Staatsekretaris, 7 September 1896, p.110.

Tog was daar ook gevalle waar die Bantoes baie goed met die regering saamgewerk het in die bekamping van die pes. So het kaptein Mpefo van die Soutpansbergse dis= trik opdrag gegee dat geen vee sy lokasie mag binnekom nie en met swaar straf gedreig indien dit wel sou ge= beur. Die owerhede was baie dankbaar vir hierdie samewerking.[6] Ook in Sekoekoenieland is goeie same= werking van die Bantoes ontvang.[7]

Netsoos die blankes was die Bantoes swaar getref deur die verlies van hulle beeste as gevolg van runderpes. Hierdie toestand is vererger deurdat die Bantoes ook as gevolg van die swak landboujaar van 1895 - 1896 geen oeste gehad het nie. Reeds op 21 Maart 1896 het B.J. Vorster, lid van die Tweede Volksraad vir Water= berg, aan die Staatspresident en Uitvoerende Raad ge= skryf om die aandag daarop te vestig dat hongersnood onder die Bantoes van Spelonken heers. Hierdie toe= stand het hy toegeskryf aan die feit dat daar as

---

6. SS.6074/96 Inkomende stukke: R9284/96 Telegram land= dros Pietersburg - Staatsekretaris, 16 Julie 1896, pp. 28 - 30.

7. SS.6008/96 Inkomende stukke: R12258/96 Telegram land= dros Lydenburg - Staatsekretaris, 4 September 1896, p.69.

gevolg van die droogte en sprinkane geen oes was nie.[8] Die toestand het vinnig vererger. Toe die runderpes dus op 20 Mei 1896 in die Bantoegebiede van Waterberg uitbreek, het die Bantoes, wat toe reeds honger gely het, van die runderpes-besmette vleis geëet en rondge= dra. Die gevolg was dat runderpes vinnig versprei en die Bantoes baie groot verliese gely het.[9]
Die rampspoedige gevolge het nie uitgebly nie. Die Bantoes het onder die las van 'n swaar hongersnood gebuk gegaan. Die regering se hulp moes ingeroep word om hulle van uitwissing te red.[10] Op 27 Junie 1896 is berig dat volgelinge van kaptein Zebedela reeds van die honger omgekom het. Mielies kon wel nog gekoop word, maar dan teen die hoë pryse van £8-0-0 tot £10-0-0 per mud.[11] Die regering het na aanleiding hiervan aan J.D. Cilliers, die regeringsagent, opdrag gegee om per muilwa kos na die gebied te stuur.[12] Op 'n besoek aan Waterberg het president Kruger ook die erns van die toestand onder beide blankes en nie-blankes beklemtoon.

8. SS.6074/96 Inkomende stukke: R3037/96 Vorster - Staats= president en Uitvoerende Raad, 21 Maart 1896, p.5.

9. SS.6044/96 Inkomende stukke: R6037/96 Telegram landdros Nylstroom - Staatsekretaris, 20 Mei 1896, p.170.

10. SS.6046/96 Inkomende stukke: R7312/96 Telegram landdros Nylstroom - Staatsekretaris, 10 Junie 1896, pp. 5 - 6.

11. SS.6046/96 Inkomende stukke: R8397/96 Kommissaris van Naturelle - Superintendent van Naturelle, 27 Junie 1896, pp. 23 - 24.

12. SS.6046/96 Inkomende stukke: TB 1585/96 Telegram Staat= sekretaris - J.D. Cilliers, 1 Julie 1896, p.25.

Onder laasgenoemde was daar al sterfgevalle. President Kruger het opdrag gegee dat voedsel so spoedig moontlik gestuur moes word.[13)] Tot op 23 Desember 1896 is 4 970 sakke mielies en meel na hierdie distrik gestuur.[14)]
Ook in Sekoekoenieland was die toestand haglik. Reeds op 6 Mei 1896 het die kommissaris van naturelle 1 500 sakke mielies van die regering gevra om aan die Bantoes te gee, aangesien die oeste in Sekoekoenieland deur sprinkane vernietig is.[15)] Die toestand het verder versleg. Op 25 Augustus 1896 skryf kaptein Nkwane aan die Superintendent van Naturelle om hulp te vra. Hy sê dat sy volk in 'n baie behoeftige toestand verkeer en hy vra kos teen billike pryse om die heersende hongers=nood te verlig.[16)]
Honderde Bantoes is egter tydelik gehelp deur die vergoeding vir die werk wat hulle aan die takheining gedoen het.[17)] Op 2 September 1896 was 1 003 Bantoes besig om aan die takheining te werk terwyl daar daagliks

13. SS.6047/96 Inkomende stukke: R14550/96 Telegram Staats=president - Staatsekretaris, 29 Oktober 1896, pp. 64 - 65.

14. De Pers, 23 Desember 1896: De Zoutpansbergsche Hongers=nood (Hoofartikel).

15. SS.6055/96 Inkomende stukke: R5482/96 Kommissaris van Naturelle Lydenburg - Superintendent van Naturelle, 6 Mei 1896, p.55.

16. SS.6008/96 Inkomende stukke: R12838/96 Nkwane - Supe=rintendent van Naturelle, 25 Augustus 1896, p.186.

17. SS. 6008/96 Inkomende stukke: R12693/96 Landdros Lydenburg - D.J. Schoeman, 2 September 1896, p.93.

nog meer opgedaag het.[18] Hierdie Bantoes het net voedsel as vergoeding ontvang.[19] Reeds op 5 Oktober 1896 het vkt. P.B. Swart van wyk Ohrigstad egter reeds weer hulp van die regering gevra, aangesien daar hongersnood onder die Bantoes in sy wyk geheers het.[20]
Op 6 Oktober 1896 het landdros G.G. du Toit van Lydenburg aanbeveel dat 3 600 sakke mielies en 550 sakke kafferkoring dadelik na die Lydenburgse distrik gestuur word as voedsel vir die hongerlydende Bantoes.[21]
Baie Bantoes het as gevolg van die voedseltekorte op die goudmyne en op plase gaan werk. Verder het hulle ook van boomwortels geleef.[22] Die regering het hulp verleen en geleidelik het die toestand verbeter. Tog was daar teen die einde van 1896 nog steeds baie Bantoes wat honger gely het.[23]
Ook in die distrik Soutpansberg was die toestand haglik. Op 5 Augustus 1896 het die runderpeskommissie van Marabastad kos gevra vir wit- en swartmense.[24] Die

18. SS.6008/96 Inkomende stukke: R12693/96 D.J. Schoeman - Landdros Lydenburg, 2 September 1896, pp. 94 - 95.
19. SS.6054/96 Inkomende stukke: R16466/96 D.E. Trichardt - Landdros Lydenburg, 12 November 1896, p.64.
20. SS.6008/96 Inkomende stukke: R13914/96 Landdros Lyden=burg - Staatsekretaris, 5 Oktober 1896, p.129.
21. SS.6008/96 Inkomende stukke: R13802/96 Landdros Lyden=burg - Staatsekretaris, 6 Oktober 1896, p.132.
22. SS.6054/96 Inkomende stukke: R16466/96 D.E. Trichardt - Landdros Lydenburg, 12 November 1896, p.65.
23. SS.6009/96 Inkomende stukke: R17869/96 D.J. Schoeman - Landdros Lydenburg, 19 Desember 1896, p.28.
24. SS.6011/96 Inkomende stukke: R10634/96 Runderpeskommis=sie Marabastad - Staatsekretaris, 5 Augustus 1896, pp. 61 - 62.

regering het kos gestuur, maar reeds op 9 September 1896 was dit weer nodig om voedsel van die regering te vra.[25]
Op 23 September 1896 het die landdros van Pietersburg reeds gewag gemaak van sterfgevalle weens honger onder die Bantoes van die distrik.[26] Op 3 Oktober 1896 was daar op Smitsdorp en omgewing geen voedsel voorhande nie. Veral die Bantoes is hierdeur swaar getref.[27]
Op 16 Oktober 1896 het sendeling J. Briscoe van die Good Hope Mission aan die runderpeskommissie van Smitsdorp geskryf dat hy van minstens 25 Bantoes weet wat reeds van die honger omgekom het. Die Bantoes het net van wortels en bessies geleef. Hy het gevrees dat die dodetal baie vinnig sou styg indien hulp nie spoedig verleen word nie.[28]
Op 18 Desember 1896 het 'n deputasie van afgevaardigdes uit die Soutpansbergse distrik hulle opwagting by president Kruger gemaak om die toestand met hom te bespreek. Hulp was dringend nodig om die verhongerde Bantoes van die distrik te red.[29]

25. SS.6011/96 Inkomende stukke: R12453/96 Runderpeskommissie Marabastad - Staatsekretaris, 9 September 1896, p.65.

26. SS.6074/96 Inkomende stukke: R13306/96 Telegram Landdros Pietersburg - Staatsekretaris, 23 September 1896, pp. 127 - 129.

27. SS.6011/96 Inkomende stukke: R13886/96 Telegram Verant= woordelike Klerk Smitsdorp - Staatsekretaris, 3 Okto= ber 1896, p.76.

28. SS.6011/96 Inkomende stukke: R14431/96 J. Briscoe - runderpeskommissie Smitsdorp, 16 Oktober 1896, p.84.

29. De Pers, 23 Desember 1896: De Zoutpansbergsche Honger= snood (Hoofartikel).

Die Pretoriase koerant De Pers het op 23 Desember 1896 verwys na die ontsaglike hoeveelheid voedsel wat tot op daardie stadium deur die regering versprei is. Net aan die Soutpansbergse distrik alleen is 7 215 sakke mielies en meel gestuur. Die koerant het op die gevaar gewys dat die regering te veel hulp aan sy onderdane kon verleen. Werk, veral op die Witwaters= rand, was volop, maar skynbaar wou die Bantoes "weens luiheid" nie hiervan gebruik maak om vir hulle self te sorg nie. President Kruger het voorgestel dat die myne, in ruil vir arbeid, voedsel na die gebiede sou stuur. Daarmee het die mynowerhede saamgestem.[30]
So kan gesien word dat ook die Bantoebevolking van Transvaal swaar getref is deur die runderpes. Danksy die hulp van die regering het dit egter met hulle nie so sleg gegaan soos met byvoorbeeld die inboorling= bevolking van Oos-Afrika wat ook deur die runderpes getref is nie.

30. Ibid.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

# HOOFSTUK 6

## EKONOMIESE GEVOLGE VAN DIE RUNDERPES

Vir die Transvaalse boere het die verliese wat hulle as gevolg van die runderpes gely het, baie nadelige gevolge ingehou. Baie van hulle is letterlik deur die pes geruïneer. Op ekonomiese gebied was dit 'n knou waar= van baie boere, ten spyte van staatshulp, nie kon herstel nie. Baie van hulle het totaal verarmd geraak. Hulle boerderye kon nie weer op 'n ekonomies gesonde voet geplaas word nie. As gevolg hiervan sou baie ook 'n ander manier moes vind om 'n bestaan te maak.

### 1. Ekonomiese posisie van die Afrikaner in Transvaal.

Die Afrikaners wat Transvaal na die Groot Trek kom bewoon het, was by uitstek boere. Sedert die dae van Jan van Riebeeck was hierdie bevolking geslagte= lank van die Europese ontwikkeling afgesonder en hulle het hoofsaaklik 'n eenvoudige, selfversorgende pionierslewe gelei.[1] Tot en met die laaste drie dekades van die negentiende eeu het hierdie mense

1. J.F.W. Grosskopf: Ekonomiese verslag van die Carnegie-kommissie: Die Armblankevraagstuk in Suid-Afrika, I (Plattelandsverarming en Plaasverlating), p.12.

uitsluitlik 'n pastorale leefwyse gevoer.[2)]
Die selfversorgende aard van die boerdery is verder deur die Groot Trek versterk. Dit was as gevolg van die feit dat daar by hierdie afgesonderdheid nog minder afsetmoontlikhede was en daar ook geen geleentheid was om beskawingsgoedere aan te koop nie. "Toe die Trekker uiteindelik in die binneland aankom het boerdery die lewensbedryf geword, 'n doel op homself, die leefwyse self.[3)]
Na die vestiging in Transvaal was die boerderybedrywighede hoofsaaklik beperk tot beesboerdery en in 'n baie klein mate besproeiingsboerdery. Aanvanklik was die produksie slegs op die voorsiening van eie behoeftes gerig. In hierdie opsig was vee en veeprodukte die vernaamste kommêrsiële artikels. Die omvang van sy veestapel was die aanduiding van die persoonlike rykdom van 'n boer.[4)] Elke boer het ten minste 20 beeste gehad. Die wat bemiddeld was, het van 40 tot 100 beeste gehad, terwyl ryk mense van 500

2. G.C.R. Bosman: The Industrialization of South Africa, p.34.

3. P. Naudé: Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858 - 1899, p.18.

4. J. Swanepoel: Landbou-ontwikkeling in Suid-Afrika, 1652 - 1954, met spesifieke verwysing na staatsoptrede in hierdie verband, p.113.

tot 600 of selfs tot 3 000 beeste gehad het.[5] Die plase was ongeveer 3 000 morg groot. Baie boere het twee plase gehad: een op die hoëveld en een in die laeveld.[6]

Skaapboerdery het na die sestigerjare van die vorige eeu ook in belangrikheid toegeneem. Aanvanklik was dit in die westelike en suidwestelike distrikte soos Bloemhof, Wolmaransstad, Lichtenburg en Potchefstroom waar met skape geboer is. Later het dit egter dui= delik geword dat die oostelike hoëvelddistrikte soos Ermelo, Volksrust, Middelburg, Standerton en Carolina meer geskik was vir hierdie boerdery. Ook was hierdie distrikte binne die bereik van die Oos-Transvaalse Laeveld en die warm laeveld van Swaziland vir winterweiding. Na 1885 is skaapboer= dery naas beesboerdery in die distrikte Marico, Lichtenburg, Bloemhof, Potchefstroom, Ermelo, Utrecht, Standerton, Wakkerstroom, Heidelberg en Middelburg beoefen.[7] In hierdie hoëveldstreke

5. H. Blink: De Zuid-Afrikaansche Republiek en Hare Bewo= ners, p.52.

6. J. Swanepoel: Landbou-ontwikkeling in Suid-Afrika, 1652 - 1954, met spesifieke verwysing na staatsoptrede in hierdie verband, p.114.

7. P. Naudé: Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858 - 1899, pp. 28 - 34.

was daar teen 1890 talle boere wat van 2 000 tot 3 000 skape besit het.[8)] In die noordelike dele van Transvaal was dit egter te droog en warm om met skape te boer.[9)]

Die beoefening van landbou het 'n baie ondergeskikte rol in die landbou-ekonomie van die Transvaal ge=speel. Op slegs 'n baie klein deeltjie van 'n boer se plaas is landbouprodukte, uitsluitlik vir eie gebruik, verbou. Voor die ontdekking van goud en diamante was die boere ver van 'n mark verwyder. Vee kon wel nog by 'n mark gekry word, maar landbou=produkte kon baie moeilik so ver vervoer word.[10)] Aanvanklik het die boere ook 'n groot deel van hulle voedsel uit die jag verkry. Geleidelik het die wild egter uitgeskiet geraak en die boere het meer afhanklik van die landbou en veeteelt geword.[11)]

Van die nywerheidswese het die boere weinig kennis gehad. In tuisnywerhede het die boere in hul eie behoefte aan eenvoudige produkte soos skoene,

---

8. H. Blink: De Zuid-Afrikaansche Republiek en Hare Bewoners, p.103.

9. M.H. de Kock: The Economic Development of South Africa, p.50.

10. H. Blink: De Zuid-Afrikaansche Republiek en Hare Be=woners, p.102.

11. Ibid., pp. 102 - 104.

meubels of kerse voorsien.[12] "Deze algemeene beoefening der verschillende bedrijven tot eigen behoefte was noodsakelijk, doch bracht hen niet tot groote bekwaamheid in eenig vak."[13]

2. Ekonomiese toestande in die Transvaal.

Voor 1886 was daar 'n geldskaarste in die Transvaal. Selfs in 1885 het daar nog 'n selfversorgende boere=lewe en pionierstoestande geheers.[14] Na die Eerste Vryheidsoorlog het 'n depressie die hele Suid-Afrika getref. In Transvaal self het die belasting gedaal van £328 000 vir die jaar 1883 - 1884 tot £218 000 vir die jaar 1885 - 1886.[15] Tog was die algemene lewenstandaard in die dae hoog en die ekonomiese lewe van die Transvaalse Boer self was gesond.[16] In die jaar 1886 egter word van die wêreld se rykste goudvelde aan die Witwatersrand ontdek. Hierna het die goudproduksie van die Transvaal met rasseskrede verhoog. Voor 1886 was die produksie onbeduidend,

12. A. Coetzee: Die opkoms van die Afrikaanse Kultuurge=dagte aan die Rand, p.40.

13. H. Blink: De Zuid-Afrikaansche Republiek en Hare Bewoners, p.54.

14. A. Coetzee: Die opkoms van die Afrikaanse Kultuurge=dagte aan die Rand, pp. 40 - 41.

15. M.H. de Koch: The Economic Development of South Africa, p.51.

16. A.N. Pelzer: Die Armblanke in die Suid-Afrikaanse Repu=bliek tussen die jare 1882 - 1899 (Historiese Studies, Jaargang 2, 1941, pp. 131 - 132).

in 1890 was dit reeds £1 869 000, in 1894 was dit £7 600 000 en in 1898 was dit £16 000 000.[17]
Die ontdekking van goud het daartoe gelei dat die ekonomiese struktuur van 'n suiwer landbou-ekonomie, na 'n landbou-mynbou-ekonomie verander het.[18]
Die ontginning van goud en die winsmoontlikhede wat daarin opgesluit gelê het, het daartoe gelei dat baie buitelandse kapitaal die land binnegestroom het. Kredietbeheer is verslap. Die Standard Bank en die Bank van Afrika het takke in die Transvaal geopen. In 1888 is die Nederlandse Bank van Suid-Afrika geopen met takke in Amsterdam en Pretoria. In 1891 is die Bank van Suid-Afrika ook in Pretoria geopen.[19]
Hierdie kapitaalinvloei het 'n ingrypende verandering in die bestaande ekonomiese toestande teweeg gebring. Dit het tot 'n buitengewone bevolkingsgroei in die Transvaal aanleiding gegee. Gedurende die periode 1875 - 1891 was dit 'n gemiddelde groei van 3,1%

17. M.H. de Kock: The Economic Development of South Africa, p.52.

18. G.C.R. Bosman: The Industrialization of South Africa, p.11.

19. M.H. de Kock: The Economic Development of South Africa, p.52.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

per jaar en gedurende die tydperk van 1891 - 1911 'n jaarlikse toename van 3,6%. Dit was hoër as dié van die Verenigde State van Amerika gedurende sy industrialiseringsperiode.[20)]

Die groei van die bevolking en die toename in rykdom en koopkrag het tot die ontwikkeling van spoorweë, beter paaie, beter telegrafiese dienste en mynont=wikkeling aanleiding gegee.[21)] 'n Versnelde nywer=heidsontwikkeling moes ook noodwendig volg.[22)]

Van 'n agtiende-eeuse, landelike gemeenskap het die Transvaal feitlik oornag in 'n negentiende-eeuse, industrieel-stedelike gemeenskap verander.[23)]

Volgens G.A. Leyds het die Transvaal gedurende die periode 1885 tot 1899 'n baie gesonde ekonomie gehad.[24)]

Ook C.G.W. Schumann beklemtoon dat die tydperk 1892 tot 1899 'n periode van stygende voorspoed vir die Transvaal was.[25)] Tog meen M.H. de Kock dat die welvaart wat geheers het as gevolg van die kapitaal=

---

20. C.G.W. Schumann: Die Ekonomiese Posisie van die Afrikaner, p.66.

21. G.C.R. Bosman: The Industrialization of South Africa, p.15.

22. A. Coetzee: Die opkoms van die Afrikaanse Kultuur=gedagte aan die Rand, p.40.

23. S. van Wyk: Die Afrikaner in die Beroepslewe van die Stad, p.28.

24. G.A. Leyds: A. History of Johannesburg: The Early Years, p.35.

25. C.G.W. Schumann: Die Ekonomiese Posisie van die Afrikaner, p.52.

invloei na 1895 opgevolg is deur 'n tydperk van baie swaar depressie. Hierdie depressionêre toestand is veroorsaak deur die Jamesoninval van 1896 en die ver=liese wat op boerderygebied gely is as gevolg van sprinkane, droogtes en runderpes. Hierna was daar egter 'n herstel tot met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in 1899.[26)]

Die boerende bevolking het in hierdie betreklike voorspoed gedeel. Die groot stedelike bevolking wat ontstaan het, moes voedsel hê. Volgens die amptelike sensus van 1895 het Johannesburg in daardie jaar 'n totale bevolking van 102 000 gehad. Dit het bestaan uit 51 000 blankes, 45 000 Bantoes en 6 000 Indiërs en Sjinese.[27)] Alhoewel die produktemark nooit konstant was nie, is altyd redelik goeie pryse be=taal.[28)] Die ontginning van die Transvaalse minerale rykdom het gevolglik tot ontwikkeling van die land=bou en veeteelt gelei.[29)] Tog skyn dit asof die boere nie op die veranderinge voorbereid was en

26. M.H. de Kock: The Economic Development of South Africa, p.53.

27. G.A. Leyds: A. History of Johannesburg: The Early Years, p.53.

28. A.N. Pelzer: Die Armblanke in die Suid-Afrikaanse Repu=bliek tussen die jare 1882 - 1899 (Historiese Studies, Jaargang 2, 1941, p.131).

29. M.H. de Kock: The Economic Development of South Africa, p.50.

die geleenthede ten volle kon benut nie.[30]

Die Johannesburgse mark was nou binne bereik van 'n groot deel van die boerende bevolking.[31] Nie net die veeteelt nie, maar ook die verbouing van byvoorbeeld graan en tabak het baie gebaat by die verhoogde aanvraag op die Witwatersrandse mark.[32] Veeteelt het egter geensins agteruit gegaan nie.[33] In die omgewing van Pretoria en Johannesburg het melkboerdery ook belangrik geword.[34] Feitlik alles wat die boer kon produseer, kon teen 'n goeie prys verkoop word. Boerdery het 'n groot aanmoediging gekry. Met 'n lonende binnelandse mark kon die boer nou geld verdien.[35]

Hierdie omskakeling van 'n relatief agterlike staat tot 'n kapitalistiese ekonomie het baie vinnig geskied. Binne tien jaar het die Transvaal heeltemal van gedaante verwissel. Die boere van Transvaal is voor nuwe omstandighede geplaas wat vir hulle

---

30. J. Swanepoel: Landbou-ontwikkeling in Suid-Afrika, 1652 - 1954, met spesifieke verwysing na staatsoptrede in hierdie verband, p.123.

31. P. Naudé: Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858 - 1899, pp. 116 - 117.

32. J. Swanepoel: Landbou-ontwikkeling in Suid-Afrika, 1652 - 1954, met spesifieke verwysing na staatsoptrede in hierdie verband, pp. 114 - 115.

33. J.F.W. Grosskopf: Ekonomiese Verslag van die Carnegie=kommissie: Die Armblankevraagstuk in Suid-Afrika, I (Plattelandsverarming en plaasverlating, p.13).

34. P. Naudé: Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858 - 1899, p.174.

35. Ibid., p.141.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

heeltemal vreemd was.[36] Die ontdekking van goud het 'n geweldige omwenteling veroorsaak. Skielik het die Transvalers hulself voor 'n intensiewe nywerheidsomwenteling bevind. Daar was geen stadige oorgangstydperk nie.[37]

Dit was vir die boerebevolking net eenvoudig nie moontlik om so vinnig by die veranderde omstandig=hede aan te pas nie, want dit het die verandering van hulle hele leefwyse en karakter vereis.[38] Die verhoogde produksie wat noodwendig vanweë die stimilus van die nuwe afsetmoontlikhede moes volg, het kennis, ondervinding en veral ook kapitaal vereis. Die boer het nie een van die drie gehad nie.[39] Vroeër is die landbou net beoefen om in eie behoeftes te voorsien. Die groot plase is baie ekstensief bewerk. Geen wetenskaplike boerderyme=todes is toegepas nie en die boerdery was baie ag=terlik en primitief.[40] Verder het die grootste gedeelte van die Afrikaanssprekende bevolking van

36. C.G.W. Schumann: Die Ekonomiese Posisie van die Afri=kaner, p.61.

37. A. Coetzee: Die Opkoms van die Afrikaanse Kultuurge=dagte aan die Rand, p.50.

38. C.G.W. Schumann: Die Ekonomiese Posisie van die Afrikaner, p.73.

39. P. Naudé: Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858 - 1899, p.142.

40. G.C.R. Bosman: The Industrialization of South Africa, p.34.

die Transvaal baie min of geen onderwys ontvang nie.[41] Terwyl geld voor die ontdekking van goud 'n baie onder=geskikte rol in die lewe van die Transvaalse boer gespeel het,[42] het die boer in sy strewe na 'n ver=hoogde produksie kapitaal nodig gehad. Implemente en saad moes aangekoop word. Die beeskuddes moes verbeter word. Om geld te maak, moes kapitaal belê word. Teenslae en rampe sou dus noodwendig groter verliese tot gevolg hê.[43] Skuld en verbandlaste het nou swaar op die skouers van baie boere begin druk.[44] Die Transvaalse boere moes kennis maak met 'n geldhuishouding en hulle sake daarby inskakel, sonder voorafgaande ervaring of die nodige insig.[45] Diegene wat die kapitaal of geleerdheid of 'n ver=standsvermoë bo die gemiddelde gehad het, kon hulle op bevredigende wyse by die nuwe omstandighede aan=pas. Diegene wat egter op enige van hierdie terreine te kort geskiet het, was uit die staanspoor aan die

41. E.G. Malherbe: Opvoedkundige verslag van die Carnegie-kommissie: Die Armblankevraagstuk in Suid-Afrika, III (Onderwys en die Armblanke, p.45).

42. A.N. Pelzer: Die Armblanke in die S.A.R. tussen die jare 1882 - 1899 (Historiese Studies Jg.2 1941, p.41).

43. P. Naudé: Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858 - 1899, p.143.

44. C.G.W. Schumann: Die Ekonomiese Posisie van die Afrikaner, p.75.

45. P. Naudé: Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858 - 1899, p.142.

verloorkant.[46)]

Met die koms van die groter bevolking en die beskik=baarheid van kapitaal, het grond ook skaarser en duurder geraak.[47)] Die onderverdeling van plase het verder tot die grondskaarste bygedra.[48)] Hiermee saam val die Britse besetting van onbesette gebiede op die Transvaalse grense - Betsjoeanaland en Rhode=sië. Waar die boere vroeër steeds verder kon wegtrek om grond te kry, was dit nou nie meer moontlik nie.[49)]

S. Pauw voer 'n verdere rede aan waarom die Transvaal=se boere nie die volle voordeel van die Johannesburg=se mark kon geniet nie. Volgens hom was daar in die boer se lewensbeskouing nie plek vir 'n geldmakery nie. Die boer was tevrede met sy rustige lewe en het homself die vraag afgevra wat hy met geld wil maak.[50)]

Alle inwoners van Transvaal het ook nie in gelyke mate by die nuwe mark gebaat nie. Dit is vanself=

---

46. E.G. Malherbe: Opvoedkundige verslag van die Carnegie=kommissie. Die Armblankevraagstuk in Suid-Afrika, III (Onderwys en die Armblanke, pp. 19 - 20).
47. Ibid., p.19.
48. C.G.W. Schumann: Die Ekonomiese Posisie van die Afri=kaner, p.75.
49. A. Coetzee: Die Opkoms van die Afrikaanse Kultuur=gedagte aan die Rand, pp. 54 - 55.
50. S. Pauw: Die Beroepsarbeid van die Afrikaner in die Stad, pp. 50 - 51.

sprekend dat die inwoners van Potchefstroom of Rus=tenburg meer baat by die mark sou vind as die inwo=ners van Marico, Soutpansberg of Waterberg. Die aan=lê van spoorlyne het wel die mark binne die bereik van baie meer boere gebring, maar weer eens was dit slegs die inwoners van distrikte soos Heidelberg, Pretoria en Middelburg, waardeur spoorlyne gegaan het, wat gebaat het. Die ander distrikte was nog steeds van die tradisionele vervoermiddel, naamlik die ossewa, afhanklik om hulle produkte te bemark.[51)] Die laaste dekade van die negentiende eeu was vir die boere van Transvaal 'n tydperk van groeiende teenspoed. Veral gedurende die seisoen van 1894 tot 1895 het baie boere swaar verliese gely vanweë die droogte en sprinkane.[52)] Toe reeds moes die regering hulp verskaf in die vorm van die opheffing van invoerregte op belangrike lewensmiddele en die invoer van mielies en meel wat aan die bevolking

51. G.A. Leyds: A History of Johannesburg: The Early Years, p.162.

52. SS.6002/96 Inkomende stukke: R806/97 Memorie vkt. P.D. Swart en 78 ander - Staatspresident en Uitvoe=rende Raad, 11 Januarie 1897, pp. 66 - 69.

beskikbaar gestel kon word.[53] Ook malaria het sy deel bygedra om die algemene toestand te vererger.[54] Runderpes, wat die Transvaal gedurende die jare 1896 en 1897 geteister het, was derhalwe 'n verswarende faktor in 'n verarmingsproses wat reeds aan die gang was.

3. Hoe die Transvaalse boer deur die runderpes getref is.

Die boere van Transvaal was hoofsaaklik veeboere, veral beesboere en volgens landdros E.C. Schutte van Pretoria was die beeste hulle enigste rykdom.[55] Hierdie vernaamste bron van inkomste is vanaf Maart 1896 tot die einde van 1897 deur runderpes geteis= ter. Vir die boere kon dit alleen katastrofiese gevolge inhou.

Volgens A.N. Pelzer het runderpes die hartaar van die boere se ekonomiese bestaan verbreek.[56] Ook P. Naudé beklemtoon dat runderpes een van die faktore was wat die boeregemeenskap die swaarste

53. P. Naudé: Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858 - 1899, p.270.

54. Standard and Digger's News, 2 Januarie 1897: The Reign of Death (Hoofartikel).

55. ZAR.168 Korrespondensie ens. ivm. runderpes: Report on the International Rinderpest Congress held at Pretoria from the 2nd to the 13th August 1897, p.9.

56. A.N. Pelser: Die Armblanke in die Suid-Afrikaanse Repu= bliek tussen die jare 1882 - 1899 (Historiese Studies, Jg. 2, 1941, p.197).

getref het. Die verlies van hulle beeste het baie mense hulle enigste bron van inkomste ontneem.[57] Dit moes noodwendig tot die grootste armoede aanleiding gee.[58] Die Transvaalse boer was nie onbekend met verliese as gevolg van veesiektes nie. Tog was run=derpes die swaarste en grootste ramp wat die Trans=vaalse boer op ekonomiese gebied getref het.[59]

Die boere het egter nie net verliese gely omdat hulle beeste gevrek het nie. Ook die feit dat die ossewa, hulle enigste vervoermiddel, vir hulle onbruikbaar geword het, het tot verliese aanleiding gegee. Hulle kon naamlik nie hulle produkte bemark nie. Nadat run=derpes sy verskyning in die Transvaal gemaak het, is alle verkeer met beeste deur die proklamasie van 6 Mei 1896 verbied.[60] Die gevolg hiervan was dat boere van distrikte waar nie 'n spoorlyn na Johannesburg was nie, nie hulle produkte kon bemark nie. Dit kon ook daartoe lei dat baie boere geruïneer word.[61]

Die feit dat lewensmiddele nie gehaal kon word nie, het in sommige gevalle selfs tot hongersnood

57. P. Naudé: Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858 - 1899, p.495.

58. SS.6006/96 Inkomende stukke: R17775/96 Memorie P.J. Ober=holzer en 126 ander - Uitvoerende Raad, op 18 Desember 1896 deur Staatsekretaris ontvang, pp. 153 - 155.

59. De Potchefstroomer, 14 Mei 1896: De proclamatie den 11 den dezer (Hoofartikel).

60. Staatscourant, 6 Mei 1896: Proklamasie Staatspresident, 28 April 1896, p.517.

61. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaanschen Republiek: Artikel 1305, 1 September 1896, p.582.

aanleiding gegee. Die hulp van die regering moes ingeroep word.[62] Die regering was dan ook verplig om muilwaens met voorrade na die geteisterde gebiede te stuur.[63] Veral op die kleiner boere en armer burgers het hierdie maatreëls swaar gedruk.[64] So byvoorbeeld het daar in die distrik Soutpansberg groot tekorte geheers en selfs hongersnood gedreig vanweë die feit dat die verkeer weens runderpes in=gekort was.[65] Juis omdat die boere as gevolg van die proklamasie van 6 Mei 1896 in so 'n benarde **posi=sie verkeer het**, is die boere deur die proklamasie van 8 Junie 1896 toegelaat om in onbesmette distrikte weer per ossewa te reis.[66] Met die proklamasie van 11 November 1896 is alle verkeer weer belet in 'n poging om die pes te stuit.[67] Weer eens sou dit dieselfde rampspoedige gevolge vir die boerende bevolking inhou. Perde of muile kon ook weens die heersende perdesiekte moeilik gebruik

62. SS.6044/96 Inkomende stukke: R7425/96 Telegram landdros Nylstroom - Staatsekretaris, 11 Junie 1896, p.235; SS.6077/96 Inkomende stukke: R7025/96 Telegram vkt. de Beer - Staatsekretaris, 5 Junie 1896, p.16.

63. SS.6044/96 Inkomende stukke: TB1031/96 Telegram Staat=sekretaris - Landdros Nylstroom, 11 Junie 1896, p.236.

64. De Potchefstroomer, 14 Mei 1896: De Proclamatie den 11 dezer (Hoofartikel).

65. De Pers, 2 September 1896.

66. Buitengewone Staatscourant, 8 Junie 1896: Proklamasie Staatspresident, 8 Junie 1896.

67. Staatscourant, 11 November 1896: Proklamasie Staatspre=sident, 3 November 1896, p.1539.

word.[68]

Vanweë die nypende tekort kon baie mense nie hulle skuld betaal nie. In hierdie verband is vertoë om hulp aan die regering gerig.[69]

Toe ossewaverkeer weer in Desember 1896 toegelaat is, het baie boere nie meer osse gehad om as trekvee te gebruik nie. Die gevolg was dat hulle nie hulle landbouprodukte kon bemark nie. Baie boere, wat hulle bestaan uit die landbou gemaak het, veral in die Rustenburgse distrik, is as gevolg van hierdie feit deur bankrotskap bedreig.[70] Vir dié distrik was dit 'n goeie landbouseisoen, maar die groente-, vrugte- en veral die lemoenoes was nutteloos omdat dit nie bemark kon word nie.[71]

Op 17 Februarie 1896, voor die runderpes, het 349 waens landbouprodukte na die Johannesburgse mark gebring.[72] Op 16 Mei 1896 het slegs enkele waens die mark besoek, terwyl die meeste produkte wat daar

68. SS.6009/96 Inkomende stukke: R15461/96 Landdros Lyden= burg - Staatsekretaris, 7 November 1896, p.24; R15659/96 Mynkommissaris J.S. Joubert - Staatsekretaris, 9 Novem= ber 1896, p.29; SS.6017/96 Inkomende stukke: S.P. du Toit - Staatspresident en Uitvoerende Raad, 10 November 1896, p.179.

69. SS.6006/96 Inkomende stukke: R17775/96 Memorie P.J. O= berholzer en 126 ander - Uitvoerende Raad, op 18 Desem= ber 1896 deur Staatsekretaris ontvang, pp. 156 - 159; SS. 6005/96 Inkomende stukke: R161/97 Memorie G. Nelson en 49 ander - Uitvoerende Raad, 2 Desember 1896, pp. 6 - 8.

70. De Volkstem, 5 Oktober 1897: Landdros I.C. Brink - Redakteur; De Volkstem, 7 Oktober 1897.

71. Ibid.: 15 Mei 1896.

72. Ibid.: 17 Februarie 1896.

wel te koop was, per trein na die mark gebring is.[73] Vir die boere het dit 'n groot verlies aan inkomste beteken.[74]

Baie boere het hul bestaan uit transportryery gemaak. Die runderpes het ook hierdie bron van inkomste van hulle weggeneem deurdat óf hulle osse gevrek het, óf hulle nie toegelaat is om rond te trek nie.[75] 'n Ander bron van inkomste vir baie boere was die verkoop van brandhout in Johannesburg en Pretoria.[76] Op 17 Februarie 1896 was daar 111 vragte brandhout op die Johannesburgse mark. Hierdie hout is verkoop teen pryse wat gewissel het van £2 tot £6-10-0 per vrag, afhangende van die grootte van die vrag.[77] Veral vir die boere uit die beboste dele van die Republiek soos Zeerust, Waterberg of Lydenburg het dit 'n groot verlies aan inkomste beteken toe hulle nie meer die hout kon bemark nie as gevolg van 'n gebrek aan trekdiere of beperkende regulasies.

Vanweë die poging om soveel moontlik beeste te

73. Ibid., 16 Mei 1896.

74. SS.6022/96 Inkomende stukke: R706/97 Memorie P.J.C. Gro=bler en 259 ander - Staatsekretaris, 18 Januarie 1897, pp. 63 - 67.

75. SS.6002/96 Inkomende stukke: R8785/96 Runderpeskommissie wyk Bosveld - Staatspresident en Uitvoerende Raad, 1 Julie 1896, pp. 81 - 83.

76. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Tweeden Volksraad der Zuid-Afrikaanschen Republiek: Artikel 950, 27 Julie 1896, p.399.

77. De Volkstem, 17 Februarie 1896.

verkoop voordat runderpes sy tol geëis het, het die mark oorstok geraak, met die gevolg dat pryse geweldig gedaal het. Op 17 Februarie 1896 is slag=osse verkoop vir £7-5-0 stuk,[78)] maar op 14 Julie 1897 teen £2-0-0 tot £2-10-0 stuk. Hierdie daling in pryse kan direk aan die runderpes toegeskryf word.[79)] Terselfdertyd het die pryse van gesoute osse baie gestyg. Dit kan ook daaraan toegeskryf word dat kopers uit Rhodesië en Betsjoeanaland bereid was om baie hoë pryse vir gesoute osse te betaal.[80)] 'n Agent van die Chartered Company in Rhodesië het net in die Soutpansbergse distrik alleen osse ter waarde van £12 000 opgekoop.[81)] Die regering was verplig om hierdie praktyk te belet om die boere te beskerm.[82)] Pryse van tot £15 stuk is vir gesoute osse betaal.[83)] Vir baie boere, wat reeds groot verliese gely het, was dit onmoont=lik om hierdie pryse te betaal.

78. Ibid.

79. Ibid.: 14 Julie 1897.

80. SS.6005/96 Inkomende stukke: R9535/97 Kmdt. van Polisie Schweizer-Reneke - Kommissaris van Polisie, 24 Junie 1897, pp. 82 - 83.

81. SS.6076/96 Inkomende stukke: R15978/96 Telegram landdros Soutpansberg - Staatsekretaris, 16 November 1896, pp. 24 - 25.

82. SS.6005/96 Inkomende stukke: TB 1700/97 Circulairetele=gram Staatsekretaris - alle landdroste, 8 Julie 1897, p.84.

83. SS.6006/96 Inkomende stukke: R17120/96 D.C.A. Hoffman - Staatsekretaris, 4 Desember 1896, pp. 141 - 142.

'n Verdere nadelige invloed wat die runderpes uitgeoefen het, het gespruit uit die feit dat die skaapboere van die hoëveld nie toegelaat is om na hulle winterweiding in die laeveld te trek nie.[84] Vir die boere, wat gewoonlik teen die helfte van April na die winterveld getrek het, het dit 'n dreigende gevaar ingehou. Baie van hierdie boere het al hulle beeste verloor en het nou net hulle skape oorgehad.[85] Alhoewel die regering in hierdie verband toegewings gemaak het, is groot verliese ook as gevolg van die vertragings gely.
Vir die boerende bevolking van Transvaal het runderpes dus 'n groot bedreiging ingehou - so groot dat hulle voortbestaan daardeur aangetas kon word.

4. <u>Die invloed van runderpes op die transportryers</u>.

Daar was baie boere wat vir hulle hele bestaan van transportryery afhanklik was. Volgens die amptelike sensus van 1890 het 619 blanke manlike inwoners van

84. SS.6012/96 Inkomende stukke: R5673/96 Telegram vkt. A.J. Boshoff - Staatsekretaris, 14 April 1897, pp. 33 - 34.

85. SS.6012/96 Inkomende stukke: R5134/97 Memorie A.J. Bos=hoff en 86 ander - Staatspresident en Uitvoerende Raad, 22 Maart 1897, pp. 24 - 25.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

die Transvaal hul beroep as transportryers aangegee.[86] A.N. Pelzer beklemtoon ook dat baie boere vir hulle bestaan van transportry afhanklik was.[87] Tog was daar ook baie boere wat weens hulle nypende ekono= miese omstandighede 'n bykomende verdienste in trans= portry gehad het. Baie boere het 'n bestaan uit transportry na Rhodesië gemaak, totdat die spoorlyn vanaf Kimberley na Bulawayo in die jaar 1897 voltooi is.[88]

Hierdie mense is onmiddellik deur die runderpes ge= tref. Op pad van en na Matebeleland is hulle trekosse met runderpes besmet en afgemaai of deur die Britse owerhede afgemaak. Soveel as 600 waens het op 'n bepaalde tydstip langs die transportpad na Matebele= land gestaan, nie in staat om verder te gaan of terug te keer nie.[89] Die meeste van hierdie waens het aan inwoners van Transvaal behoort.[90]

Uit verskeie oorde is berig ontvang van die nood

86. ZAR.150: Suid-Afrikaanse Republiek Sensusrapporte 1890 - 1899: Sensusverslag vir 1890.

87. A.N. Pelzer: Die Armblanke in die Suid-Afrikaanse Repu= bliek tussen die jare 1882 - 1899 (Historiese Studies, Jg. 2, 1941, p.199).

88. J.G. Lockhart en C.M. Woodhouse: Rhodes, p.401.

89. SS.6020/96 Inkomende stukke: R4827/96 Komdt. A.P. Malan - Staatsekretaris, 27 April 1896, p.140.

90. SS.6027/96 Inkomende stukke: R6178/96 J.W. Taylor - Kommissaris van Polisie, 12 Mei 1896, p.131.

waarin hierdie mense verkeer het. So skryf J.W. E= rasmus, lid van die Tweede Volksraad vir Zeerust, aan president Kruger dat hierdie mense alles verloor het en dat vrouens en kinders te voet op pad terug Transvaal toe is. Baie het reeds van honger en ont= berings omgekom.[91] Ook uit die distrik Waterberg is 'n beroep op die regering gedoen om die talle mense wat te voet oor die grens na Transvaal terug gevlug het, van 'n hongerdood te red.[92] Die regering het ingegryp en hierdie mense van kos en ander le= wensmiddele voorsien.[93]

Behalwe hierdie mense wat onmiddellik hulle trekosse verloor het, was daar in alle dele van Transvaal mense wat 'n bestaan uit transportwerk gemaak het.[94] So skryf D.G. Grobler van die distrik Rustenburg dat verskeie persone geen verdienste het nie omdat hulle nie mag transportry nie.[95] Uit Bronkhorstspruit

91. SS.6000/96 Inkomende stukke: R3879/96 J.W. Erasmus - Staatspresident, 13 April 1896, p.54.

92. SS.6044/96 Inkomende stukke: R4421/96 Telegram landdros Waterberg - Staatsekretaris, 22 April 1896, p.54.

93. SS.6044/96 Inkomende stukke: TB 471/96 Telegram Staat= sekretaris - Landdros Waterberg, 23 April 1896, p.63.

94. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Tweeden Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek: Artikel 57, 9 Mei 1896, p.42.

95. SS.6021/96 Inkomende stukke: R8564/96 D.G. Grobler - Landdros Rustenburg, 2 Junie 1896, p.31.

is 'n memorie aan die regering gerig deur mense wat vanweë die runderpes geen inkomste gehad het nie.[96]
Ook die lede van die runderpeskommissie van wyk Bosveld, distrik Zeerust, meld in Julie 1896 dat die meeste inwoners van hul wyk hulle bestaan uit trans=portryery gemaak het. Vanweë die runderpes het hulle al hulle beeste verloor met die gevolg dat hulle nou geen inkomste gehad het nie. As gevolg hiervan het hongersnood in dié wyk gedreig.[97]
Dieselfde lot het die inwoners van wyk Seylonsrivier, distrik Middelburg, bedreig.[98]
Uit wyk Kliprivier (Germiston), distrik Heidelberg, is 'n petisie wat deur 304 burgers en ander inwoners onderteken is, ontvang. Hierdie mense het hulle bestaan gemaak deur steenkool, sand en klip na die myne te karwei. Vanweë die runderpes kon hulle nie hul bedryf beoefen nie en hongersnood het hulle in die gesig gestaar.[99]

96. SS.6032/96 Inkomende stukke: R8082/96 Memorie S.W.J Roodt en 19 ander - Staatspresident en Uitvoerende Raad, 16 Junie 1896, p.63.

97. SS.6002/96 Inkomende stukke: R8785/96 Runderpeskommissie wyk Bosveld - Staatspresident en Uitvoerende Raad, 1 Julie 1896, pp. 81 - 83.

98. SS.6055/96 Inkomende stukke: R13979/97 Vkt. G.P.J. Jou=bert - Landdros Middelburg, 25 September 1897, p.62.

99. SS.6025/96 Inkomende stukke: Geen R-nommer, Memorie C.H. Muller en 303 ander - Staatspresident en Uitvoe=rende Raad, pp. 115 - 131.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

5. Omvang van die verliese gely.

Op 14 Desember 1897 het die regering 'n omsendbrief aan alle landdroste, mynkommissarisse en resident-vrederegters gerig. Dié amptenare is versoek om te spesifiseer hoeveel beeste dood is aan runderpes, hoeveel afgemaak is hoeveel gesout is en hoeveel nooit aangetas is nie.[100] Uit die antwoorde wat verkry is, is dit moontlik om meegaande tabel te gee.[101]

| Distrik | Dood | Afge= maak | Aantal gesout | Aantal onaan= getas | Totaal voor pes | Per= sen= tasie verliese |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Bethel | 13 550 | | | 10 490 | 24 040 | 56,4 |
| Bloemhof | 13 000 | 200 | 3 000 | | 16 200 | 80,4 |
| Carolina | 7 500 | | 2 100 | 5 000 | 14 600 | 51,4 |
| Christiana | 50 300 | 630 | 12 000 | 1 000 | 63 930 | 79,6 |
| Ermelo | 24 000 | 900 | 6 000 | 10 000 | 40 900 | 58,6 |
| Heidelberg | 27 000 | | | 13 000 | 40 000 | 67,5 |
| Krugersdorp | 9 147 | | 3 485 | 8 221 | 20 853 | 43,9 |
| Lichtenburg | 24 000 | 1 783 | 8 340 | 2 057 | 36 180 | 73,3 |

100. SS.6089/96 Inkomende stukke: TB 16401/97 Circulairete=legram Staatsekretaris - Landdroste, Mynkommissarisse en Vrederegters, 14 Desember 1897, p.27.

101. Hierdie gegewens kom voor in SS.6089/96 Inkomende stukke: Telegramme van verskillende landdroste, myn=kommissarisse en vrederegters, 15 Desember 1897 - 22 April 1898, pp. 28 - 186. Die enigste syfers wat tot dusver gebruik was, is gegrond op R2433/96 wat in SS.6006/96 opgeberg is. Aangesien hierdie staat, wat nie gedateer is nie, skynbaar op 'n vroeë stadium op=gestel is, gee dit geen duidelike beeld van die omvang van die verliese gely nie. Die staat meld die verliese as 921 239 dood of afgemaak. In werklikheid moes dit, volgens die gegewens, 952 739 gewees het; die opsteller het 'n optelfout begaan.

| Distrik | Dood | Afge= maak | Aantal gesout | Aantal onaan= getas | Totaal voor pes | Persen= tasie verliese |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Lydenburg | 7 609 | 1 007 | 4 919 | 16 987 | 30 522 | 35,4 |
| Marthinuswes= selstroom | 60 236 | 9 003 | 9 493 | 50 128 | 128 860 | 53,8 |
| Middelburg | 34 277 | | 6 103 | 22 209 | 62 589 | 53,2 |
| Piet Retief | 12 000 | | 1 500 | 18 000 | 31 500 | 38,1 |
| Potchefstroom | 36 537 | 717 | 9 848 | 20 964 | 68 066 | 52,2 |
| Pretoria | 68 077 | 774 | 12 087 | 27 490 | 108 428 | 63,5 |
| Rustenburg | 101 020 | 3 425 | 20 000 | 32 000 | 156 445 | 66,8 |
| Soutpans= berg | 225 000 | 1 000 | 35 000 | | 261 000 | 86,5 |
| Standerton | 20 000 | 1 000 | 10 000 | 10 000 | 41 000 | 51,2 |
| Utrecht | 10 000 | | 2 000 | | 12 000 | 83,3 |
| Vryheid | 50 000 | | 20 000 | 45 000 | 115 000 | 43,5 |
| Waterberg | 35 000 | 5 000 | 10 000 | | 50,000 | 70,0 |
| Wolmarans= stad | 31 000 | 1 467 | 3 000 | 10 000 | 45,467 | 71,3 |
| Zeerust | 70 000 | 6 000 | 5 000 | 5 500 | 86 500 | 87,8 |
| Barberton | 5 466 | 204 | 5 365 | 1 043 | 12 078 | 49,9 |
| Boksburg | 4 700 | 120 | 3 500 | 300 | 8 620 | 55,9 |
| Johannesburg | 1 834 | 134 | 326 | | 2 294 | 85,8 |
| Klerksdorp | 23 309 | | 4 035 | 130 | 27 474 | 84,9 |
| Ottoshoop | 20 | 10 | 1 | 869 | 900 | 2,2 |
| Pelgrimsrust | 3 600 | 2 | 3 500 | 500 | 7 602 | 47,4 |
| Gebiede onder 'n resident-vrederegter | | | | | | |
| Amsterdam | 2 095 | | 1 008 | 2 781 | 5 884 | 35,6 |
| Haenertsburg | 5 144 | | 925 | 1 538 | 7 607 | 67,6 |
| Leydsdorp | 1 500 | | 200 | | 1 700 | 88,2 |
| Smitsdorp | 51 | | 1 | | | 98,0 |
| Volksrust | 325 | | 65 | 50 | 440 | 73,8 |
| Gebied van die Spe= siale Kommissaris | | | | | | |
| Swaziland | 25 000 | 29 | 3 000 | | 28 029 | 82,1 |
| | 1 002 297 | 33405 | 205801 | 315 257 | 1556 760 | 66,5 |

Voor die runderpes was daar 1 556 760 beeste in die Transvaal. Hiervan is 1 002 297 beeste of 66,5 persent dood of afgemaak. Die getal beeste wat die siekte wel gehad en dit oorleef het, was 205 801 of 13,2 persent, terwyl 315 257 of 20,3 persent nooit deur die siekte aangetas is nie. Ná die pes was daar dus 521 058 beeste in die Transvaal oor. Dit is slegs 33,5 persent van wat daar voor die pes was. As die gemiddelde waarde van 'n bees op £3-0-0 gestel word, beteken dit 'n verlies van £3 006 891.

Wat die nadelige gevolge van die runderpes vererger het, is die feit dat die verliese nie eweredig versprei was nie. Die noordelike en westelike distrikte soos Sout=pansberg, Waterberg, Rustenburg, Zeerust, Lichtenburg, Wolmaransstad, Christiana en Pretoria het baie meer beeste verloor as wat die geval was in die oostelike of suidelike distrikte. Die inwoners van hierdie dis=trikte is derhalwe baie meer deur die runderpes verarm as wat die geval in die res van Transvaal was.

6. Uitvoer en invoer.

Dit is vanselfsprekend dat 'n siekte met die omtvang wat runderpes gehad het, ook die uit- en invoer van Transvaal moes beinvloed.

Net nadat dit in die Transvaal bekend geword het dat

runderpes in Matebeleland heers, het president Kruger op 11 Maart 1896 die invoer van alle beeste, skape, bokke, donkies, muile, perde, wild en huis=diere uit Matebeleland, Masjonaland en Betsjoeana=land verbied.[102] Nadat die belastinggaarder by Hendriksdal, distrik Soutpansberg, berig het dat Bantoes runderpesbesmette vleis oor die Limpopo=rivier die Transvaal binne gebring het, is hierdie verbod ook op vleis, wol, hare, mis, ensovoorts van toepassing gemaak.[103]

Vanweë die voedseltekort wat daar as gevolg van die runderpes in die Transvaal geheers het, was die re=gering ook verplig om die uitvoer van graan te ver=bied.[104] Die verbod wat daar op die vervoer van vee geplaas is, het ook tot 'n vleistekort in Trans=vaal aanleiding gegee. Reeds op 16 Mei 1896 is berig dat Johannesburg vleis vir slegs een dag gehad het. 'n Dringende beroep is op die regering gedoen dat

102. Buitengewone Staatscourant, 11 Maart 1896: Proklamasie Staatspresident, 11 Maart 1896.

103. Ibid.: Proklamasie Staatspresident, 15 April 1896.

104. Ibid.: Proklamasie Staatspresident, 19 Junie 1896.

slagters toegelaat moes word om beeste per trein vanuit die Oranje-Vrystaat in te voer.[105] Op 2 Junie 1896 het die Uitvoerende Raad besluit om onder sekere voorwaardes die invoer van vee uit die Oranje-Vrystaat, die Kaapkolonie en Natal toe te laat. Volgens hierdie besluit moes die beeste net per spoor ingevoer en dan dadelik by Fordsburg geslag word.[106] Hierdie maatreël het daartoe gelei dat die Johannesburgse mark vereers redelik goed voorsien was.[107]

Tog het die verwoestende effek van runderpes tot 'n algemene tekort aan beesvleis gelei. Derhalwe het die "South African Meat and Provision Company" 'n versoek tot die regering gerig om toegelaat te word om bevrore vleis in te voer.[108] Die regering het geen beswaar hierteen gehad nie.[109]

Ook by die goudvelde in Oos-Transvaal is weens die runderpes 'n tekort aan slagvee ondervind. Hierdie tekort is die hoof gebied deur beeste van Madagaskar

105. De Volkstem, 16 Mei 1896.
106. Staatscourant, 22 Julie 1896: Goewermentskennisgewing no. 228, 17 Julie 1896.
107. De Volkstenm 27 Julie 1896.
108. SS.6033/96 Inkomende stukke: R15785/96 Bosman en Dyer - Staatsekretaris, 12 November 1896, p.194.
109. SS.6033/96 Inkomende stukke: TB2858/96 Telegram Staat= sekretaris - Bosman en Dyer, 17 November 1896, p.195.

af in te voer.[110]

Nieteenstaande hierdie voorsorgmaatreëls het daar tog later in 1897 'n groot vleistekort in Johannesburg ontstaan. Vleis het ook baie duur geword.[111]

Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die hele Suid-Afrika op daardie stadium deur runderpes ge= teister was. 'n Tekort moes ontstaan. Na aanleiding hiervan het die Slagtersvereniging van Johannesburg 'n versoek aan die Transvaalse regering gerig om die invoerbelasting op slagvee tydelik af te skaf. In die lig van die steeds stygende vleispryse het die Uitvoerende Raad besluit om die invoerregte op slagvee tydelik op te hef.[112] Die meeste Transvaal= se boere het egter nie by hierdie prysstygings ge= baat nie, want hulle het nie meer beeste gehad om te verkoop nie.

Die invoer van produkte soos botter, eiers, groente en vrugte het gedurende 1896 drasties verhoog in ver=

---

110. SS.6010/96 Inkomende stukke: R13188/97 Telegram myn= kommissaris Pelgrimsrust - Staatsekretaris, 11 Septem= ber 1897, p.123.

111. De Pers, 15 September 1897 (Hoofartikel).

112. De Volkstem, 16 September 1897: Vleesnood.

gelyking met die invoere vir 1895. So byvoorbeeld is gedurende 1895 4 739 914 kg. groente en vrugte ingevoer, teenoor 8 754 355 ingevoer in 1896. Die inspekteur-generaal van invoerregte het hierdie stygings direk aan die invloed van runderpes toegeskryf.[113)]

Die feit dat die Transvaalse boere nie hulle produkte kon bemark nie, moes sekerlik tot die verhoogde invoer meegewerk het. Eiers, groente en vrugte, botter en varke moes ingevoer word. Die groot voedselverskaffingsprogram het ook 'n verhoogde invoer van mielies en kafferkoring tot gevolg gehad.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

113. ZAR.101: Rapporte van den Inspekteur Generaal van Invoerrechten van den Z.A.R. voor het jaren 1893 - 1898: Verslag vir 1896, p.4.

# HOOFSTUK VII

## MAATSKAPLIKE GEVOLGE

'n Nasionale ramp soos die runderpes wat Transvaal getref het, moes ongetwyfeld belangrike maatskaplike gevolge vir die inwoners van Transvaal inhou. Waar die Trans=vaalse boere voor 1896 in 'n redelike mate selfversorgend was, is hulle waarborg vir voortbestaanm naamlik hul beeste, deur die runderpes van hulle weggeneem.
Indien die verliese wat gely is meer eweredig oor die Transvaal versprei was, sou die nadelige gevolge daarvan miskien nie so groot gewees het nie. Tog was die ver=liese wat in die distrikte Soutpansberg, Waterberg, Rustenburg, Marico, Lichtenburg, Wolmaransstad, Bloemhof, Klerksdorp en Pretoria gely is, baie swaarder as wat die geval in die res van Transvaal was. Dit was ook in hierdie distrikte waar die grootste verarming ingetree het.
Die vernaamste maatskaplike gevolg van die runderpes was die verarming van die boerebevolking, in so 'n mate dat 'n groot deel van die Transvaalse inwoners nie meer in staat was om vir hulle self te sorg nie. Hierdie verarming het daartoe gelei dat baie van die boere na dorpe of na Johannesburg getrek het in 'n poging om hulle ekonomiese posisie te verbeter. Die verstedeliking van die Afrikaner is grootliks versnel deur die verliese

wat as gevolg van runderpes gely is.

1. Verarming

J.F.W. Grosskopf merk in sy ekonomiese verslag aan die Carnegiekommissie op dat die verarming van die plattelandse boere in Transvaal omstreeks 1893 begin het. Hierdie proses van verarming is verhaas deur droogtes, sprinkane en veral die runderpes. Veral gedurende 1897 is die invloed van die verarming baie swaar gevoel.[1] Ook A.N. Pelzer noem die run=derpes as een van die vernaamste verarmingsfaktore waaraan die Transvaalse boere onderhewig was.[2] P. Naudé voer runderpes aan as die grootste verarmende faktor. Veral die boere in Wes- en Noord-Transvaal is swaar deur runderpes getref. Oor die algemeen was die dunner bevolkte distrikte in dié gebiede geleë. Dit was juis as gevolg van die dunner bevolk=ing dat die gebiede gedurende die voorafgaande jare as toevlugsoord vir die armer bewoners van die res

1. J.F.W. Grosskopf: Ekohomiese verslag van die Carnegie=kommissie: Die Armblankevraagstuk in S.A., I (Platte=landsverarming en Plaasverlating), p.19.

2. A.N. Pelzer: Die Arm-blanke in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882 en 1899 (Historiese Studies, Jaargang 2, 1941, p.197).

van Transvaal gedien het. Hierdie mense is gevolglik ook swaarder deur natuurrampe soos droogte en sprin= kane getref as wat in die res van Transvaal die ge= val was, terwyl runderpes ook meer slagoffers in hierdie distrikte geëis het.[3]

Die mate van verarming wat deur runderpes teweeg gebring is, word weerspieël in die groeiende aantal aansoeke van hulpbehoewendes om bystand deur die regering. Gedurende die tydperk 1881 tot 1890 is 66 aansoeke om hulp deur die regering van Transvaal ontvang. Gedurende die tydperk 1891 tot 1895 (net voor die uitbreek van runderpes) was daar slegs 40 aansoeke. Ná die verwoestende effek van runderpes gedurende die jare 1896 en 1897 het die getal vir die tydperk 1896 tot 1900 tot 454 gestyg.[4] Daar was altyd teenslae op landbougebied. Tog het droogtes, sprinkane en veesiektes voor 1896 nie dieselfde verarmende invloed gehad en die boere in so 'n mate gedwing om regeringshulp te vra as wat na 1896,

3. P. Naudé: Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858 - 1899, pp. 496 - 498.

4. A.N. Pelzer: Die Arm-blanke in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882 - 1899 (Historiese Stu= dies, Jaargang 2, 1941, p.138).

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

dit wil sê na die runderpes, die geval was nie. By die Transvaalse leiers was daar geen twyfel nie dat runderpes verantwoordelik was vir die armoede wat daar teen die einde van die negentiende eeu onder die plattelandse inwoners van Transvaal ge= heers het. So het A.D.W. Wolmarans, die verteenwoor= diger van die kiesafdeling Pretoria in die Eerste Volksraad, gesê dat veral die inwoners van die wes= telike en noordelike distrikte deur die runderpes geruïneer is.[5)]

Die Transvaalse inwoners self het met die uitbreek van die epidemie besef dat die runderpes hulle totaal kon laat verarm. P.J.D. Jacobs van wyk Bosveld in die distrik Marico skryf op 29 Junie 1896 aan De Volkstem dat runderpes die vooruitgang van die hele distrik aan bande sou lê en die bevolking in hongersnood sou dompel.[6)] Hierdie woorde van hom sou spoedig bewaarheid word. Ook uit die distrik Lichtenburg het 'n korrespondent van De Volkstem die

5. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek: Artikel 857, 28 Julie 1897, p.530.

6. De Volkstem, 28 Julie 1896 (P.J.D. Jacobs - Redakteur).

katastrofiese gevolge van die veeverliese vir die boere voorspel.[7)]

In 'n hoofartikel beweer De Pers dat die toestand van die grootste deel van die armoedige inwoners van Transvaal te wyte was aan rampe op boerderygebied. Hiervan was runderpes een van die belangrikste.[8)] Ook The Star het dieselfde standpunt gehuldig.[9)]

Namate die runderpes oor Transvaal versprei het, het die berigte van armoede, ontbering en selfs hongersnood by die regering begin instroom. Hierdie toestand het met verloop van tyd net verder vererger. Die eerste berigte van ontbering en hongersnood wat ontvang is, was van die transportryers wat op die transportroete na Rhodesië hulle vee en besittings verloor het.[10)] Ook uit die distrik Nylstroom is berig ontvang van die nood van die transportryers.[11)] Hierdie mense het nie weer na hul verliese

---

7. Ibid.: 11 Augustus 1896.

8. De Pers, 18 Oktober 1898: Maatschappelijke Vraagstukken (Hoofartikel).

9. The Star, 18 Januarie 1897.

10. SS.6000/96 Inkomende stukke: R3879/96 J.W. Erasmus - president Kruger, 13 April 1896, p.54.

11. SS.6044/96 Inkomende stukke: R4421/96 Telegram Landdros Nylstroom - Staatsekretaris, 22 April 1896, pp. 61 - 62.

herstel nie en hulle was voortaan in die grootste armoede en ellende gedompel.[12)]

Op 25 April 1896 was **landdros** I.C. Brink van Rusten=burg verplig om namens die geteisterde boere langs die Maricorivier in die Rustenburgse distrik, hulp van die regering te vra. Vanweë die runderpes en voorafgaande droogte, het daar toe reeds hongersnood geheers.[13)]

Op 25 Mei 1896 het armoede reeds in die distrik Marico bestaan.[14)] Op 1 Julie 1896 was die runder=peskommissie van wyk Bosveld, distrik Marico, verplig om hulle noodtoestand aan president Kruger en die Uitvoerende Raad te openbaar. Vanweë die feit dat daar geen kos was nie, het die grootste gebrek en armoede onder die inwoners van die wyk geheers. Indien die regering nie help nie, sou hongersnood intree.[15)]

Ook uit die distrik Waterberg was daar vroeg reeds

12. SS.6002/96 Inkomende stukke: R8785/96 Runderpeskommissie wyk Bosveld - Staatspresident en Uitvoerende Raad, 1 Julie 1896, pp. 81 - 83.

13. SS.6021/96 Inkomende stukke: R4670/96 Telegram Landdros Rustenburg - Staatsekretaris, 25 April 1896, p.30.

14. SS.6000/96 Inkomende stukke: R6493/96 J.W. Erasmus - Staatsekretaris, 25 Mei 1896, pp. 85 - 87.

15. SS.6002/96 Inkomende stukke: R8785/96 Runderpeskommissie wyk Bosveld - Staatspresident en Uitvoerende Raad, 1 Julie 1896, pp. 81 - 83.

klagtes oor die nypende voedseltekort. Op 6 Junie 1896 het die resident-vrederegter van Potgietersrus aan die staatsekretaris getelegrafeer dat sommige van die inwoners van sy wyk reeds 'n week sonder kos was.[16] Op 11 Junie 1896 is die erns van die toe= stand beklemtoon deurdat die landdros van Nylstroom daarop gewys het dat die mense op Potgietersrus van ellende vergaan.[17] Ook in die res van die distrik was die toestand kritiek.[18]

Aanduidings van groeiende armoede vanweë die runderpes het ook uit die distrik Soutpansberg gekom. Op 5 Junie 1896 het assistent-veldkornet De Beer aan die staatsekretaris getelegrafeer dat daar op Haenerts= burg 'n groot getal behoeftige mense was wat nie kos gehad het nie.[19] Op 26 Junie 1896 het hy weer getelegrafeer dat die toestand sorgwekkend is en dat die regering dadelik moes ingryp.[20] Ook uit Smits= dorp het tyding gekom van die ellendige toestande

16. SS.6045/96 Inkomende stukke: R7097/96 Telegram resident-vrederegter Potgietersrus - Staatsekretaris, 6 Junie 1896, p.2.

17. SS.6044/96 Inkomende stukke: R7425/96 Telegram landdros Nylstroom - Staatsekretaris, 11 Junie 1896, p.235.

18. UR.13 Besluite 30 Mei 1895 - 4 September 1896: Artikel 546, 1 Julie 1896, pp. 465 - 466.

19. SS.6077/96 Inkomende stukke: R7025/96 Telegram asst. vkt. De Beer - Staatsekretaris, 5 Junie 1896, p.16.

20. SS.6073/96 Inkomende stukke: R8295/96 Telegram asst. vkt. De Beer - Staatsekretaris, 26 Junie 1896, p.184.

waaronder beide wit- en swartmense moes leef.[21]

Op 3 September 1896 het De Pers 'n berig gepubliseer waaruit die sorgwekkende toestand van hongersnood en armoede in die Soutpansbergse distrik duidelik blyk.[22]

Soos die runderpes verder versprei en steeds meer slagoffers geëis het, het die nood en armoede van die Transvaalse plattelandse bewoners ook verder versleg. In die lig van die haglike toestande in die Bosveld-wyk van die Marico-distrik het die Uitvoerende Raad op 14 September 1896 besluit om hierdie wyk van lewensmiddele te voorsien.[23]

Nogtans moes die inwoners van die wyk op 1 November 1896 weer hulp vra, aangesien hulle werklik verarmd was en geen manier gehad het om hul toestand te verbeter nie.[24]

Op 29 Oktober 1896 het 85 inwoners van die Wolma=ransstadse distrik ook by die regering om hulp aan=geklop. Hulle het al hulle beeste deur die runder=

21. SS.6011/96 Inkomende stukke: R10634/96 Sekretaris runderpeskommissie Marabastad - Staatsekretaris, 5 Augustus 1896, pp. 61 - 62.

22. De Pers, 3 September 1896 (Oorgeneem uit die Pieters=burgse "Wachter").

23. UR.14 Besluite 8 September 1896 - 5 Julie 1897: Artikel 796, 14 September 1896, p.9.

24. SS.6001/96 Inkomende stukke: R15969/96 Memorie M.F. Potgieter en 15 ander - Staatspresident, 1 November 1896, pp. 149 - 151.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

pes verloor.[25] Op 10 November 1896 volg 'n tweede memorie uit die distrik deur 20 burgers waarin hulp gevra word vir die behoeftige burgers van die distrik.[26]

Aansoeke om hulp vir behoeftige burgers het by die regering ingestroom. Op 11 November 1896 het <u>De Pers</u> daarop gewys dat dit vir die regering al moei= liker geraak het om in die behoeftes van al die inwoners wat onder die las van hongersnood gebuk gegaan het, te voorsien.[27]

Teen die einde van 1896 was die toestand sorgwekkend. Op 18 Desember 1896 het president Kruger 'n deputasie uit die Soutpansbergse distrik te woord gestaan om te beraadslaag oor regeringshulp aan die geteisterde distrik. Nie net die inboorlinge nie, maar ook blankes, het in die allerhaglikste toestande verkeer.[28] Uit verskillende distrikte is daar memories deur die regering ontvang, bv. Christiana,[29]

---

25. SS.6017/96 Inkomende stukke: R15382/96 Memorie L.J. Dreyer en 84 ander - Staatspresident en Uitvoerende Raad, 29 Oktober 1896, pp. 131 - 133.

26. SS.6017/96 Inkomende stukke: R15740/96 Memorie J.P. Fouché en 19 ander - Staatspresident en Uitvoerende Raad, 10 November 1896, pp. 179 - 182.

27. De Pers, 11 November 1896.

28. Ibid.: 23 Desember 1896: De Zoutpansbergsche Hongersnood (Hoofartikel).

29. SS.6005/96 Inkomende stukke: R161/97 Memorie G. Nelson en 49 ander - Uitvoerende Raad, 2 Desember 1896, pp.6 - 8.

Bloemhof,[30] Marico[31] en Rustenburg.[32] Al hierdie memories meld runderpes as oorsaak van die heersende armoede. Die toestand is egter vererger deurdat daar as gevolg van droogte en sprinkane geen oes was nie. Op 19 Januarie 1897 het die Standard and Digger's News daarop gewys dat die Rustenburgse distrik gevaar geloop het om vanweë die runderpes een van die armste distrikte van Transvaal te word.[33]

In die distrikte waar saaiboerdery op groot skaal beoefen is, het dit nie so moeilik gegaan nie. Alhoewel die verlies van hul beeste ook 'n terugslag vir die mense van Potchefstroom beteken het, het daar in die distrik tog geen armoede geheers nie.[34] Ook in die distrik Lydenburg was die oeste belowend. Alhoewel die inwoners van die distrik swaar gekry het, kon hulle nogtans op eie stoom die mas

---

30. SS.6006/96 Inkomende stukke: R17722/96 Memorie J.A. van Niekerk en 26 ander - Staatspresident en Uitvoerende Raad, 8 Desember 1896, pp. 162 - 165; R17775/96 Memorie P.J. Oberholzer en 126 ander - Staatspresident en Uitvoerende Raad, 18 Desember 1896 ontvang, pp. 153 - 155.

31. SS.6002/96 Inkomende stukke: R806/97 Memorie P.D. Swart en 78 ander - Staatspresident en Uitvoerende Raad, 11 Januarie 1897, pp. 66 - 69.

32. SS.6022/96 Inkomende stukke: R706/97 Memorie P.J.C. Grobler en 260 ander - Staatspresident en Uitvoerende Raad, 18 Januarie 1897, pp. 63 - 77.

33. Standard and Digger's News, 19 Januarie 1897.

34. De Potchefstroomer, 24 September 1896: Zware Tijden (Hoofartikel).

opkom.[35] Daar het ook geen werklike nood in die oostelike en suidelike distrikte geheers nie, want geen noemenswaardige hulp vir blankes is daarvandaan aangevra nie. Daar was wel gevalle waar die Bantoes gehelp moes word.

Gedurende 1897 het die toestande algaande in die westelike en noordelike distrikte versleg. Op 15 Februarie 1897 is 'n lang bespreking in die Eerste Volksraad oor hierdie aangeleentheid en moontlike regeringshulp gevoer. Verskeie lede het die erns van die toestand beklemtoon.[36] Op 17 Mei 1897 het die Eerste Volksraad besluit om deur middel van werk=verskaffing hulp aan die verarmde bevolking te verleen.[37] Op 18 Mei 1897 is hierdie saak verder bespreek. Uit die bespreking blyk dit dat die dis=trikte Soutpansberg, Waterberg, Rustenburg en Pre=toria, benewens die teistering deur runderpes, ook swaar gebuk gegaan het onder die invloed van malaria.

35. SS.6009/96 Inkomende stukke: R15861/96 Telegram Landdros Lydenburg - Staatsekretaris, 12 November 1896, p.48.

36. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek: Artikel 305, 15 Februarie 1897, pp. 39 - 41.

37. Ibid.: Artikel 110, 17 Mei 1897, p.168.

'n Kommissie van ondersoek is ingestel om die toestand van die noodlydendes te ondersoek en aanbevelings aan die regering te maak.[38])

Uit die hoofartikel van die Standard and Digger's News van 2 Junie 1897 blyk die haglike toestande van die inwoners van die bosveldstreke van die distrikte Rustenburg en Pretoria duidelik. Plaag en hongersnood het 'n onbetwiste botoon in hierdie distrikte gevoer. Die gevolge van droogte, sprinkane en runderpes is vererger deur die heersende malaria-epidemie. Die sterftesyfer onder blankes en nie-blankes was reeds baie hoog. By Pilanesberg in die distrik Rustenburg het baie mense siek op sakke gelê omdat hulle niks anders besit het nie. Daar was geen dokter nie en die inwoners was te arm om mekaar te help. Dominee J. van Belkum, wat alle plase vanaf Lindleyspoort tot by die Seylonsrivier besoek het, het gesê dat in die wyk Elandsrivier alleen daar alreeds 100 blankes aan malaria

38. Ibid.: Artikel 119, 18 Mei 1897, pp. 170 - 172.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

en ontbering beswyk het.[39]

Uit 'n ander artikel in dieselfde koerant blyk dit dat hierdie ernstige toestande ook in die laeveldstreke van Middelburg en in die distrik Waterberg geheers het. Die koerant het 'n beroep op sy lesers, veral op die inwoners van Johannesburg, gedoen om geld by te dra ten einde hulp aan die noodlydendes te ver=skaf.[40]

Op 7 Julie 1897 het die kommissie van ondersoek wat op 18 Mei 1897 gekies is om die toestand te onder=soek, die betreurenswaardige toestande in die noorde=like en westelike distrikte in die Eerste Volksraad beklemtoon. Petisies deur altesaam 468 persone uit die distrikte Marico, Bloemhof, Lichtenburg en Water=berg onderteken is aan die kommissie gerig. Al hier=die petisies het hulp van die regering gevra omdat die boere hul beeste vanweë die runderpes verloor het. Geeneen van die petisionarisse het 'n ander

39. Standard and Digger's News, 2 Junie 1897: The Reign of Death (Hoofartikel).

40. Ibid.: Disease and Death.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

rede vir hul armoede aangevoer nie. Die kommissie het aanbeveel dat die regering 'n bedrag van £200 000 moes daarstel om lenings aan die verarmdes toe te staan. Uit die bespreking wat gevolg het, het dit geblyk dat in die distrikte Soutpansberg en Rustenburg die toestande net so haglik was.[41)]

Op 13 Julie 1897 het landdros J.N. de Beer van Zeerust die ellendige toestand waaronder die inwoners van die distrik verkeer het, in 'n brief aan De Volkstem geskets. Volgens hom is die grootste deel van die inwoners van die distrik in die grootste armoede gedompel.[42)]

Op 19 Julie 1897 is van Rustenburg af berig dat die toestande in dié "tuindistrik" van die Transvaal uiters haglik is. Daar was geen werk of geld nie.[43)]

Landdros I.C. Brink van Rustenburg het beweer dat dit jare sou duur voordat die distrik weer herstel.[44)]

Op 15 September 1897 het die Eerste Volksraad op

---

41. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek: Artikels 511 - 527, 7 Julie 1897, pp. 369 - 380.

42. De Volkstem, 5 Oktober 1897 (Landdros J.N. de Beer - Redakteur).

43. Ibid.: 22 Julie 1897.

44. Ibid.: 5 Oktober 1897 (Landdros I.C. Brink - Redakteur).

aanbeveling van die kommissie van ondersoek na noodlydendes besluit om 'n fonds van £150 000 in die lewe te roep om aan die verarmde burgers geldelike hulp te verskaf. Hierdie fonds sou as die Armburgerfonds bekend staan en slegs burgers wat spesifiek deur die runderpes verarm is, kon geld van die fonds leen.[45)]

Dat hierdie geld egter nie naastenby genoeg was om al die behoeftiges te help nie, blyk uit 'n bespreking op 23 September 1898 in die Eerste Volksraad. Die lid vir Lichtenburg, J.H. de la Rey, het opgemerk dat nie naastenby alle hulpbehoewendes gehelp is nie, Ook A.D.W. Wolmarans, die lid vir Pretoria, het gesê dat daar talle burgers is wat in groot armoede leef maar wat geen hulp van die staat verkry het nie.[46)]

Op 20 September 1897 is die kwessie van die armblankes weer eens in die Eerste Volksraad bespreek. J.H. de la Rey het daarop gewys dat sterfgevalle vanweë die heersende voedseltekorte in die distrik

---

45. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek: Artikel 1189, 15 September 1897, pp. 651.

46. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek: Artikel 1266, 23 September 1898, pp. 871 - 872.

Lichtenburg voorgekom het. Vrouens en kinders het te voet na die dorp gekom op soek na kos.[47]
Die regering het dus baie gedoen om die armes tege=moet te kom. Nie alleen is die £150 000 aan arm boere uitbetaal nie, maar ook is donkies, muile, mielies, en meel aan die noodlydendes teen billike pryse voorsien. Nogtans was dit nie genoeg om so 'n groot deel van die bevolking van armoede te red en op 'n gesonde ekonomiese grondslag te plaas nie. Die toestand van armoede het gevolglik in 1898 voort=geduur. Op 23 September 1898 is weereens twee memo=ries waarin hulp gevra word in die Eerste Volksraad bespreek. Die eerste memorie het uit die distrik Lichtenburg gekom en is deur 204 burgers onderteken. Die ander memorie, deur 65 burgers onderteken, is uit die distrik Bloemhof afkomstig. In albei memo=ries word die regering gevra om aan hulle geld te leen teen 'n rentekoers van 3% sodat vee aangekoop

47. Ibid.: Artikel 1278, 30 September 1897, p.676.

kon word. Die gevoel onder die lede van die Raad was egter dat die regering reeds genoeg verliese gely het deur hulp aan die armblankes. Grond vir besproeiing moes liefs beskikbaar gestel word.[48] Op 18 Oktober 1898 het De Pers in 'n hoofartikel die aandag daarop gevestig dat daar nog 'n baie groot getal armblankes in die Transvaal is. Dit was egter 'n verskynsel wat van Tafelbaai tot by die Sambezi gestrek het. Daar was drie soorte armblankes: eerstens die groep wat deur eie toedoen, deur luiheid, niks besit het nie; tweedens die groep wat vanweë die ekonomiese resessie hulle winkels, sake-ondernemings of kapitaal verloor het; 'n derde groep was die boere wat deur teenslae soos runderpes en droogte hul besittings verloor het en geen ekonomiese vooruitsigte meer gehad het nie. Hierdie laaste groep, het die koerant aangevoer, moes gehelp word, maar nie deur net te gee nie. Die staat moes grond,

48. Ibid.: Artikels 1266 - 1267, 23 September 1898, pp. 871 - 875.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

saad en gereedskap teen 'n spesifieke rentekoers aan hierdie mense beskikbaar stel. Dit kon diegene wat wou, in staat stel om weer op die been te kom.[49)]

Die laaste bespreking wat gedurende die volksraad=sitting van 1898 oor die armblankevraagstuk gevoer is, het op 7 November 1898 plaasgevind na aanleiding van 'n memorie uit die distrik Marico. In hierdie memorie het 230 petisionarisse hulp in die vorm van werkverskaffing deur die bou van 'n pad deur die staat gevra. Die lid vir die kiesafdeling, D.J. Louw, het op die uiters ellendige toestande in die distrik gewys. J.H. de la Rey het weer eens op die armoedige toestande in die distrik Lichtenburg gewys.[50)]

Die mate van verarming wat daar net voor die uit=breek van die Tweede Vryheidsoorlog in Transvaal bestaan het, word ook weerspieël in die mate van staatshulp wat die regering verplig was om aan die behoeftige burgers se skoolgaande kinders te gee.

49. De Pers, 18 Oktober 1898: Maatschappelijke Vraagstukken (Hoofartikel).

50. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek: Artikel 1577, 7 November 1898, pp. 1049 - 1052.

In 1898 was daar in Transvaal uit 'n totaal van 14 702 blanke leerlinge 5 178 (35%) wat as kinders van be= hoeftige burgers staatsondersteuning ter waarde van £40 676 ontvang het.[51)]

Die probleem was dus nog geensins opgelos nie. In baie dele van Transvaal was daar nog steeds baie blankes wat onder die broodlyn geleef het. Gedurende 1899 was die aandag van die hele Transvaal op die komende oorlog met Brittanje toegespits. Die gevolg was dat daar weinig aandag aan hierdie probleem gegee is.

'n Groot deel van die Transvaalse bevolking was dus met die uitbreek van die oorlog reeds verarm. Die Tweede Vryheidsoorlog (1899 - 1902) sou sy deel bydra om hierdie mense verder te verarm.

2. Verstedeliking.

Die mate van verarming wat daar as gevolg van runder=

---

51. E.G. Malherbe: Opvoedkundige verslag van die Carnegie-kommissie: Die Armblankevraagstuk in Suid-Afrika, III (Onderwys en die Armblanke), p.45.

pes in Transvaal ingetree het, het dus baie van die plattelandse bewoners hulpbehoewend gelaat. Sonder grond, kapitaal of beeste was daar vir hulle net een uitkoms - hulle moes elders gaan werk om 'n bestaan te maak. Die werkgeleenthede is by uitstek vir hulle in Johannesburg gebied, asook in ander dorpe soos Pretoria. Die verarming wat daar as gevolg van runderpes en ander faktore ingetree het, het dus tot 'n proses van verstedeliking aanleiding gegee.[52) De Volkstem het op 24 Augustus 1897 in 'n hoofartikel daarop gewys dat baie van die boere uit die platte= landse distrikte, wat deur die runderpes verarm is, netsoos buitelanders na die Goudstad gestroom het met die doel om daar 'n bestaan te probeer maak. Hulle het hulle nie aan die waarskuwings gesteur om Johannesburg te vermy nie. Eenmaal in Johannesburg, het hulle deel van die duisende werkloses geword.[53) Die feit dat die verarming as gevolg van die runder=

---

52. G.A. Leyds: A. History of Johannesburg: The Early Years, p.35.

53. De Volkstem, 24 Augustus 1897: Werkeloosheid in De "Goudstad" (Hoofartikel).

pes tot 'n verstedeliking van die boere meegewerk het, word ook weerspieël in die ervarings van A. Dieperink, lid van die kiesafdeling Johannesburg in die Eerste Volksraad. Hy het met baie van die groot getal werkloses in Johannesburg gesels. Alhoewel hulle uit verskillende distrikte afkomstig was, het die meeste van die burgers uit die Marico-distrik gekom. In 'n poging om hierdie mense te help, het hy in sy kantoor 'n werkverskaffingsburo laat inrig om werk vir die honderde werkloses te soek. Gedurende Okto=ber 1897 is daar aan 570 werk verskaf, terwyl nog 600 hulle aangemeld het vir werk maar nog nie gekry het nie.[54)]

Uit 'n bespreking wat op 3 Oktober 1897 in die Eerste Volksraad gevoer is, blyk dit ook duidelik dat sedert die aanvang van die runderpes steeds meer en meer boere na die dorpe getrek het om 'n heenkome te vind.[55)] 'n Groot getal van die armes het in Pretoria te lande

54. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek: Artikel 1088, 9 September 1897, p.624.

55. Ibid.: Artikel 1369, 3 Oktober 1897, pp. 737 - 739.

gekom.[56] Reeds aan die begin van 1897 is daar aan behoeftige burgers of weduwees van burgers stukkies grond in Pretoria verhuur. Die doel daarmee was om aan burgers wat geen grond of vee besit het nie, 'n heenkome te bied. Hierdie grond was geleë tussen Vermeulenstraat en Bloedstraat, ten ooste van presi= dent Kruger se huis. Dit is in erwe verdeel en teen 12/- per jaar verhuur. Die landdros van Pretoria het die huurders deur loting aangewys.[57]

Ook in Johannesburg het die armes 'n spesifieke woonbuurt gehad, naamlik Vrededorp wat reeds in 1892 aangelê was. Alhoewel dit aanvanklik as 'n lokasie vir Maleiers bedoel is, was dit later tog grotendeels Afrikaanssprekendes wat hier gebly het.[58] 'n Deur= mekaarblyery het noodwendig hieruit voortgevloei. In 1896 het die regering weer eens standplase van 15 meter by 15 meter beskikbaar gestel. Hierdie standplase is teen 2/6 per maand aan die armes ver= huur.[59] Ook op die res van die Witwatersrand

56. A.N. Pelzer: Die Armblanke in die Suid-Afrikaanse Repu= bliek tussen die jare 1882 en 1899 (Historiese Studies, Jaargang 2, 1941, p.180).

57. De Volkstem, 15 Januarie 1897 (Hoofartikel).

58. G.A. Leyds: A History of Johannesburg: The Early Years, p.162.

59. A.N. Pelzer: Die Armblanke in die Suid-Afrikaanse Repu= bliek tussen die jare 1882 en 1899 (Historiese Studies, Jaargang 2, 1941 ,pp. 187 - 189).

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

het die regering so grond aan die armes beskikbaar gestel.[60)]

Teen die einde van 1897 was die Eerste Volksraad egter nie meer geneë om deur grondtoekenning in Pretoria en Johannesburg die verstedeliking van die verarmde boerebevolking aan te help nie, vanweë die werkloosheid wat daar geheers het. Op 9 September 1897 het A. Dieperink die Eerste Volksraad meegedeel dat daar in daardie stadium 4 000 werklose blankes[61)] uit 'n totaal van 51 225 blankes in Johannesburg was.[62)]

Uit die aard van die saak was dit Afrikaanssprekendes wat 'n groot deel van hierdie werkloses uitgemaak het en die meeste as gevolg van die toestand moes ly. De Volkstem het die hoofonderwyser van die Publieke Goewermentskool te Fordsburg, die heer Van der Woude, aangehaal betreffende die swak toestande waaronder hierdie mense hulle in Johannesburg bevind het. Volgens hierdie amptenaar was die toestand haglik.[63)]

60. De Volkstem, 15 Januarie 1897 (Hoofartikel).

61. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek: Arti= kel 1088, 9 September 1897, p.624.

62. A.N. Pelzer: Die Armblanke in die Suid-Afrikaanse Repu= bliek tussen die jare 1882 en 1899 (Historiese Studies, Jaargang 2, 1941, p.184).

63. De Volkstem, 24 Augustus 1897: Werkeloosheid in De "Goudstad" (Hoofartikel).

Hierdie toestand is te verstane as in gedagte gehou word dat die boere geen spesifieke kwalifikasies of opleiding gehad het waarmee hulle hul in die stad kon handhaaf nie. Hulle het geen spesifieke ambag goed geken nie.[64)] In 'n samelewing waarin veral die Engelssprekende die toon aangegee het, moes die Afrikaner poog om homself te handhaaf.[65)] Hierdie boere met min geleerdheid is nou skielik in die volksvreemde, groot stad ingedwing deur die runderpes. Die Eerste Volksraad het dan ook die gevaar hiervan terdeë besef. Nie net in Johannesburg nie, maar ook in Pretoria het die nuwe invloede demoraliserend op die verstedelikte boere ingewerk. Waar die Volksraad dus aan die begin van 1897 nog in Pretoria grond aan die armes toegeken het, was hulle op 3 Oktober 1897 nie meer bereid om dit te doen nie. A.D.W. Wolmarans het die aandag op die sedelike verval van die verstedelikte, arm burgers

64. A. Coetzee: Die Opkoms van die Afrikaanse Kultuurgedagte aan die Rand, p.40.

65. J.F.W. Grosskopf: Ekonomiese Verslag van die Carnegie-kommissie: Die Armblankevraagstuk in Suid-Afrika, I (Plattelandsverarming en Plaasverlating, p.13).

gevestig. J.P. Meijer het ook daarop gewys dat die getal verwaarloosde kinders van Afrikanerouers jaar na jaar toegeneem het.[66] Om hierdie rede het die Eerste Volksraad besluit om aan die regering op te dra om liefs regeringsplase op die platteland in landbouhoewes te verdeel, dit van water te voorsien en dan aan die arm burgers beskikbaar te stel.[67] Ook De Volksstem het daarteen gewaarsku om die ver=armde burgers na die dorpe en stede te laat kom. Die koerant het daarop gewysdat die burgers gewoond was aan die afgesonderde plaas en dus moeilik by die lewe in die dorpe of stad wat soveel nuwe be=hoeftes en eienaardighede meegebring het, sou aanpas. Hulle sou ook moeiliker in hulle eie onderhoud kon voorsien aangesien die lewenstandaard in Pretoria en Johannesburg soveel hoër was as op die platte=land.[68]

Desnieteenstaande het die toestroming van die

---

66. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek: Artikel 1369, 3 Oktober 1897, pp. 737 - 738.

67. Ibid.: p.738.

68. De Volkstem, 15 Januarie 1897 (Hoofartikel).

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

verarmde burgers na die dorpe steeds voortgeduur. Op 15 November 1898 het die Eerste Volksraad memories uit verskillende distrikte bespreek waarin arm burgers erwe in die dorpe gevra het. Uit die distrik Middelburg was daar 'n memorie deur 77 burgers onderteken. Elkeen van hulle het 'n erf op Middel=burg gevra. Uit die distrik Potchefstroom was daar 'n memorie wat deur 232 burgers onderteken is. Hulle het versoek dat 'n stuk dorpsgrond by Potchef=stroom in erwe van twee tot vier morge verdeel moes word en dan vir 'n tydperk van 21 tot 25 jaar aan arm burgers verhuur moes word. Ook uit die distrik Klerksdorp was daar 'n memorie wat deur 60 burgers onderteken is en wat grond in die nabyheid van 'n dorp vir arm burgers gevra het. Al hierdie versoeke is verwerp omdat die Volksraad reeds op 3 Oktober 1897 besluit het om nie meer grond by dorpe aan arm burgers beskikbaar te stel nie.[69]

69. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek: Artikel 1688, 15 November 1898, pp. 1123 - 1126.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Tog het die trek na Johannesburg nog steeds voortge= duur. J.F. de Beer, die lid vir Bloemhof in die Eerste Volksraad, het daarop gewys dat steeds meer en meer burgers hulle in die Goudstad bevind het. Hy het ook die mening uitgespreek dat dit beter was om die arm mense van die stad weg te hou. A.D.W. Wol= marans het daaraan toegevoeg dat nie net in Jo= hannesburg nie, maar ook in Pretoria en ander dorpe diegene wat deur omstandighede daarheen gedwing is, "de zeden en gewoonten van het Afrikaansche geschlacht geheel en al verliezen."[70)]

Die runderpes was dus verantwoordelik vir die toestand van armoede waarin baie van die Transvaalse boere hulself bevind het. Hierdie verarming van die Transvaalse inwoners het weer tot 'n proses van ver= stedeliking aanleiding gegee.

70. Ibid.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

## BRONNELYS

### I. Literatuur


BOSMAN, G.C.R.: The Industrialization of South Africa. Rotterdam, 1938.

COETZEE, Abel: Die Opkoms van die Afrikaanse Kultuurgedagte aan die Rand Johan= nesburg (voorw. 1938).

COETZEE, D.J.: Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek (1872 - 1899) (Met spesiale verwysing na die botsing tussen die onafhanklik= heidstrewe van die Boere en die Britse Imperiale belange). Kaapstad, 1940.

COETZEE, J.H.: Verarming en Oorheersing. Bloem= fontein (ens.), 1942 (Die Tweede Trek-Reeks, XXII).

DE KOCK, M.H.: The Economic Development of South Africa. Londen, 1936.

GROSSKOPF, J.F.W.: Ekonomiese verslag van die Carne= giekommissie: Die Armblankevraag= stuk in Suid-Afrika, I (Platte= landsverarming en Plaasverlating). Stellenbosch, 1932.

HENNING, M.W.: Animal Diseases in South Africa (Being an Account of the Infectious Diseases of Domestic Animals). Derde druk. Central News Agency, Limited, 1956.

HENNING, M.W.: Animal Diseases in South Africa, II (Virus and Deficiency Diseases, Plant Poisons). Central News Agency, Limited, 1932.

LEYDS, G.A.: A History of Johannesburg: The Early Years. Kaapstad, 1964.

LOCKHART, J.G. en C.M. WOODHOUSE: Rhodes. Tweede druk. Londen, 1963.

LUGARD, F.D.: The rise of our East African Empire (Early Efforts in Nyassaland and Uganda), I. Londen, 1893.

MALHERBE, E.G.: Opvoedkundige verslag van die Carnegie-kommissie: Die Arm= blankevraagstuk in Suid-Afrika, III (Onderwys en die Armblanke). Stellenbosch, 1932.

NAUDé, Petrus: Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858 - 1899 (Ongepu= bliseerde D. Litt.-proefskrif, UNISA, 1954).

PAUW, S.: Die Beroepsarbeid van die Afri= kaner in die Stad. Stellenbosch, 1946.

SCHUMANN, C.G.W.: Die Ekonomiese Posisie van die Afrikaner. Bloemfontein (ens.), 1940 (Die Tweede Trek-Reeks, VI).

STALS, E.L.P.: Die Geskiedenis van die Beesteelt in Suidwes-Afrika tydens die Duitse tydperk, 1884 - 1915. (Ar= giefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1962. Kaapstad, 1963).

SWANEPOEL, Johannes: Landbou-ontwikkeling in Suid-Afrika, 1652 - 1954, met spesi= fieke verwysing na staatsoptrede in hierdie verband (Ongepubliseer= de D.Comm-proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1958).

SYMONDS, F.A.: F.A. The Johannesburg Story. Tweede druk, Londen, 1953.

THEILER, Arnold: De Runderpest, hare Geschiedenis, Verschijnselen, enz. Pretoria, Mei 1896.

THEILER, Gertrud: Arnold Theiler, 1867 - 1936 (His Life and Times) (Publikasies van die Universiteit van Pretoria. Nuwe Reeks nr. 61, 1971).

VAN WYK, S.: Die Afrikaner in die Beroepslewe van die Stad. Pretoria en Kaap=stad, 1968.

## II. Letterkundige Bronne.

BLINK, H.: De Zuid-Afrikaansche Republiek en hare Bewoners. Amsterdam, 1890.

SELOUS, F.C.: Sunshine and Storm in Rhodesia (being a narrative of events in Matebeleland. Londen, 1896.

## III. Periodieke Publikasies.

### (a) Koerante.

DE PERS, 1896 - 1899.

THE PRESS, 1896 - 1899.

DE POTCHEFSTROOMER, 1896 - 1898.

STANDARD AND DIGGER'S NEWS, 1896 - 1899.

THE STAR, 1896 - 1899, 21 Maart 1967.

DE VOLKSTEM, 1896 - 1899.

### (b) Tydskrifte.

THE AGRICULTURAL JOURNAL, Vol. 5 (1892), Vol. 9 - 12 (Januarie 1896 - Junie 1898).

THE AGRICULTURAL JOURNAL AND MINING RECORD, Vol. 1 en 2 (Maart 1898 - Maart 1900).

HISTORIESE STUDIES, Jg.2, nrs. 3 en 4, 1941.

JOURNAL OF THE S.A. VETERINARY MEDICAL ASSOCIATION, Vol. 7 (Maart 1936).

LANDBOUW JOURNAAL, Vol. 9, (Januarie - Junie 1898).

PRETORIANA, nr. 21 (Oktober 1956), nr. 23 (April 1957) en nr. 28 (Desember 1958).

SCHWEIZER-ARCHIV FÜR TIERHEILKUNDE, Vol. 39 en 40 (Januarie 1897 - Desember 1898).

THE VETERINARY JOURNAL AND ANNALS OF COMPARA= TIVE PATHOLOGY, Vol. 5, (Januarie - April 1898).

IV. Regeringspublikasies.

(a) Kaapkolonie.

C.8141 - 96 Correspondence Relating to the Outbreak of Rinderpest in South Africa in March 1896.

G.82 - 96 Rinderpest Conference held at Vryburg, August 1896.

(b) Transvaal.

NOTULEN DER VERRICHTINGEN VAN DEN HOOG-EDEL ACHTBAREN EERSTEN VOLKSRAAD DER ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK, 1896 - 1899.

NOTULEN DER VERRICHTINGEN VAN DEN HOOG-EDEL ACHTBAREN TWEEDEN VOLKSRAAD DER ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK, 1896 - 1897.

STAATSCOURANT DER Z.A. REPUBLIEK, 11 Maart 1896 - 17 November 1897.

UR. 13 - 16, Besluite, 30 Mei 1895 - 7 November 1898.

ZAR. 101 Rapporte van den Inspekteur Generaal van Invoerrechten van den Z.A.R. voor het jaren 1893 - 1898.

ZAR.102 Verslag van den Commissie van Beheer van het Amortisatiefonds over het jaren beginende 11 Juli 1893 tot en met 31 December 1898.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

ZAR.134 Verslag van den Hoofd-Commissaris van Politie en wd. Inspekteur van Gevangenissen over die jaren 1881 - 1900.

ZAR.150 Suid-Afrikaanse Republiek Sensusrapporte 1890 - 1899.

ZAR. 168 Korrespondensie ens. ivm. runderpes.

V. Argivale bronne.

Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria.

1. Argief van die Ouditeur-Generaal van die S.A.R. (AG.).

321 Register vir Spesifikasie van Uitgawe 1895 - 1898.

2. Argief van die Staatsekretaris van die S.A.R.(SS).

6000/96 - 6110/96, 6388/96 - 6393/96 Inkomende stukke 1896 - 1898.

3. Argief van die Tesourier-Generaal van die S.A.R.(TG.).

1257 Applikasieregister van Armeburgerfonds, 1897 - 1899.

4. Argief Klerksdorp delwerye.

159 Runderpeskommissie, 1896 - 1898.

5. Argief van die Ned. Geref. Kerk, Pretoria.

Notule Nederduits Hervormde of Gereformeerde Gemeente Pretoria, 1892 - 1896. (1 Band).

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG